
HOOFTUK 4

Hun taalgebruik word getoetst aan effektiviteit, hier niet te verstaan als: 'nauwkeurigheid in het zich-uitdrukken', maar als: 'zo te planeren dat men bij zijn toehoorders precies dat effekt oproept, hetwelk men met zijn taalhandeling bedoelde.

Jacob L. Mey (1989)

SEMANTIESE HERHALING OP STUK- EN SINSVLAK

	Bladsy
4.1	INLEIDING 241
4.2	HERHALING OP STUK- EN SINSVLAK 259
4.2.1	<u>Semantiese herhaling binne die NS</u> 260
4.2.1.1	Adjektief + adjektief 260
4.2.1.2	Adjektief + selfstandige naamwoord 265
4.2.1.3	Nabepalers 269
	(1) NS1 + NS2-konstruksies 269
	(2) betreklike konstruksies 278
4.2.1.4	NS-konjunksies 280
4.2.1.5	Genusonderskeiding 282
4.2.2	<u>Semantiese herhaling binne die WS</u> 292
4.2.2.1	S.nw. in NS = hoofwerkwoord in WS 292
4.2.2.2	Idiomatiese woordpare 294
4.2.2.3	Kopulakonstruksies 313
4.2.2.4	Setselherhaling 316
	(1) Lokatiefkonstruksies 316
	(2) Optrede van <u>vir</u> 324
	(3) <u>wat</u> + setselredundansie 333
4.2.2.5	Bepalings 336
4.2.3	<u>Ontkenning</u> 339
4.2.4	<u>Clause A = Clause B</u> 343
4.3	SAMEVATTING 346

4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die werking van semantiese herhaling op woordvlak noukeurig ondersoek. In die onderhawige hoofstuk word aandag gegee aan die groot hoeveelheid gevalle van semantiese herhaling wat voorkom op stuk- en sinsvlak en wat voorbeelde soos die volgende insluit:

- [4-1a] (B + A)
 Hy het sy *betoog ten slotte* afgesluit.
 (A $\supset$ B, B weglaatbaar)
 A: *afgesluit* - werkwoord
 B: *ten slotte* - bepaling van tyd

Uit hierdie voorbeeld blyk dat die werkwoord (in dié geval 'n deeltjiewerkwoord) die kernelement in hierdie SH-konstruksie is, terwyl die bepaling as ondergeskikte en weglaatbare element funksioneer.

- [4-1b] (A/B = A/B)
 Hy *lag agteraf in sy vuus* vir ons.
 (A = B, B = A, enigeen weglaatbaar)
 A: *lag in sy vuus* - idiomatiese uitdrukking
 B: *lag agteraf* - parafrasering van uitdrukking

Daar vind kontaminasie plaas van die idiomatiese uitdrukking *lag in sy vuus* (wat beteken "met leedvermaak, agteraf lag") en *hy lag agteraf vir X* (wat beteken "stilletjies, in die geheim lag"). In hierdie geval staan die twee kontaminante op dieselfde semantiese vlak; die kontaminasie dra by ter versterking van 'n bepaalde negatiewe semantiese aspek, naamlik dit wat gemeenskaplik is aan die idiomatiese uitdrukking en sy parafrasering. Die negatiewe semantiese somtotaal van hierdie handeling kom dus op die volgende neer:

- | | |
|-----------------------|-------------------------------|
| <i>in sy vuus lag</i> | 1. met <i>leedvermaak</i> lag |
| | 2. <i>agteraf</i> lag |
| | 2.1 <i>stilletjies</i> lag |
| | 2.2 <i>in die geheim</i> lag |

en wat soos volg uiteengesit kan word:

- | | |
|---------------------|---|
| [+negatief] | |
| met leedvermaak lag | |
| agteraf lag | } |
| stilletjies lag | |
| in die geheim lag | |

- [4-1c] (A + B)
 Hoe lyk *die toekoms vorentoe*?
 (A $\supset$ B, B weglaatbaar)
 A: *die toekoms* - NS, s.nw.
 B: *vorentoe* - bepaling van tyd

Hierdie voorbeeld is 'n kontaminasie van vermoedelik die NSe

Hoe lyk die toekoms +
 Hoe lyk die pad vorentoe

Die NS die toekoms is die kernstruktuur; vorentoe as bepaling van tyd kan in hierdie semantiese konteks nie alleen optree nie.

- [4-1d] (A/B = A/B)
 Die *plaaslike boere van die omgewing* het so besluit.
 (A = B, B = A, enigeen weglaatbaar)
 A: *plaaslike* - adjektief
 B: *van die omgewing* - bepaling

In hierdie voorbeeld kontamineer die volgende:

die *plaaslike* boere +
 die boere *van die omgewing*

waar plaaslik beteken "van, in, betreffende 'n bepaalde plek" en omgewing beteken 'streek, buurt, nabyheid'. Die betekenissooreenkoms lê dus in die semantiese kenmerke [+lokaliteit], [+dieselfde]. In die geval is enigeen van hierdie sinoniemgroepe weglaatbaar.

- [4-1e] (A/B = A/B)
 Ons *hele klomp* was *almal* daar.
 (A = B, B = A, enigeen weglaatbaar)
 A: *ons hele klomp* - NS, onbep. tw.
 B: almal - NS, v.nw.

In hierdie voorbeeld kontamineer die volgende:

onbepaald telaksie
 {
 ons hele klomp (was daar)
 ons almal (was daar)
 }
 onbepaald vnw.

waar die gemeenskaplike semantiese kenmerk dié van [totaliteit] (soos in almal en hele (klomp)) is.

- [4-1f] (B + A)
 So sal ons die *historiese geskiedenis* van die Posberg
 kan behou.
 (A $\supset$ B, B weglaatbaar)
 A: *geskiedenis* - s.nw.
 B: *historiese* - adj.

Binne die NS bestaan daar sinonimie tussen die adjektief en sy s.nw. Die kombinasie Romaans (soos in *histories*) en Germaans (soos in *geskiedenis*) is 'n gebruikelike en aanvaarbare SH-kombinasie. Die 'ondergeskikte' komponent binne hierdie sintaktiese grammatiese struktuur, naamlik die adjektief *histories* belig moontlik 'n verdere semantiese kenmerk van die s.nw. *geskiedenis*, naamlik dié van [geskiedeniswaardig] ten opsigte van daardie stuk geskiedenis van die Posberg.

Uit voorgaande ontleding blyk die volgende: Anders as in die geval van semantiese herhaling op woordvlak waar diachroniese elemente 'n beduidende rol gespeel het, vind daar op stuk- en sinsvlak meestal kontaminasie plaas tussen semanties isoleerbare sinchroniese elemente. Hierdie soort kontaminasies kom met die eerste ooropval as semanties redundant voor; indien 'n noukeurige betekenisanalise egter gedoen word, blyk dit **dat die spreker met behulp van die kontaminasie van sinonieme elemente bepaalde, vir hóm belangrike, inligting beklemtoon.**

Uit bogaande en verdere voorbeelde is dit duidelik dat SH-elemente die breë sintaktiese spektrum bestryk; daar is byna geen tipe sinstuk nie of semantiese herhaling kom daarin voor. In die lig hiervan word die aandag in hierdie hoofstuk gewy aan daardie sintaktiese kategorieë waarin die voorbeeldmateriaal 'n bepaalde beduidende paradigma opgelewer het.

Vooruitskouing

Vervolgens word 'n aantal algemene aspekte wat geld ten opsigte van die meeste konstruksietipes en wat as relevant beskou kan word, bespreek.

Daar is 'n aantal sintaktiese konstruksies waarin semantiese herhaling in die spreek- en skryftaal voorkom. In hierdie hoofstuk word daar onder andere aandag gegee aan die volgende:

(1) Binne die NS

adjektief + adjektief: *noodsaaklike essensiële ...*

adjektief + selfstandige naamwoord: *historiese geskiedenis*

NS1 + NS2-konstruksie: *'n kohort van 500 soldate*

betreklike konstruksie: *voorbereidings vir die toekoms wat voorlê*

NS-konjunksie: *emosies en gevoelens*

(2) Binne die WS

Idiomatiese woordpare (s.nw. en s.nw., adj. en adj., ww. en ww.) *wik en weeg*

Setselredundansie (setselstukke: selsel(s) + NS)

- * lokatiefkonstruksies: *skep die pap in die bord in*
- * optrede van *vir*: *pas op vir jou!*
- * *wat* + setselredundansie: *waarmee die stoep mee skoongemaak word*

Kopulakonstruksies

- * semanties vormlike identiekheid: *'n mens is 'n mens*
- * semantiese identiekheid: *'n neuroloog is 'n breinspesialis*

Ontkenning

WS + ([neg] + [neg] > [pos])

Ten opsigte van sintaktiese stukke is die volgende belangrike aspekte:

- (1) die relevante konstruksietipes hoort elkeen tot 'n duidelike sinstuktype;
- (2) die semantiek van elke stuk word bepaal deur sowel die sintaksis as die semantiek daarvan (en dan ook die groter konteks van die sin en teks waarvan dit deel is (vergelyk hoofstuk 5));
- (3) woordorde, sintaktiese kategorie van lede en hiërargiese struktuur wat sinstukke as stukke van 'n bepaalde tipe karakteriseer (byvoorbeeld NS + subtypes AS, WS).

Elke woord in 'n sin verkeer in semantiese interaksie met elke ander woord in daardie sin asook met woorde in aangrensende sinne (vergelyk Cruse, 1986: 100 e.v.). Vergelyk ook Carstens (1992: 6) ten opsigte van semantiese kohesie: "Die geaardheid van konstituente om sekere semantiese vereistes aan hulle kollokante te stel (dit wil sê die aanwesigheid van sterk semantiese kohesie tussen die konstituente) is dus nie uniek tot kollokasies beperk nie, maar kom ook in bepaalde tipes vrye verbindings voor" en verder "Semantiese kohesie tussen naasmekaarliggende konstituente in 'n sinstuk blyk dus nie 'n unieke kenmerk van kollokasies te wees nie, maar 'n algemene kenmerk van taal". Die kollokasies wat in hierdie SH-studie ter sprake kom, is leksikale kollokasies wat reeds 'n formuleagtige karakter het en wat as clichés beskou word (vergelyk hoofstuk 2.2.8). Clichés soos spoorloos verdwyn kom neer op neredundante semantiese herhaling. **SH-konstruksies wat op sinsvlak voorkom, toon juis 'n ooraanbod van dieselfde semantiese inligting deur naasmekaarliggende konstituente in 'n sinstuk.** Daar moet probeer bepaal word in watter mate die semantiese herhaling van inligting redundant of akkommodeerbaar is binne 'n bepaalde konteks.

Soos uit die voorgaande voorbeeldontleding geblyk het, bestaan daar in baie kontaminasiegevalle semanties geregtigde motivering vir die gebruik van bepaalde SH-konstruksies. Die sintakties hiërargiese dominansie van bepaalde elemente binne sinstukke val op: die werkwoord domineer die bepaling ([4-1a]); die werkwoord domineer die bepaling ([4.1c]) en die adjektief ([4-1f]); die idiomatiese uitdrukking en sy parafrase staan op dieselfde vlak ([4-1b]); die adjektief (plaaslike) as voorbepaling van die s.nw. (boere) en die nabepaling (van die omgewing) van die s.nw. (boere) staan op dieselfde vlak; die voornaamwoorde (ons hele klomp en ons almal) wat as sinonieme kontaminante optree, is

op dieselfde vlak.

Hieruit word die volgende afgelei:

- (1) die dominante element binne 'n woordgroep is die onweglaatbare, nieredundante element; die ondergeskikte element belig in die meeste gevalle 'n bepaalde semantiese aspek van die dominante element ter wille van semantiese klem, en
- (2) elemente wat binne 'n woordgroep tot dieselfde hiërargiese vlak behoort, stoot mekaar semanties in 'n groter mate af maar kan wel geregverdig word op grond van die aanvaarbaarheid van parafrasering en van semantiese herhaling ter wille van beklemtoning.

Daar bestaan dus soms leksikale onaanvaarbaarheid tussen elemente wat binne 'n vaste grammaties sintaktiese verhouding tot mekaar staan. Hierdie semantiese onaanvaarbaarheid kan egter ook opgehef word deur die vervanging van die betrokke ongewenste elemente. Vergelyk die volgende geval waar daar sprake is van SH-elemente wat tot leksikale register-dissonansie lei:

[4-1g]

Die ou man wat verlede week *die emmer geskop* en
ontslaap het, is vanoggend *te ruste gelê*.

Die volgende SH-elemente word aangetref:

Informele register

Formele register

die emmer skop

ontslaap

Die uitdrukking *te ruste lê* hoort ook by die formele register en sluit aan by *ontslaap*. Die registerverskil lei daartoe dat *ontslaap* behou word ten koste van *die emmer skop* omdat eersgenoemde tot dieselfde formele register behoort as *te ruste lê*. (Vergelyk hoofstuk 2 en 5 ten opsigte van registerverandering.)

Verder bestaan daar 'n sintaktiese basis waarvolgens onderlinge element-verbondenheid duidelik uiteengesit kan word; byvoorbeeld:

- (a) die adjektief is die semantiese kern van die konstruksie intensiveerder + adj.;
- (b) die s.nw. is die semantiese kern van die konstruksie adj. + s.nw.
- (c) die hoofwerkwoord is die semantiese kern van die konstruksie ww. + bywoord, ens.

Daar word onderskei tussen kern-bepaler-konstruksies en kern-komplement-konstruksies.

Die kern-bepaler-konstruksies is endosentries; die kern kan alleen in die sinstuk optree in die plek van die volledige sinstuk, byvoorbeeld:

[4-2a] kern bepaler

Ons *skryf skriftelike* eksamens >
 Ons *skryf* eksamens

Die werkwoord skryf bepaal die aard van die voorwerp, byvoorbeeld die s.nw. eksamen(s), brief, storie, ens. Die s.nw. eksamen se kombinasie met die betrokke werkwoord maak die plasing van die betrokke adjektief/bepaler redundant. Die betekenis van die werkwoord skryf, naamlik die aksie "om te skryf", maak die adjektief skriftelik redundant.

Beperkings op semantiese ko-optrede is in beginsel bidireksioneel, dit wil sê twee konstituente van 'n konstruksie sal elkeen seleksiedruk uitoefen op die stel potensiele vullers van die sintaktiese gleuf wat beset word deur die ander. Beperkings van semanties gekontroleerde ko-optrede het ook direksionele kenmerke.

Daar word onderskei tussen die selektor en die geselekteerde. Binne 'n kern-bepaler-konstruksie tree die bepaler op as die selektor, maar in 'n kern-komplement-konstruksie is die kern die selektor. Die selektors word gekenmerk daardeur dat hulle een of meer semantiese kenmerke van hul geselekteerdes veronderstel. So byvoorbeeld veronderstel die stel van die adjektief swanger in die NS

[4-2b]

'n *swanger* X

dat X die semantiese kenmerk [+menslik] ¹[+vroulik] besit.

Hier is sprake van bidireksionaliteit: swanger selekteer/beperk die aanvullende konstituent en die kern selekteer 'n paradigma van potensiele bepalers, naamlik al dié wat van vrou gepredikeer kan word. Hierteenoor beperk die stel van vrou die keuse tussen die adjektiewe swanger en dragtig, en vereis die adjektief swanger.

'n Volgende direksionele kenmerk het te doen met die relasie tussen die kern van 'n konstruksie en enige afhanklike item(s). Daar word van 'n afhanklike item verwag om binne 'n konstruksie semantiese fasette in te bring wat nie reeds deur die kern gestel word nie. Indien die ondergeskikte leksikale item semanties niks nuuts bydra tot die betrokke sinstuk nie, is die gevolglike konstruksie semanties redundant. Die kern enkapsuleer die betekenis van die bepaleritem. In die NS:

'n *manlike oom*

word die semantiese kenmerk [-vroulik] geënkapsuleer en dus gestel in oom; aangesien die stel van manlik geen nuwe inligting is nie is dit redundant, tensy manlik verwys na sekondêre betekenisfasette van manlik byvoorbeeld "(fig.) soos dit 'n man betaam; fluks, moedig, dapper".

¹ Daar word uitgegaan van die standpunt dat daardie woorde wat na vroulik verwys genusgemerk is en die semantiese kenmerk [+vroulik] besit. Die woorde wat na manlik verwys, is die algemene, ongemerkte vorm en word aangetoon as [-vroulik]. Die semantiese kenmerk [+genusneutraal] word toegesê aan onder andere mens en persoon.

Dieselfde redundansie word aangetref ten opsigte van die adjektiewe in 'n voorbeeld soos:

swanger, verwagende vrou

waar die stel van die semanties identieke adjektiewe swanger en verwagend neerkom op semantiese redundansie. Geen nuwe betekenisfasette word met hierdie herhaling beklemtoon/belig nie. Intensivering deur identieke herhaling gaan ook nie op in hierdie geval nie. Daarom is die herhaling van byvoorbeeld swanger in

swanger, swanger vrou

semanties redundant, terwyl die herhaling van *fyn* in

fyn, fyn vrou

intensiverend inwerk op die betekenisfaset wat aan vrou gekoppel word en wat derhalwe semanties niredundant is. Daar kan wel van 'n hoogswanger vrou gepraat word; duplikasie, dit wil sê semantiese en vormlike identiekheid geld nie in hierdie gevalle nie.

Dit blyk dat leksikale items soos byvoorbeeld adjektiewe en werkwoorde wat verwys na sodanige spesifiek geslagsgerigte funksies die s.nw. baie duidelik bepaal, en derhalwe beperk. Vergelyk die volgende uiteensetting:

[4-2c] Woordsoort

Genuskenmerke

adjektief

<i>dragtig</i>	[+vroulik] [+dierlik]
<i>swanger</i>	[+vroulik] [+menslik]
<i>impotent</i>	[-vroulik] [+menslik]

werkwoord

<i>menstrueer</i>	[+vroulik] [+menslik]
<i>ovuleer</i>	[+vroulik] [+menslik] [+dierlik]
<i>kastreer</i>	[-vroulik] [+menslik] [+dierlik]

Die seleksiebeperkings wat vervolgens bespreek gaan word, geld ten opsigte van hierdie enkele voorbeelde van die betrokke adjektief- en werkwoordparadigma:

Die stel van die adjektief swanger impliseer die stel van [+vroulik], maar plaas 'n beperking op die s.nw. en vereis dat die s.nw. aan die semantiese kenmerk [+menslik] voldoen:

die swanger vrou [+vroulik]
die swanger dokter [-genusneutraal] [+vroulik]

Die beroepsbenamings soos dokter, advokaat, dosent, ens. wat op dieselfde hiponiemvlak as

vrou staan, kombineer semanties met swanger. Hierteenoor is 'n kombinasie van swanger met die superordinaat van vrou/dokter/dosent, ens. naamlik persoon as [+genusneutraal]-element semanties onaanvaarbaar; die ander genus-paradigmas hef dieselfde soort beperking. Vergelyk die volgende:

<i>'n swanger persoon</i>	x
<i>'n swanger vrou</i>	↓
<i>'n impotente persoon</i>	x
<i>'n impotente man</i>	↓
<i>'n gekastreerde persoon</i>	x
<i>'n gekastreerde man</i>	↓
<i>die persoon ovuleer</i>	x
<i>die vrou ovuleer</i>	↓
<i>die persoon menstrueer</i>	x
<i>die vrou menstrueer</i>	↓

Die stel van dragtig impliseer [+vroulik], maar plaas 'n beperking op die s.nw. en vereis die semantiese kenmerk [+dierlik]:

Die dragtige koei kalf volgende week.
Die dragtige ooi lam volgende week.

Die adjektief dragtige veronderstel in die eerste sin die semantiese kenmerk [+dierlik] [+vroulik], in hierdie geval verteenwoordig deur die leksikale item koei; die stel van koei vereis 'n bepaalde werkwoord, naamlik kalf. Die adjektief dragtige veronderstel in die tweede sin die semantiese kenmerk [+vroulik], in hierdie geval verteenwoordig deur die leksikale item ooi; die stel van ooi vereis weer 'n bepaalde werkwoord, naamlik lam.

Die seleksievereistes wat deur die adjektiewe en werkwoorde ten opsigte van genus gestel word wanneer die dier ter sprake is, is minder streng as dié ten opsigte van die mens. Die superordinaat word gestel met die veronderstelling dat [-vroulik] of [+vroulik] geïmpliseer word soos bepaal deur die voorafgaande adjektief:

<i>die dragtige dier</i>	[+vroulik]
<i>die gekastreerde dier</i>	[-vroulik]

Die superordinaat dier laat 'n groot keuse ten opsigte van die hiponieme toe, terwyl daar ten opsigte van *homo sapiens* die superordinate mens/persoon bestaan en slegs 'n keuse tussen man of vrou gestel word.

Wanneer die kern van 'n konstruksie presies ooreen kom met die veronderstelde betekenissenmerke van 'n selektor is die afloop semanties normaal:

'n swanger vrou

Verder kan hierdie kenmerke weer van die bepaler oorgedra word op die kern, soos in:

die swanger dokter

waar swanger impliseer dat die dokter 'n vrou is in die ongemerkte betekenis van die stuk. Die beginsel van direksionaliteit is by seleksiebepenkings van belang. Hierdie relasies en/of rigting van semantiese seleksie geld ten opsigte van A en B waar A en B in 'n bepaalde sintaktiese konstruksie staan.

In gevalle waar redundante konstruksies voorkom, is dit soms die predikaat wat moet spesifiseer om sodoende semantiese normaliteit te bereik; vergelyk:

[4-2d]

die luisteraars luister -
teenoor
die luisteraars luister nuus/radio, ens.

Sintagmatiese en paradigmatische betekenisrelasies kan gebruik word om grade van dissonansie of onaanvaarbaarheid van 'n stuk te definieer. In die geval van redundante semantiese herhaling is die onaanvaarbaarheid geleë in die onnodige, semanties/stilisties niemotiveerbare ooraanbod van sinonieme inligting, soos byvoorbeeld in:

Hy het sy betoog *ten slotte afgesluit*

waar die deeltjiewerkwoord afsluit oorbelig word met ou inligting soos vervat in ten slotte. Na semantiese skrapping bly die werkwoord afsluit oor.

Vergelyk ook die volgende oënskynlik pleonastiese konstruksies waar die betekenis van die bywoord geïmpliceer word in die betekenis van die werkwoord:

[4-2e]

Sy *hardloop vinnig* na die deur
waar *hardloop* $\supset$ *vinnig*

Vergelyk ook

[4-2f]

Die kind *skreeu hard*
waar *skreeu* $\supset$ *hard*

Al die bepalerelemente (meer spesifiek die adjunkte van wyse) spesifiseer in hierdie geval 'n graad/wyse. Die aanvaarbaarheid van hierdie stukke laat blyk dat die kern (dit is die werkwoord) hier nadere presisering toelaat. Anders gestel: 'n mens kan vinniger, stadiger, ens. hardloop. Die werkwoord hardloop impliseer slegs die kenmerk "vinnig beweeg" as dit in kontras gestel word met loop of draf, maar op sigself impliseer dit net vinnige beweging

en die graad daarvan kan dan bes moontlik nader omskryf word. In hierdie geval is vinnig/spoed van beweging 'n kenmerk wat gradeerbaarheid toelaat; ander semantiese kenmerke van die kern het weer ander dimensies wat bepalend gaan wees vir die kombinasie: kern + bepaler.

In die geval van intensivering is daar 'n oortreding van beperkings, maar daar bestaan tog nie semantiese redundansie nie. Die afhanklike item moet semanties nie swakker wees as die nosie wat geënkapsuleer word deur die kern nie. In die voorbeeld:

[4-2g]

Die kind is *baie*, *baie sopnat* na die
geweldige reënstorm

kom semantiese herhaling sowel op woord- as sinsvlak voor ten einde die intensiteit van nat tot die hoogste graad te voer. Duplikasie op semanties en vormlik identieke vlak is aanvaarbaar omdat daar voldoen word aan die seleksievryheid wat toegelaat word vir intensiteitstoename.

Grammatikale elemente onder andere morfeme en individuele woorde (ook genoem merkers), lidwoorde, voegwoord en setsels, is gesloteklas-items. 'n Belangrike deel van hierdie items se linguistiese funksie is om die grammatiese organisasie van sinne te sinjaleer. In hoofstuk 3 word dit duidelik watter rol stam- maar veral geboonde morfeme (in die besonder suffikse) speel ten opsigte van semantiese herhaling op woordvlak. Diachroniese suffikse kom veral voor as die sinchronies onbekende herhalingsmeervoud enersyds en die diminutiefsuffiks andersyds. Sekere setsels het ook die vermoë om semanties herhalend op te tree; vergelyk in hierdie opsigte die redundante selsel in die volgende:

[4-2h]

Die vrou *skep* die pap *in* die bord *in*

teenoor die nieredundante gebruik van vir in:

[4-2i]

Ek sien *vir* jou!

Die leksikale elemente staan bekend as oopklas-items. Die leksikale elemente is die leksikale wortels, die hoof betekenisdraende elemente in 'n sin. Hierdie leksikale items besit die vermoë om mekaar te vervang binne 'n bepaalde paradigma. Die 'oopklas' leksikale items is bepalend vir die betekenis van die konstruksie en dan in die besonder vir semantiese herhaling. Vergelyk hier voorbeelde soos

[4-2j]

noodsaaklike essensiële
historiese geskiedenis
'n kohort soldate
wik en weeg

Elke woordsoort het 'n bepaalde funksie binne die sintaktiese struktuur. So byvoorbeeld het die attributiewe adjektief die funksie om beligtend op te tree ten opsigte van die s.nw. waarmee dit kombineer. Wat gebeur in gevalle van semantiese herhaling is dat daar nie nuwe inligting weergegee word nie, maar dat fasette van die reeds geïmpliseerde betekenis van byvoorbeeld die s.nw. weerkaats word in die adjektief (vergelyk onderste afsaksel (dit wat afgesak het is [+onder])). Daar bestaan dus 'n SH-kaatseffek tussen die kern A en die bepaler B in (A + B).

Daar word onderskei tussen gevalle van volkome en dié van gedeeltelike betekenisoorvleueling. In die lig hiervan word die volgende soorte SH-implikasies onderskei op stukvlak:

- (1) waar wedersydse implikasie bestaan (waar A en B volkome sinoniem is: noodsaaklik essensiële)
- (2) waar die kerndeel A en sy 'voorbepaling' B 'n SH-kombinasie vorm (ten slotte afgesluit)
- (3) waar die kerndeel A en sy 'nabepaling' B 'n SH-kombinasie vorm (die toekoms vorentoe)

Die volgende voorbeelde dui op volkome sinonimie wat bestaan tussen element A en B:

[4-3a]
$$([B2=B1]+A)$$

Die weersomstandighede wat *nou tans heers*, is ideaal.

heers $\supset$ nou tans
(heers: "aanwesig wees")
nou = *tans*

[4-3b]
$$(A/B = B/A)$$

Op hierdie stadium is die *kondisies en toestande* net reg.

NS-neweskikking (*kondisies* = *toestande*)

[4-3c]
$$(A = B)$$

Die *neuroloog* is 'n *breinspesialis*.


NS-herhaling oor stukgrense heen (binne die konteks van die kopulakonstruksie)

In al drie gevalle is twee van die elemente volkome sinonieme. Die twee leksikale items sou dus plekke kon ruil binne die sin sonder semantiese verlies of wysiging. Soos wat daar reeds aangetoon is, dui daardie gevalle van neweskikgende en koppelwerkwoord-konstruksies soos kondisies EN toestande en die neuroloog IS 'n breinspesialis onderskeidelik ook op volkome sinonimie tussen A en B. In albei hierdie gevalle is lid A 'n leksikale item van Romeanse herkoms wat kombineer met lid B van Germaanse herkoms.

In hierdie gevalle van volkome sinonimie geld wedersydse implikasie tussen die betrokke elemente; daar bestaan dus nie 'n kern en bepaler nie.

In daardie gevalle waar gedeeltelike of nievolkome sinonimie op stukvlak geld tussen A en B in die semantiese kombinasie (A + B), is A die kernelement en B die bepaler/bepaling. In die volgende voorbeelde tree B op in die sintaktiese posisie voor die kerndeel A en kan beskryf word as 'n 'voorbepaling':

[4-3d]



In die geval van suinige vrek lê die semantiese herhaling in die stel van die adjektief suinige in kombinasie met vrek (waarin die semantiese kenmerk 'baie suinig' opgesluit lê). (Nog sodanige voorbeelde word later in hierdie hoofstuk bespreek). Soos reeds gesien in hoofstuk 2 is daar 'n groter mate van semantiese afstand tussen suinige en vrek as tussen gierige en vrek.

In die geval van getroude egpaar geld dieselfde beginsel: in die stel van die s.nw. egpaar is daar reeds semanties opgesluit "2 ('n paar) mense in die eg verbind", dit wil sê "getroud". Die stel van die adjektief lei derhalwe tot semantiese redundansie binne hierdie konstruksie. Soos gesien, sal enige vorm van presisering egter hierdie onaanvaarbare redundansie ophef en wysig tot aanvaarbare semantiese herhaling:

[4-3e]

Die gelukkig(e)/ongelukkig getroude egpaar
vertrek met vakansie.

Die semanties redundante band tussen getroud en egpaar word verbreek; die band verskuif na die adjektiefstuk en die presisering wat bewerkstellig word deur die stel van (on)gelukkige in kombinasie met getroude hef die semantiese redundansie op tussen getroud en egpaar. Die verband bestaan nou tussen (on)gelukkig getroude en tussen gelukkig getroude en egpaar; "getroud wees" laat dus gradering of presisering toe.


Die volgende voorbeelde toon aan dat A as kernelement B ook as nabepaling kan hê. Hierdie nabepaling impliseer semanties dit wat reeds vasgelê is in die inherente betekenis van A. Vergelyk:

[4-3f]

(A + B)

Die man is *handig met sy hande*.

Die tipe konstruksie hier is die komplekse AS van die tipe:



Die volgende konstruksie hoort tot dieselfde struktuur:

[4-3g] (A + B)
Die kind is *spitsvondig met die mond*.

In albei gevalle is A 'n adjektief wat kombineer met 'n setselgroep B as nabepaling van A. Om handig te wees beteken reeds "om vaardig te wees met 'n mens se hande" en om spitsvondig te wees beteken reeds "om vaardig te wees met 'n mens se mond". Die stel van die nabepaling in elk van hierdie gevalle is semanties redundant. Die semantiese verband wat bestaan tussen handig en met sy hande is fonologies baie opvallend; in die geval van spitsvondig en die implikasie "met die mond" is dit nie fonologies af te lei nie (maar dit is wel diachronies bepaalbaar). Indien die spreker sou veronderstel dat die hoorder nie die betekenis van die woord spitsvondig ken nie, kan die nabepaling verskaf word as ekstra semantiese inligting ter wille van suksesvolle oordrag. Indien die spreker self nie weet wat spitsvondig beteken nie, sal die stel van met die mond selfverduidelikend (en/of redundant) wees.

Vergelyk verder die volgende voorbeeld:

[4-3h] (A + B)
Die bang ou *retireer agteruit!*

In die Romaanse leenwoord retireer lê semanties opgesluit die implikasie "agteruitbeweeg". Daar bestaan egter 'n groot mate van semantiese verdraagsaamheid tussen sinonieme Romaanse en Germaanse vorme. Die moontlike semantiese onbekendheid wat bly kleef aan die leenvorm, maak kombinasie met 'n sinonieme Germaanse vorm semanties aanvaarbaar.

In die laaste twee gevalle van semantiese herhaling word daar gewerk met semantiese inligting wat geïmpliseer word in A en wat binne die NS gekombineer word met eksplisiete nabepalings. Hierdie twee gevalle is voorbeelde van kontaminasiekonstruksies. Die eerste sin het die konstruksie NS met nabepaling (waar die nabepaling 'n betreklike bysin of 'n voorsetselgroep is):

[4-3i]
Dit is sy voorliefde waarvoor hy lief is <
Dit is sy voorliefde + hy is lief vir x
x is sy voorliefde

en

[4-3j]

Dit is 'n *ledemaat* van sy *liggaam* <Dit is 'n *ledemaat* + sy *liggaam* het 'n *ledemaat*

In laasgenoemde geval geld die deel-geheel-konsep: 'n ledemaat vorm onlosmaaklik deel van die liggaam as geheel; die stel van die deel ledemaat impliseer die geheel liggaam. Net so impliseer die stel van vinger(s) as deel die hand as geheel, en die stel van toon/ton as deel die voet as geheel (vergelyk Cruse, 1986: 95 en Carstens 1992: 10(3), 114-122).

Baie van die voorbeelde val nie net op vanweë hulle semantiese ooreenkoms nie, maar ook as gevolg van hul fonologiese ooreenkoms. Vergelyk die volgende voorbeeld:

[4-3k]

Ons waardeer werklik u ondersteuning met die
bestelling van *ons* Persoonlike Huisorganiseerder
van *ons*.

Die voorkoms van van ons op twee plekke in hierdie sin is wel nie semanties nie, maar fonologies herhalend. Hoewel die identieke stuk van ons dus op verskillende sinsdele slaan, kan hierdie hinderlike fonologiese herhaling omseil word deur 'n struktuurwysiging aan te bring:

Ons waardeer werklik u ondersteuning met *u/die*
bestelling van *ons* Persoonlike Huisorganiseerder.

Vergelyk ook die volgende twee voorbeelde waar sin 1 [4-31] redundante elemente bevat:

[4-3l]

Sin 1: *Goeie familiebetrekkinge met jou familie* is om deel
te hê en om lief te hê.

Die stel van familie- in familiebetrekkinge impliseer reeds dat dit betrekkinge met jou familie is; hierdie kontaminasiekonstruksie word herstruktureer tot die volgende goedgevormde sinne:

Goeie familiebetrekkinge is om deel te hê en om
lief te hê.

of

Goeie betrekkinge met jou familie is om deel te hê
en om lief te hê.

Die tipe konstruksie is 'n kopulakonstruksie waar die kopula-element (is X) semanties nabepalend is by die eerste koppelstuk (die NS). Anders gestel: die kopulastuk presiseer die gekoppelde NS semanties. Die predisering en presisering in hierdie tipe konstruksie is onderhewig aan dieselfde soort beperkinge op bepaler-en-kernkonstruksies. Vergelyk:

Die Romaanse affiksgebruik word beperk tot kombinasie met 'n Romaanse stam/wortel. Die Germaanse affiks daarenteen, kombineer met sowel die Germaanse as die Romaanse stam/wortel.

Binne die afleiding bestaan die volgende kombinasie moontlikhede:

[4-4a]

leks. item 1	leks. item 2	afleiding	
		prefiks	stam
weer weer en nogeens	oor weer weer nogmaals	Germaans	Germaans
		<i>her</i>	<i>sien</i>
		<i>her</i>	<i>sien</i>
		<i>her</i>	<i>sien</i>
		<i>her</i>	<i>sien</i>
weer	weer oor nogmaals	Romaans/ Germaans	Romaans
		<i>re</i>	<i>organiseer</i>
		<i>her</i>	<i>organiseer</i>
		<i>re/her</i>	<i>organiseer</i>
		<i>re/her</i>	<i>organiseer</i>

In hersien is daar sprake van leksikalisering in dié sin dat her- nie "weer sien" beteken nie, maar met sien kombineer om "nagaan, kontroleer" te beteken. Met leksikalisering word dan bedoel dat die betekenis van her + sien nie eenvoudig komposisioneel ('n eenvoudige optelsom van die betekenisse van die twee elemente) is nie. Die fokus van semantiese herhaling verskuif na die herhaling tussen die bepaler-elemente (weer, oor). 'n Ander lesing van die twee konstruksies is ook moontlik, naamlik dat affiks + stam as 'n semantiese eenheid gesien word en saam met die bepaler verder presiserende inligting toevoeg.

Die spreker leksikaliseer deur 'n kombinasie van her-/re- + werkwoordstam-herhaling. Die spreker beskou die voorgaande woordherhaling nie sinoniem aan die prefiksherhaling nie. Daarby kan 'n afleiding soos her-/reorganiseer een van twee dinge beteken:

[4-4b]

"weer reël/organiseer"
of "anders reël/organiseer"

Die element oor spesifiseer watter een die relevante lesing is. 'n Voorbeeld soos weer oor herorganiseer bevat 'n verdere element. Die woorde weer en oor het 'n versterkende of

emfatiese funksie, of hulle kan hul leksikale betekeniswaarde behou, byvoorbeeld:

[4-4c]

Ek het dit *herorganiseer* en toe moes ek dit *weer herorganiseer*.

Die opeenstapeling van semantiese gegewens kan in die een geval lei tot semantiese redundansie maar in 'n ander geval dien as versterking/intensivering:

[4-4d]

Hierdie twee boeke het ek *oor en oor en weer en weer* gelees totdat ek hulle uit my kop geken het.

met [oor en oor] en [weer en weer]

waar oor en oor en weer en weer wat interne struktuur betref semanties en vormlik identiek is, maar wat eksterne struktuur betref slegs semanties identiek is. Vergelyk ook:

[4-4e]

Die kassetbande kan *herhaaldelik weer* gebruik word.

weer impliseer "nog 'n keer" (dalk net een keer)

herhaaldelik impliseer "weer en weer en weer ..."

herhaaldelik hef die beperking op soos gestel in weer

Dit is dus belangrik dat die onderlinge verbindbaarheid van konstituente nagegaan word. In die geval van die sogenaamde SHR-konstruksie weer herhaal word daar nie so baie verbindingsmoontlikhede onderskei soos in gevalle waar die werkwoordstam duidelik onderskei kan word nie, dit wil sê waar die elemente van die afleiding semanties deursigtig is; vergelyk:

[4-4f]

sien beteken "1x sien"

hersien beteken "2x sien"

weer hersien beteken "3x sien"

weer en weer hersien beteken "4x sien/baie maal hersien"

teenoor

[4-4g]

**haal*

herhaal beteken "2x doen"

weer herhaal beteken "3x doen"

weer en weer herhaal beteken "4x doen/baie maal doen"

In laasgenoemde en soortgelyke voorbeelde moet daar in ag geneem word dat nie alle elemente van so 'n reeks (verwysend na die afleiding) ontleedbaar is nie. Die leksikale item herhaal is sinchronies gesproke morfologies ondeursigtig; die affiks her- in herhaal kan wel binne 'n sinchroniese paradigma geplaas word, maar nie die "stammorfeem" -haal nie.

Bogenoemde gevalle is onderdeel van 'n breër verskynsel wat die semantiese sterkte van die elemente in SH-konstruksies genoem kan word. Semantiese sterkte verwys dan na gradeerde verskynsels van sterker na swakker. Faktore wat op hierdie skaal inwerk, is dan **betekenisverskuiwing, leksikalisering, en vervaging van die betekenis** van 'n element.

Baie sprekers wat hulle skuldig maak aan breedspakigheid as retoriese/stilistiese effek, doen dit bewustelik of onbewustelik om hul gehoor te beïndruk. Breedspakigheid is een van die potensiële oorsake van semantiese herhaling. Wat wel belangrik is, is dat sinonimiteit oor stylgrense heen hier gekry word.

Dikwels het die kombinasie van 'n verhewe en 'n algemene vorm wat sinoniem is, oënskynlik semantiese redundansie tot gevolg, soos byvoorbeeld poog en probeer in:

[4-4h]

Hulle sal *poog* om die saak te *probeer* regstel.

waar poog in 'n formeler register val as probeer.

Die meerderheid redundansievoorbeelde wat onder breedspakigheid aangebied word, is juis aangeteken uit onderhoude wat gevoer en gebeeldsaai is, of geMONITOR (Radioprogramnaam) en uitgesaai is. Die spreker is oorbewus van die beeldsaai- of uitsaai-omstandigheid en kan die woord dan te deftig en te volledig voer of tussen registers beweeg. Hierdie soort semantiese redundansie lei soms ook tot absurditeite. Uit die mond van 'n bekende politieke figuur kom die volgende:

[4-4i]

Ons bekere is *oorvol* en *vloei dit oor*

wat neerkom op toestand X (oorvol wees) wat lei/oorgaan tot handeling Y (oorvloei van bekere (dit)).

Die veelvoorkomende gebruik van die woord positief + s.nw. in die sintaktiese kategorie adj. + s.nw., lei tot semantiese redundansie:

[4-4j]

Semantiese redundansie
<u>Romaans + Germaans</u>
<i>positiewe groei</i> (<i>groei</i> $\supset$ [positief])
<i>positiewe sukses</i> (<i>sukses</i> $\supset$ [positief])
<i>positiewe vooruitgang</i> (<i>vooruitgang</i> $\supset$ [positief])

'n Interessante, opvallende neiging bestaan waar die Romaanse vorm en sy Germaanse sinoniem as 'n semantiese kombinasie optree. Die Romaanse vorm beïndruk die spreker en sy hoorder(s) vanweë die vreemdheid en andersheid daarvan. In baie gevalle is die spreker nie bekend met die volle betekenis van die 'vreemde' Romaanse vorm nie, en is nie eers bewus van semantiese herhaling nie. Vergelyk die volgende:

[4-4k]

adjektief	+	s.nw.
<u>Germaans</u>		<u>Romaans</u>
<i>mededingende</i>		<i>kompetisie</i>

waar mededing beteken "wedywer" en kompetisie beteken "mededinging" (HAT) - dus: kompetisie = mededinging (= mededingend).

4.2 SEMANTIESE HERHALING OP STUK- EN SINSVLAK

Die effektiefste manier waarop die groot korpus inligting sinvol ingedeel kan word in hierdie hoofstuk, is om te kyk na die sintakties grammatiese struktuur van die onderskeie konstruksies. Benewens die bespreking van bepaalde sintaktiese verskynsels soos reeds genoem, is die volgende die belangrikste sintaktiese groepe:

Binne die NS:

adjektief + adjektief

adjektief + s.nw.

nabepalers (NS-kombinasies en betreklike konstruksies)

konjunksies

Binne die WS:

s.nw. in NS = hww. in WS

setselherhaling

bepalings

4.2.1 SEMANTIESE HERHALING BINNE DIE NS

Semantiese herhaling binne die NS word vervolgens bespreek en die onderskeie sintaktiese groepe word behandel. Die onderlinge semantiese verbande tussen adjektief en adjektief, adjektief en s.nw., s.nw. en s.nw., s.nw. en betreklike konstruksie, elemente binne konjunksies, asook die adjektief en s.nw. binne die tema genusonderskeiding word bespreek. Die semantiese relasie bepaler + kern is van besondere belang in hierdie afdeling.

4.2.1.1 ADJEKTIEF + ADJEKTIEF

Ten opsigte van hierdie sintaktiese konstruksie word die semantiese verhouding tussen die twee adjektiewe ondersoek. In die gevalle waar adjektief 1 en adjektief 2 volkome sinoniem is, bestaan daar uiteraard nie 'n bepaler-kern-verhouding (A + B) nie, maar 'n relasie waar albei elemente semanties ewe veel gewig dra as lede van die konstruksie; vergelyk die volgende:


(A/B = B/A)

gesonde (,) voedsame kos

voedsame (,) gesonde kos

bepaler + kern

(B + A) *absoluut noodsaaklike medisyne*
yslike grote leeu



waar (A = B) en (B = A).

Verdere voorbeelde van semantiese herhaling in hierdie tipe konstruksie is die volgende:

[4-5a]

genoeg afdoende bewys
finansieel bankrot firma
 'n *sekere bepaalde* afstand
 'n *algemene openbare* vergadering
 'n *absolute, volslae* mislukking
regte, egte swaarde

Sintakties en semanties tree elke adjektief selfstandig op as bepaler ten opsigte van die naamwoord, maar tussen adjektief 1 en adjektief 2 bestaan daar 'n relasie van volkome sinonimie binne hierdie soort kombinasie van bepaler-elemente; dus:

genoeg = *afdoende*
sekere = *bepaalde*
algemene = *openbare*

Daar is die volgende gevalle waar die -e-uitgang weggelaat kan word en waarna adjektief 1 bepalerstatus kry ten opsigte van die daaropvolgende bepaler (adjektief):

[4-5b]

absoluut *volslae* mislukking

met die volgende sintaktiese struktuur:

volgende:

Germaanse vorm + Romaanse vorm	
adjektief 1	adjektief 2
<i>noodsaaklik</i>	<i>essensieel</i>

In die kombinasie:

[4-5f]


absolute volslae mislukking

tree absolute saam met volslae op as bepalend van die s.nw. mislukking (vergelyk hierteenoor die kombinasie absoluut volslae in absoluut volslae mislukking). Dieselfde patroon geld die volgende konstruksie (wat wel nie Romaanse elemente bevat nie):

[4-5g]

'n yslike groot/grote leeu

In hierdie kombinasie geld dieselfde semantiese verbondenheid tussen yslike as bywoordelike bepaler en groot as adjektief as tussen absoluut en volslae. Voorbeeld [4-5g] het die volgende sintaktiese struktuur:



in welke geval yslike en groot/grote nie semanties herhalend is nie, omdat yslike "graad van grootheid" uitdruk, alhoewel dit ook geïnterpreteer kan word dat yslike as selfstandige bepaler van leeu optree in welke geval

yslike = grote

waar 'n yslike leeu beteken 'n baie groot leeu. Maar dit is nie noodwendig so dat 'n groot leeu beteken 'n baie groot leeu nie.

Vergelyk die volgende interessante konstruksie:

[4-5h]

Die twee rokke lyk *identies dieselfde*.

Indien die primêre semantiese lesing geld waar hierdie leksikale items absolute sinonieme is, stoot hulle mekaar af; daar moet 'n keuse gemaak word tussen *identies* en *dieselfde*, aangesien hulle nie vryelik saam optree nie. Die algemeenheid en bekendheid van 'n Romaanse woord soos *identies* laat dit in botsing kom met die baie algemene Germaanse woord *dieselfde*. In plaas van *identies* wat in hierdie konteks as 'n bepaling van *dieselfde* gebruik word, word 'n ander Romaanse woord, naamlik *presies* (wat 'n adjektief na woordsoort is maar wat hier as graadbepaling funksioneer/optree) gebruik. Al die volgende SH-stukke is semanties aanvaarbaar:

[4-5i]

..... wat <i>dieselfde</i>	optree
..... wat <i>presies dieselfde</i>	optree
..... wat <i>identies</i>	optree
..... wat <i>presies identies</i>	optree
..... wat <i>identies dieselfde</i>	optree
..... wat <i>presies identies dieselfde</i>	optree
..... wat <i>identies presies dieselfde</i>	optree

Die kombinasies in [4-5i] het al idioomstatus bereik (in welke geval die semantiese herhaling nie langer redundant is nie). Dit is opvallend dat sowel die woord *identies* as *dieselfde* ook gebruik word vir die gelykstelling van dinge wat nie in alle opsigte gelyk/identiek is nie, met ander woorde dit het ook 'n vae toepassing ten spyte van die eksakte betekenis van die woorde. Dit sou kon verklaar waarom die behoefte bestaan aan die presisering van graad van identiteit/identiekheid met behulp van konstruksies soos die volgende:

$$\left\{ \begin{array}{l} \textit{presies} \\ \textit{identies} \\ \textit{byna} \\ \textit{amper} \\ \textit{ongeveer} \end{array} \right\} \textit{dieselfde}$$

Hier is dus sprake van 'n bestaande konstruksie waarin die graad van *dieselfde* gepresiseer word. Vergelyk die volgende kombinasie moontlikhede waar *dieselfde* sy posisie reg voor die s.nw. prysgee indien die ander adjektiewe 'n uitgangs-e toevoeg; vergelyk:


<i>presies</i>	<i>dieselfde</i>	s.nw.	↓	} betekenis verskil
<i>identies</i>	<i>dieselfde</i>	s.nw.	↓	
<i>dieselfde</i>	<i>identiese</i>	s.nw.	↓	
<i>dieselfde</i>	<i>presiese</i>	s.nw.	↓	

Die bywoorde presies en identies is volkome sinonieme bepalers van die adjektief dieselfde; presies identies en dieselfde is volkome sinonieme bepalers binne die betreklike konstruksie soos gegee in [4 -5i].

Semantiese herhaling lei in hierdie gevalle tot intensivering - hoe meer die elemente hoe meer neem die intensivering toe.

4.2.1.2 ADJEKTIEF + S.NW.

In hierdie afdeling word ingegaan op die semantiese aspekte van die kombinasie adjektief + s.nw. waar die adjektief die bepalersposisie beklee ten opsigte van die s.nw. as kernelement. Sintakties het hierdie konstruksietipe die volgende struktuur:



Vergelyk die volgende voorbeelde van semantiese herhaling wat ook in hierdie tipe konstruksie voorkom:

[4-6a]

<i>primitiewe</i>	<i>barbare</i>
<i>basiese</i>	<i>beginsel</i>
<i>goedgebalanseerde</i>	<i>eweredigheid</i>
<i>nuwe</i>	<i>geboorte</i>
<i>algehele</i>	<i>geheelbeeld</i>
<i>ingebore</i>	<i>instink</i>
<i>mededingende</i>	<i>kompetisie</i>
<i>21-jarige</i>	<i>mondigwordingspartyjie</i>
<i>innerlike</i>	<i>sielelewe</i>
<i>voorgeskrewe</i>	<i>voorskrifte</i>
<i>stukkende</i>	<i>wrak</i>

In hierdie bespreking word daar op die volgende aspekte gelet:

1. Die rol wat vaagheid speel in die toepassing van A voed die neiging om 'n B-element (wat presiserend en semanties herhalend is) in te voer.
2. Die rol wat polisemiese geskakeerdheid van A speel, is belangrik. (vergelyk

metaforiese x niemetaforiese lesing soos byvoorbeeld stukkende wrak).

3. Uit die definisies van die A-elemente blyk dat die betekenissenmerk(e) waarin B en A oorvleuel, ook in die definisie van A as prominente betekenissenmerk(e) figureer.

Die volgende is 'n belangrike aspek:

Hoe vaer die betekenisinhoud en toepassing van A is, hoe meer motivering is daar vir semantiese herhaling deur 'n bepaler wat met A kan oorvleuel, maar wat dit tog 'presiseer'.

Die belangrikste betekenissenmerk van die s.nw. as kern stem ooreen met die betekenis van die voorafgaande adjektief as bepaler waarmee dit sintakties kombineer; so is:

- * 'n afsaksel dit wat onder lê (*onderste afsaksel*);
- * 'n geboorte kwalik iets anders as iets nuuts (vergelyk egter *nuutgebore* en *herbore*);
- * 'n mondigwording slegs 'n 21-jarige verjaardagviering (in mondig lê opgesluit " 'n tydperk van 21 jaar");
- * 'n wrak kwalik iets anders as stukkend.

Vergelyk vervolgens stukkende wrak (letterlik of figuurlik gesproke) as SH-konstruksie en ook as individuele entiteite, waar die frekwensie daarvan dit na idioomstatus laat beweeg:

[4-6c]

Hy/Sy is 'n *wrak*
en Hy's so *stukkend*, hy's omtrent 'n totale *wrak*!

waar sowel stukkend as wrak metafories gebruik word; stukkend beteken "heeltemal besope".

Vergelyk die letterlike teenoor die figuurlike betekenis, ook van die SH-kombinasie:

[4-6d]

Hy is 'n *primitiewe barbaar*

waar sowel 'n metaforiese as 'n niemetaforiese betekenis aan barbaar geheg kan word; in die geval waar barbaar se primêre betekenis geld, word primitief ook as 'n bepalerkenmerk van barbaar geïnterpreteer. In kombinasie met barbaar (metafories) tree primitiewe versterkend ten opsigte daarvan op; vergelyk:

primêre betekenis:

barbaar: "lid van 'n onbeskaafde stam, volk"

primitiewe: "wat tot die vroegste stadium in 'n ontwikkeling behoort"

sekondêre betekenis:

barbaar: "onverfynde persoon, woesteling, wreedaard"

primitiewe: betekenis verander in kombinasie met bogaande betekenis van barbaar tot die van "uiters (baie soos 'n barbaar)".

In die volgende bespreking van die semanties funksionele kenmerke van die bepalerlement in hierdie konstruksietipe kom interessante aspekte na vore. So 'n bespreking is noodsaaklik omdat dit juis 'n perspektief op SHNR en SHR bied; dit bied ook 'n basis vir die soort lesings van die ongemerkte tipe (soos in [4-6a]) sodat die B-konstituent as presiseerder van 'n kenmerk van A geïnterpreteer word.

In die een geval is daar dalk sprake van volkome sinonimie en in 'n ander geval is die bepalerlement B sinoniem met die hoofkenmerk (onderskeidende betekenissenmerk) van A. Hulle aanvaarbaarheid as SH-konstruksies al dan nie, blyk duidelik uit 'n woordeboekvergelyking om terug te kom na die voorbeeld onderste afsaksel. Indien daar gekyk word na die betekenissenmerke wat semanties van onderskeidelik onderste en afsaksel in die metaforiese sin van hierdie SH(R)-konstruksie bevind word, blyk die mate van semantiese oorvleueling duidelik:

[4-6d]

afsaksel: (lett.) "wat afgesak het"
afsak: "ondertoe, tot op die boom sak"
onderste: "laagste deel van iets; afsaksel"

In die betekenis van die kern afsaksel is die betekenis van die bepaler ingebed. Die bepaler onderste kan ook dien om die laagste "laagheid" van afsaksel te beklemtoon; in sodanige geval is daar regverdiging vir semantiese herhaling. Hierdie konstruksie kan in totaliteit ook metafories gebruik word:

afsaksel: "(fig.) mense wat verarm is, agteruit geraak het"
onderste: "laagste deel" binne konteks "die armste van die mense wat verarm het"

Redundante semantiese herhaling word omskep in niredundante semantiese herhaling omdat intensivering betrokke is.

In enkele gevalle stem die adjektief en sy s.nw. nie slegs semanties ooreen nie, maar toon ook gedeeltelike fonologiese ooreenkoms, byvoorbeeld:

[4-6e]

algehele geheelbeeld
voorgeskrewe voorskrif

Indien die SHR-vorme semanties geanaliseer word, blyk dit dat albei konstruksies kontaminasievorme is:

algehele beeld > *geheelbeeld*
word
algehele 0 + *geheelbeeld*

voorgeskrewe medisyne > *voorskrif*
word
voorgeskrewe 0 + *voorskrif*

Daar is baie Romaanse leenwoorde in Afrikaans wat semanties gemerk is as [+intensief]. Ten spyte daarvan dat die Romaanse vorm semanties wel sterker gemerk is ten opsigte van intensiteit, word die Romaanse vorm skynbaar nie deur die sprekers as intensief genoeg gevoel nie en benodig dit die adjektief (wat kombineer met die Germaanse vorm) om semanties dieselfde gewig te dra as sy Germaanse teenhanger. Die inherent intensiewe waarde van die enkele Romaanse woord blyk uit die sinstuk (twee woorde) wat as Germaanse sinoniem-uitdrukking nodig is. Vergelyk die volgende uiteensetting:

[4-6f]

Rom. s.nw. = [+intensief] Germ. adj. + Germ. s.nw. = [+intensief]

(1)

<i>anargie</i>	=	<i>volslae</i>	<i>wanorde</i>
<i>debakel</i>	=	<i>algehele</i>	<i>mislukking</i>
<i>dispuut</i>	=	<i>ernstige</i>	<i>geskil</i>
<i>fraksie</i>	=	<i>klein</i>	<i>gedeelte</i>

teenoor

(2)

<i>volslae</i>	<i>anargie</i>
<i>algehele</i>	<i>debakel</i>
<i>ernstige</i>	<i>dispuut</i>
<i>klein</i>	<i>fraksie</i>

(1) Sinoniempare soos anargie - wanorde en fraksie - (klein) gedeelte, verteenwoordig skynkongruensie vir sover die Romaanse leenwoord as [+intensief] geïnterpreteer word. Die ekwivalente van die Romaanse vorm (byvoorbeeld anargie) is dus die intensiefgemerkte Germaanse konstruksie (volslae wanorde).

(2) Ten opsigte van hierdie voorbeelde dien die woordeboekdefinisies as basis om die relevante semantiese kenmerke te agterhaal. Vergelyk die volgende twee voorbeelde:

anargie: "toestand van regeringloosheid, **volslae wanorde** waarin geen gesag erken word nie" (HAT)

wanorde: "gebrek aan orde; ordeloosheid, **chaos**; verwarring" (HAT)

fraksie: "deel van 'n geheel; **breuk**, klein gedeelte" (HAT)

gedeelte: "deel, stuk **breuk** "(vergelyk 'n breukdeel van 'n sekonde)" (HAT)

Die semantiese herhaling wat bestaan tussen die adjektief en die s.nw. kom neer op 'n herhaling van die oorheersende semantiese kenmerk gemeenskaplik aan albei die elemente. Binne die sintakties grammatiese hiërargie is die s.nw. in alle gevalle die kern, en die adjektief die weglaatbare bepaler-element wat, afhangend van die sprekersintensie, semanties redundant is of nie. Indien intensivering/semantiese klem beoog word, is die SH-bepaler neredundant. Kontaminasie gee aanleiding tot semantiese identiekheid asook fonologies

ooreenstemmende dele binne die konstruksie.

4.2.1.3 NS + NABEPALINGS

In hierdie afdeling val die soeklig op die volgende strukture binne die NS, naamlik:

- (a) NS1 + NS2-konstruksies en
- (b) betreklike konstruksies.

Onder s.nw.-kombinasies wat ten opsigte van semantiese herhaling van belang is, ressorteer voorbeelde soos:

[4-7a]

'n Romeinse kohort van 500 soldate het vertrek.
Romeinse kohort $\supset$ 500 soldate

[4-7b]

'n Dosyn, dit wil sê 12 eiers.
dosyn $\supset$ 12

[4-7c]

Sake van gemeenskaplike belang wat almal raak, word tydens die vergadering bespreek.

wat neerkom op kontaminasie, met semantiese oorvleueling tussen die NS en sy betreklike konstruksie:

Sake van gemeenskaplike belang + sake wat almal in die gemeenskap raak
 waar
gemeenskaplik: "al die lede van die gemeenskap"

Vervolgens word die rol wat semantiese herhaling in die twee tipes konstruksies speel, bespreek.

(a) NS1 + NS2-KONSTRUKSIES

NS1 + NS2-konstruksies verwys na kombinasies soos die volgende:

[4-7d]

(A + B)
swerm voëls
trop beeste
biblioteek boeke
kohort van 500 soldate

Die vernaamste soort kombinasie van naamwoordstukke wat hier ten opsigte van semantiese herhaling ondersoek word, is soortnaamwoord + substantiefstuk (vergelyk Ponelis 1979: 153 e.v.). Die semantiese seleksiebeperkings wat hierdie NS-kombinasies geld, is van belang ten opsigte van semantiese herhaling. Enkele voorbeelde word vervolgens ondersoek.

NS1 swerm selekteer 'n bepaalde aantal leksikale items wat optree as NS2, onder andere bye, voëls, sprinkane en beperk dus die lede wat in die B-posisie kan optree, aangesien hierdie lede die semantiese kenmerk [+vlerke] het; by hierdie beperkte groep word kinders/mense toegelaat as NS2. Vergelyk in hierdie opsig die mens se aanwending van Naturifikasie (Liebenberg: 1991)². Die stel van swerm impliseer bye, voëls, ens. terwyl die stel van bye, voëls, ens. nie noodwendig swerm impliseer nie; dit staan bekend as **eensydige semantiese implikasie**.

Dieselfde vanselfsprekendheid van leksikale items wat bepaal word deur die stel van NS1 byvoorbeeld baksel, beperk en bepaal die lede van die paradigma wat as NS2 ressorteer: baksel slaan op 'n deel van die geheel soos benoem deur brood, beskuit, ens. (Ponelis; 1979: 154, Lyons 1977: 311-317)

Die semantiese aard en vereistes van NS1 bepaal die aard en vereistes van die hiponieme wat as NS2 kan optree. So veronderstel die primêre betekenis van biblioteek as NS1 boeke naslaanwerke/literatuur as NS2. Daar moet gespesifiseer word indien dit anders is, byvoorbeeld biblioteek vol mense, kinders, ens.

Waar semantiese herhaling moeilik in gevalle soos voorgaande sal voorkom, net so goed leen die konstruksie met soort as NS1 hom tot redundante semantiese herhaling; vergelyk:

[4-7e]

	'n <i>soort tipe</i> (plant)	x
	'n <i>tipe soort</i> (plant)	x
teenoor	*'n <i>tipe, tipe</i> (plant)	x


Nog 'n tipe konstruksie wat as s.nw.-kombinasies optree, is die volgende (vergeelyk Ponelis, 1979: 153):

[4-7f]

(A kern	+	B) bepaler (nabepaling)
'n <i>span</i>	{	<i>van sewentien spelers</i> het deelgeneem <i>met sewentien spelers</i> het deelgeneem <i>bestaande uit sewentien spelers</i> het deelgeneem


Hier is 'n spesifiserende en presiserende uitdrukking in orde vanweë die vaagheid van span ten opsigte van presiese getal. 'n Getalsbepaling kan bygevoeg word; vergelyk:

² Vergelyk ook die volgende voorbeelde: trop kinders, die mens as kuddedier, die gemeente as die kudde van die leraar/herder.



Die konstruksie span rugbyspelers impliseer 'n spesifieke getal spelers soos bepaal volgens die reëls van die spel, naamlik 15 man. Daarom is 'n span van 15 rugbyspelers x 'n span rugbyspelers van 15 man gevalle van redundante semantiese herhaling. Presisering van die uitdrukking as 15 of 7 lede sal egter toelaatbaar wees in 'n konteks waar verskillende vorms van rugby wat verskillende hoeveelhede spelers betrek, ter sake is (vergelyk 7-spanrugby). Daar is 'n fyn betekenisverskil tussen 15-spanrugby en 15-manrugby (waar 15-spanrugby die spesifieke aantal spelers stel teenoor byvoorbeeld 7-spanrugby, maar waar 15-manrugby beteken al 15 van die 15 spelers dra hul deel by tydens die rugbywedstryd); dieselfde geld 7-spanrugby teenoor 7-manrugby.

In die geval van 'n kohort van 500 soldate is kohort die kern terwyl van 500 soldate 'n presiserende nabepaling is. Dié konstruksie word sintakties soos volg ontleed:



Die NS-kombinasie verskil (a) van die groep waar s.nw. en s.nw. verbind word deur en in die neweskikkende konstruksie (kondisies en toestande (4.2.1.4)) en (b) van die groep waar idiomatiese woordpare voorkom (gal en edik (4.2.2.2)).

In die gevalle waar NS-kombinasies as deel van hulle betekenis reeds ten opsigte van getal presiseer, gee 'n verdere spesifikasie van getal aanleiding tot semantiese herhaling.

Vergelyk:

[4-7g]

'n regiment van 'n duisend troepe

waar regiment "1 000 manskappe" impliseer. Hierteenoor is die verdere spesifikasie van [+getalsnorm] soos in die volgende voorbeeld, nie semanties redundant nie want daar is nie 'n bepaalde getal persone betrokke nie:

[4-7g]

'n komitee van twaalf lede

Die NS-kombinasie wat die semantiese kenmerk [+getalsnorm] het, verwys na 'n bepaalde hoeveelheid wat semanties in NS1 opgesluit lê:

legioen: "1. Romeinse leërafdeling van
3 000 - 6 000 man 2. 'n groot skare" (HAT)
1. : [+getalsnorm] 2. [-getalsnorm]

kohort: "1. onderafdeling van 'n legioen in
die Romeinse leër - ongeveer 500 soldate
2. troepemag" (HAT)

1. : [+getalsnorm] 2. [-getalsnorm]

Die terme *legioen* en *kohort* verwys na groeperinge in die Weermag soos volgens die krygstradisie oorgedra. **Die beperkte gebruik van hierdie versamelwoorde** (slegs in Weermagskringe) **bring mee dat die gebruiker wil presiseer ter wille van sy gehoor.**

In baie gevalle soos *kohort* en *legioen* is die getal ten opsigte van die primêre betekenis verwysing, redelik vasgelê; in ander gevalle wissel die hoeveelheid. Vergelyk die volgende voorbeelde van groepe mense wat 'n spesifieke oogmerk het ter wille waarvan hulle saam optree (veral tydens oorlogvoering); die terme denoteer nie groepe van 'n baie spesifieke grootte/hoeveelheid nie. Onderstaande definisies ondersteun hierdie stelling:

afdeling: "onderdeel; deel van 'n samehangende
geheel" (geld as ongespesifiseerde vorm) (HAT)

kolon: "opstelling van soldate met klein
frontbreedte in op mekaar volgende geledere" (HAT)

linie: "lyn, verdedigingslyn" (HAT)

regiment: "1. afdeling van 'n leër onder bevel
van 'n kommandant 2. groot aantal" (HAT)

slagorde: "opstelling van troepe of skepe om
'n slag te lewer; gevegsformasie; slaglinie" (HAT)

peloton: "klein afdeling soldate" (HAT)

Die semantiese verband tussen NS1 en NS2 is baie heg: NS1 impliseer NS2 en NS2 se betekenis lê deels opgesluit in NS1:

<i>regiment</i>	}	<i>soldate</i>
<i>legioen</i>		
<i>kohort</i>		

Leksikale items soos regiment en peloton tree op soos die versamelname klandisie, elite, ens. waar laasgenoemde semanties verwys na "mense wat ..." soos in:

klandisie: "mense (superordinaat, my invoeging) wat gesamentlik koop by 'n bepaalde winkel/plek" (HAT)

elite: "keur, boonste laag van 'n gemeenskap; aansienlikes" (HAT)

Net so impliseer die stel van regiment, peloton, ens. "soldate wat groepeer in bepaalde hoeveelhede" as gemeenskaplik in hierdie kombinasie:

<i>kolon</i>	}	superordinaat <i>mense</i> : <i>soldate</i>
<i>regiment</i>		
<i>kohort</i>		
<i>afdeling</i>		
<i>legioen</i>		

Die noem van kohort, regiment, ens. impliseer soldate as NS2; daarom is die stel van soldate semanties redundant, tensy bepaalde nuwe inligting gespesifiseer word. So sou die kombinasie regiment soldate 'n geval van redundante semantiese herhaling wees, tensy die spesifieke soort soldate gepresiseer word, byvoorbeeld

[4-7i]

Die *regiment* het hom onderskei in die oorlog.
Dit is 'n *regiment dapper voetsoldate*.


Dieselfde geld legioen soos in die volgende:

[4-7j]

Lede van die *Franse Vreemde Legioen* is uiters gedug.

waar lede "soldate" impliseer en legioen [+groepering], [-getalsnorm] impliseer. Hierteenoor impliseer die gebruik van legioen binne die Romeinse milieu 'n spesifieke getal van tussen 3000 - 6000 - dus [+groepering], [+getalsnorm].


Vergelyk ook die volgende uiteensetting:



Uit voorgaande definisies van die verskillende woorde kan daar afgelei word watter kenmerke die betrokke groep per definisie besit, watter ongespesifiseerde kenmerke daar is, watter kenmerke nadere presisering toelaat (byvoorbeeld getal, soort lede, ens.) watter soort presisering toegelaat sou kon word, watter nie, ens.

In die volgende gevalle word die semantiese kenmerk [+menslik] geïmpliseer met die noem van NS1, naamlik komitee, genootskap en orde, terwyl [getalsnorm] nie hier 'n semantiese kenmerk is nie:

[4-7k]



Die s.nwe. lede, ekonome en geestelikes is hiponieme van die superordinaat mense; vergelyk in hierdie verband die woordeboekbetekenisse:

komitee: "groep persone gekies of aangestel vir 'n besondere taak uit en deur 'n groter liggaam" (HAT)

genootskap: "vereniging van persone wat 'n bepaalde gemeenskaplike doel nastreef" (HAT)

orde: "vereniging met vaste leefreëls" (HAT)

Die aantal mense waaruit bogenoemde groeperings kan bestaan, wissel. Die gemeenskaplike betekenisaspek is "groep persone gegropeer vir 'n gemeenskaplike doel". In die kombinasie orde geestelikes bepaal/bepers die stel van orde die semantiese milieu van geestelikes; benewens die feit dat orde beteken "vereniging met vaste leefreëls" word daar gepraat van "Orde van die Benediktyne, Ridderorde" en van ordebroeder as "lid van 'n geestelike orde". Die stel van geestelikes merk orde ten opsigte van 'n bepaalde godsdiensgroepeerings.

Die volgende is NS-kombinasies met die semantiese kenmerke [+kwantifiseerbaar], [+telbaar] en [+getalsnorm], naamlik:

[4-7l]

gros $\supset$ 144
dosyn $\supset$ 12
paar $\supset$ 2 (hier bepaald)
oktaaf $\supset$ 8

waar gros, dosyn, paar en oktaaf 'n vaste getal impliseer. Die noem van NS1 beperk die hoeveelheid wat geïmpliceer word deur die noem van NS2 tot die getal wat semanties gespesifiseer word deur NS1. Die volgende kombinasies is semanties redundant of nieredundant, afhangend van die oogmerk van die spreker:

'n *gros*, d.w.s. 144
 'n *dosyn*, d.w.s. 12
 'n *paar*, d.w.s. 2
 'n *oktaaf*, d.w.s. 8

Die sinsnede dit wil sê dien as semanties sintaktiese inleier tot parafrasering. Dat NS1 'n soortnaamwoord is, het volgens Ponelis (1979: 155 e.v.) te doen met die sentrale semantiese funksie van sodanige NS-konstruksies, naamlik kwantifisering. Behalwe dat NS1 'n soortnaamwoord is, word dit getrek uit 'n leksikale versameling wat oorwegend met getal, maat of hoeveelheid te doen het. NS1 dui in bogaande gevalle 'n spesifieke hoeveelheid aan.

In gevalle waar identieke semantiese en vormlike herhaling ten opsigte van die NS1-kombinasie toegepas word, bewerk hierdie herhaling **intensivering** en **beklemtoning**:

dosyne en dosyne eiers = "baie eiers"
liters en liters water = "baie water"
tonne en tonne appels = "baie appels"

Terwyl NS1 as gespesifiseerde maat in voorgaande gevalle reeds idioomstatus bereik het, is dit nie die geval met al die NS1-items in hierdie paradigma nie; die volgende maataanduiders, naamlik gros, gram en hektaar soos in:

* *grosse en grosse potlode*
 * *gramme en gramme margarien*
 * *hektare en hektare grond*

is nog nie geïnstitusioneel nie - moontlik vanweë die lae gebruiksfrekwensie van die items en die inherente betekenis gekoppel aan hoeveelheid, gewig en oppervlakte.

In die NS-kombinasie met die kenmerkspesifikasie [-natuurlik], [-menslik], [+kwantifiseerbaar], [+telbaar], [-getalsnorm], [+serie], [+NS1] $\supset$ [NS2], naamlik:

[4-7m]

biblioteek boeke
flottielje duikbote

impliseer die noem van NS1 wel NS2; die primêre semantiese lesing van byvoorbeeld biblioteek is "'n versameling boeke". Daar word nie per definisie geïmpliseer hoe die boeke saamgestel/georden, ens. is nie.

Vergelyk ook die volgende konstruksie:

[4-7n]

<u>'n stuk of + bep.tw. + NS2</u>		
<i>'n stuk of tien</i>	<i>dae</i>	
<i>'n stuk of sewe</i>	<i>honde</i>	

Wat daar eintlik gesê word met so 'n konstruksie, is die volgende:

'n dag of tien : "ongeveer 10 dae"
'n hond of sewe : "ongeveer 7 honde"

Nie alleen is die volgende sintukke semanties redundant nie, maar daar is ook 'n betekenisverandering ter sprake:

'n dag of tien dae
 kan ook beteken
"een dag of tien dae"

'n hond of sewe
 kan ook beteken
"een hond of sewe honde"

Daar is ook gevalle van eensydige implikasie waar NS1 NS2 impliseer. Eensydige (progressiewe) implikasie beteken dat die stel van NS1 NS2 impliseer, maar nie dat die stel van NS2 NS1 impliseer nie:

[4-7o]

ruiker $\supset$ *blomme* (as eerstekeuse-hiponiem)
blomme $\supset$ *óf ruiker óf bos óf bedding*, ens.

In ruiker lê die primêre assosiasie met *blomme*, ook *blomme* as versameling³. Blomme is ongespesifiseerd ten opsigte van bepaalde kenmerke soos hoeveelheid, samestelling, ens. wat dan presisering toelaat: 'n bedding, bos, ruiker blomme. Hierdie presisering verskil egter van mekaar vir sover hulle tot die superordinaat beperk is al dan nie; ruiker is byvoorbeeld beperk tot blomme (en dan net in die primêre betekenis):

Hy het vir haar *'n ruiker* gestuur.

³ Volgens Ponelis (1979: 156) dui NS1 'n versameling aan waarvan die organisasie kan strek van baie los soos in 'n bos blomme tot baie gehê en gestruktureerd soos in 'n ruiker blomme. Die semantiese kenmerke wat die NS-kombinasie as geheel sal dra, sal bepaal word deur die gemerktheid van NS2: blomme.

Maar aangesien ruikers ook met ander entiteite as blomme saamgestel kan word, kan daar wel gepraat word van vir haar 'n ruiker blomme stuur (teenoor 'n ruiker versuikerde vrugte). In laasgenoemde slaan ruiker dan op 'n versameling van 'n spesifieke aard.


Die stel van NS1 impliseer EEN of 'n bepaalde leksikale item as NS2. Die volgende kombinasies bestaan nie, as gevolg van die semantiese onversoenbaarheid van die twee gegewe lede as s.nwe. in kombinasie:

[4-7p]

- * *bedding polisie*
- * *sloer kamele*
- * *peloton duiwe*

In die geval van byvoorbeeld biblioteek boeke, geld dit dat NS1 NS2 impliseer, hoewel die getal ongespesifiseer is. NS1 kombineer nie met 'n algemene superordinaat soos dié met [+getalsnorm] nie, en die wydlopende lê superordinaat is nie onderskeidend genoeg nie. Elke kombinasie het sy eie hiponimiese hiërargie, wat nie veralgemeen kan word nie:

[4-7q]



Biblioteek impliseer "versameling leesstof", maar dit is verder ongepresiseer ten opsigte van die aard van die leesstof. Dus kan dié gespesifiseer word sonder om tot redundansie aanleiding te gee:

'n biblioteek $\supset$ *tydskrifte/woordeboeke/romans*

Indien slegs biblioteek gebruik word, is die ongemerkte lesing " 'n versameling leesstof".

Daar kom heelwat affikse en komponente met kollektiewe funksie voor in Afrikaans. NS1 het die volgende kenmerke, naamlik:

- (1) dit is dikwels die tradisionele versamelnaam, byvoorbeeld trop soos in trop beeste of swerm soos in swerm bye;
- (2) dit dui op die versameling van wat in NS2 benoem word, en
- (3) dit (a) kombineer met NS2 of (b) tree alleen op.

Die volgende is kenmerkend van *skynversamelname*:

- (1) dit is 'n enkelbenaming vir onder andere 'n groep mense, ens.;
- (2) dit tree nie op in kombinasie met 'n tweede NSnie (vergelyk *publiek mense), en
- (3) in die woord self lê die betekenis van 'n kombinasie

reeds opgesluit.

Die noem van die versamelnaam impliseer reeds die soortnaamwoord in die kombinasie [NS1 + NS2]:

[4-7r]

inspektoraat $\supset$ *groep inspekteurs*
⏟
 (onderbou)

Die noem van inspekteurs in kombinasie met inspektoraat (waarin die s.nw.-kombinasie groep inspekteurs reeds ingebed lê) lei tot semantiese redundansie.

- (4) Die noem van NS1 laat geen twyfel oor dit waarna verwys word nie:
inspektoraat $\supset$ mense en nie miere, beeste of tafels nie.

Opsommend

Uit hierdie afdeling oor NS-kombinasies het die volgende geblyk: NS1 is die kernelement van die kombinasie en NS2 spesifiseer bepaalde semantiese kenmerke van NS1. Afhangend van watter element optree as NS1 word die keuse van elemente wat as NS2 kan optree, beperk. 'n NS1 soos bos impliseer 'n veel groter hoeveelheid elemente wat moontlik as NS2 kan optree, terwyl ruiker semanties meer afgestem is:

bos $\supset$ *hare/blomme/wortels/vis*, ens. (verskillende woordvelde)
ruiker $\supset$ *blomme/vrugte/lekkers*, ens. (ongeveer dieselfde woordveld)

Daar is elemente met die semantiese kenmerk [+getalsnorm] wat verwys na 'n spesifieke getal, maat of gewig. Duplikasie van sommige van hierdie elemente dui op intensivering en is idiomaties/geïnstitutionaliseer (vergelyk tonne en tonne appels asook tonne en tonne liefde (abstrak)). Versamelname tree op soos NS1 maar die kombinasie NS1 (versamelnaam) + NS2 lei tot semantiese redundansie (*inspektoraat inspekteurs).

(b) BETREKLIKE KONSTRUKSIES

Die fokus val in hierdie onderafdeling op NS-konstruksies waarin die kernnaamwoord (A) (plus voorbepaling) deur 'n betreklike bysin (B) gekwalifiseer word. Voorbeelde soos die volgende ressorteer hieronder:

[4-8a]

(A + B)

[Sake van gemeenskaplike belang][wat almal raak], word op die vergadering bespreek.

[4-8b]

Afrikaans het 'n groot gedaanteverwisseling ondergaan voordat dit die *[huidige vorm][wat tans bestaan]*, aangeneem het.


[4-8c]

Hulle kan nie genoeg voorbereidings tref vir *[die toekoms][wat voorlê]* nie.

[4-8d]

Boeke is een van *[die kosbaarste besittings][wat 'n mens besit]*.

Sintakties het hierdie konstruksies die volgende struktuur:



Die B-element kan optree as parafrase/presisering van die kernnaamwoord of as 'n voorbepaling by die kernnaamwoord. Hier word gekyk na die funksie van die betreklike bysin en hoe dit hier in die SH-konstruksie aangewend word. Dit blyk uit die voorbeelde dat die normale funksie en semantiese relasie ingespan word vir die ongemerkte lesing van so 'n uitdrukking.

Kontaminasie kenmerk hierdie groep voorbeelde:

[4-8e]

voorbereidings vir die toekoms wat voorlê
toekoms $\supset$ "die tyd wat nog voorlê"

Die semantiese redundansie kan opgehef word deur een van die ooreenstemmende vormlik semantiese elemente te vervang met 'n sinoniem wat nie klanklik ooreenkom met die kernelement nie:

[4-8f]

besittings + besit $>$ *besittings + het*
(besit = "om te hê")

4.2.1.4 NS-KONJUNKSIES

Die volgende voorbeelde met die struktuur (A/B = B/A) ressorteer hieronder:

[4-9a]

Hy het sy *emosies en gevoelens* getoon.

[4-9b]

Die *afsluiting en slot* van die verhaal was roerend.

[4-9c]

Hierdie maatreëls is nodig om *kontrole en beheer* uit te oefen.


[4-9d]

Die produk is van *uitstekende kwaliteit en goeie gehalte*.


Die sin

Hy het sy *emosies en gevoelens* getoon

met die stukbeeld:



word deur neweskikkingskrapping gereduseer word tot:



Daar is semantiese beperkings wat geld ten opsigte van die twee konjunkte in die neweskikkingskonstruksie met en. Een daarvan is dat NS1 nie volkome sinoniem aan NS2

kan wees nie. Dit volg uit die beperkings op neweskikkingskrapping.

Die SH-kombinasies van die volgende sinonieme

Romaans Germaans

emosies en *gevoelens* [4-9a]

kontrole en *beheer* [4-9c]

kwaliteit en *gehalte* [4-9e]

is weer eens voorbeelde van woorde van Romaanse herkoms wat spontaan/gemaklik kombineer met woorde van Germaanse herkoms; vergelyk ook die sterk betekenisooorenkoms tussen die betrokke woorde in die woordpare:

emosie: "gemoedstoestand; ontroering, sterk **gevoel**"

gevoel: "emosionele sy van 'n mens se karakter,
gemoed, **emosie**"

kontrole: "**beheer**, toesig"

beheer: "bestuur, toesig, **kontrole**"

Deur semantiese herhaling word intensivering verkry:

kontrole en beheer > *absolute/volkome kontrole/beheer*

In die voorbeeldsin:

Die produk is van *uitstekende kwaliteit en goeie gehalte*

is dit die twee adjektiewe naamlik uitstekend en goeie wat die sinonimie ophef: daar bestaan 'n bepaalde graadverskil tussen hierdie twee adjektiewe as leksikale items, en hierdie verskil word oorgedra op die twee s.nwe. waarmee hulle onderskeidelik kombineer.

Vergelyk die volgende ten opsigte van die twee woorde van Germaanse herkoms, naamlik afsluiting en slot: van die werkwoord afsluit ("'n end maak aan, beeindig") word die s.nw. gevorm wat hier in die verkeerde semantiese konteks/milieu gebruik word. Die s.nw. slot, wat beteken "einde, afloop (van 'n saak/verhaal)" is die korrekte vorm; afsluiting is die semanties redundante vorm.

Die geringe stilistiese en sintaktiese verskille tussen sinonieme is oënskynlik nie van soveel belang dat dit semantiese herhaling blokkeer nie. Dit lyk hier ook of primêre betekeniswaardes van kernbelang is.

Hoë gebruikersfrekwensie laat die SH-konstruksies na idiome neig, wat ook sintakties 'n analoë vorm het in konstruksies soos die volgende:

[4-9e]

'n Ieder en 'n elk en 'n enkele

4.2.1.5 GENUSONDERSKEIDING

Ten opsigte van genusonderskeiding in Afrikaans, kom daar ook gevalle van semantiese herhaling (redundant en nieredundant) voor. In die loop van die bespreking gaan hierdie gevalle behandel word.

Daar is bepaalde riglyne waarvolgens genusonderskeid, naamlik dié tussen manlike en vroulike in Afrikaans optree, en dit word op 'n bepaalde wyse grammatikaal (veral morfologies) en semanties gemanifesteer.


In die lig daarvan dat die genusonderskeid beperk is tot die semantiese kenmerk [+lewend], is die stel van die kenmerk [+konkreet] redundant. Die betrokke leksikale items voldoen aan die volgende semantiese kenmerkspesifikasie, naamlik:

[4-10a]

[+lewend] <i>mens</i>	[-lewend] <i>lyk</i>
[+menslik] <i>mens</i>	[-menslik] <i>dier</i>
[+genusneutraal] <i>mens</i>	[-genusneutraal] <i>man, vrou;</i> <i>reun, teef</i>
[+vroulik] <i>verpleegster</i>	[-vroulik] <i>verpleër</i>

Die volgende kategorieë word onderskei ten opsigte van die leksikale items wat [+menslik] gemerk is:

[4-10b]



Indien daar van hierdie spesifikasiereëls oortree word deur die toevoeging van ekstra semantiese genusinligting, lei dit gewoonlik tot semantiese herhaling.

In daardie gevalle waar genusonderskeid getref word met behulp van suffikse, is sodanige

suffikse semanties gemerk met die onderskeidingskenmerk [+vroulik], soos byvoorbeeld in die woord

[4-10c]

biblioteekaresse (< *biblioteekaris* + *esse*)

Indien die [-vroulik]-vorm as enigste genusvorm gebruik word, moet daar semanties op een of ander manier onderskei word of daar van 'n man of 'n vrou sprake is:

Dit is 'n *biblioteekaris* [$\pm$ vroulik]

Sy is 'n *biblioteekaris* [+vroulik]

Hy is 'n *biblioteekaris* [-vroulik]

In die laaste twee gevalle is die voornaamwoord die genusonderskeidende element. Wanneer die voornaamwoorde begin deurmekaar loop soos in die volgende geval, is daar heelwat verwarring:

[4-10d]

Die respondent (van 'n vraelys) moet aandui: *is hy 'n man of is hy 'n vrou* (!)

Die lesing

Dit is 'n *vroulike biblioteekaris*

sonder 'n voornaamwoordverwysing, kan een van twee lesings hê, naamlik die volgende:

- (1) dit is 'n biblioteekaris wat 'n vrou is, of
- (2) dit is 'n biblioteekaris (manlik! of vroulik) wat sterk kenmerke van vrou-wees besit.

In die eerste geval geld die primêre semantiese lesing, naamlik dié van genusonderskeiding; in die tweede geval geld die sekondêre semantiese lesing, naamlik dié van die bykomende semantiese verwysing na vroulikheid. Die elemente manlike en vroulike is in hierdie en soortgelyke gevalle semanties tweeledig interpreteerbaar.

Indien dieselfde toepassing geld by 'n genusgemerkte vorm, vind daar semantiese herhaling plaas. In die lesing:

Dit is 'n *vroulike biblioteekaresse*

bestaan daar nie verwarring ten opsigte van genus nie; die genusgemerkte suffiks toon aan dat die leksikale item [+vroulik] gemerk is; die stel van vroulike dui verder aan dat hierdie vrou, benewens die feit dat sy 'n vrou is, ook verder sterk kenmerke het van "vrou-wees" dit wil sê hoe 'n ware vrou behoort te wees. In hierdie geval is die tweeledige aanduiding van genus 'n voorbeeld van aanvaarbare semantiese herhaling. Die samekoppeling vrouebiblioteekaris is semanties aanvaarbaar, maar sowel vrouebiblioteekaresse as die biblioteekaresse is 'n vrou is semanties redundant, want daar bestaan in die geval van vroue-/vrou nie daardie sekondêre semantiese lesing waar laasgenoemde meer as net genusonderskeidend optree nie.

Die volgende genusredundante vorme is ook aangeteken:

[4-10e]

mansekretaris (*sekretaris* $\supset$ "man")

ministeres (*minister*: genusneutraal; *-es* redundant)

Daar is suffikse soos -aard in grysaard wat nie genusonderskeidend is nie; in hierdie en soortgelyke gevalle is die konteks (in dié opsig die voornaamwoord) die enigste genusrigtingwyser:

[4-10f]

Hy/Sy is 'n *grysaard*

Die gebruik van die leksikale items manlike en vroulike kan in hierdie geval suksesvol gebruik word as genusaanduider indien die voornaamwoord nie as onderskeier gebruik word nie; vergelyk:

Dit is 'n *vroulike* *grysaard*.

Dit is 'n *manlike* *grysaard*.

teenoor

Sy is 'n *vroulike* *grysaard*.

Hy is 'n *manlike* *grysaard*.

In laasgenoemde twee gevalle lei die stel van die genusonderskeidende voornaamwoord TESAME met die leksikale elemente vroulike en manlike tot semantiese herhaling, TENSY die sekondêre lesing van manlike en vroulike, naamlik: kenmerkend van man-wees/vrou-wees gebruik word.

Indien voorbeelde soos grysaard en bewonderaar geforseerd klink indien dit op 'n vrou toegepas word, bestaan daar benewens die gebruik van die adjektief vroulike ook die vorm vrou-; in hierdie gevalle hoef daar nie in die konteks gebruik gemaak te word van die vroulike voornaamwoord nie en die opeenstapeling van genussuffikse word voorkom. Indien die adjektief vroulike nie gestel word nie, is die aanname in 'n konteks soos:

Dit is

dat daar na 'n manlike persoon verwys word.

Die algemene meervoudsvorm is ook genusneutraal, tensy spesifiek gemerk. Algehele neutraliteit heers binne so 'n konteks aangesien die voornaamwoord (3e persoon, meervoud) geen kenmerk van genusgemerktheid bevat soos wat die geval is met hy/sy en hom/haar nie; vergelyk:

[4-10g]

Hulle is *bioloë*.

Die bioloë woon 'n kongres by.

Hierdeur word geïmpliseer óf bioloë van albei geslagte óf bioloë wat mans is. Indien daar verwys word na 'n aantal vroue wat bioloë is, is 'n definitiewe genusaanduiding nodig, naamlik:

Hulle is vroulike bioloë.

Hulle is vrouebioloë.

Hoewel die gebruik van die genuselement, naamlik vroue- minder algemeen voorkom, kan die gebruik daarvan in sekere gevalle semanties ook minder problematies wees. In die geval van vrouebioloë bestaan daar geen primêre teenoor sekondêre semantiese lesing nie, en betekenisverwarring kom derhalwe nie voor nie. Gevalle soos:

[4-10h]

Dit is 'n *vrouedokter*

het egter te doen met meerduidigheid; dus kan die vraag ontstaan (buite konteks) of daar verwys word (1) na 'n dokter (manlik of vroulik) wat 'n spesialis van vrouesiektes is, d.w.s. 'n ginekoloog, of (2) na 'n dokter wat 'n vrou is. Indien albei lesings moontlik is, soos wel in hierdie geval, kan die semantiese verwarring opgehef word deur in die eerste geval gebruik te maak van die Romaanse leenwoord ginekoloog. In hierdie en ander soortgelyke voorbeelde waar 'n interpretasieverwarring bestaan, word eerder 'n omskrywing gegee.

Vergelyk ook die volgende:

[4-10i]

Hy/Sy is die *eienaar* van die winkel.

Sy is die *eienares* van die winkel.

teenoor

Hy/Sy is die *gyselaar* in die drama.

Sy is die **gyselares* in die drama.

Hoewel daar in albei gevalle van dieselfde suffiks, naamlik -aar gebruik gemaak word, geld die [+vroulik]-onderskeid slegs eienares en nie **gyselares* nie. Dit is ook interessant om daarop te let dat die morfologiese opbou van eienares twee stappe volg en dat die genusneutrale vorm die eerste stap is:

1 2
[*eien*+*aar*] + *es*

Die oorgrote hoeveelheid woorde in hierdie kategorie (dié met die suffiks) verwys na een of ander beroep. Aangesien die vroue se beroepsgerigtheid en -mededinging (1) in baie beroepe nie bestaan nie en (2) in die meeste beroepe beperk was en in 'n mate nog is, bestaan daar nie oor die algemeen 'n groot aantal woorde wat na beroepe verwys wat deur vroue gevul is nie, aangesien daar voorheen nooit 'n behoefte bestaan het aan die skepping van so 'n spesifiek-gemerkte vroulike vorm nie. In die beroepswêreld is sodanige werke/poste gewoonlik deur mans gevul; op beroepsgebied is "manlike" dus ongemerk.

Waar die vrou nou sodanige beroepsgebiede betree, word dieselfde benaming in baie gevalle

op haar toegepas sonder gebruikmaking van die gemerkte vrou-suffikse ter wille van genusonderskeid. Die hoër status en gesofistikeerdheid wat aan sulke beroepe geheg word, verminder genusdiskriminasie. Beroepsverdraagsaamheid ten spyte van kompetisie speel ook 'n rol in die aanvaarding van 'n vrou wat 'n bepaalde beroep beoefen. Vergelyk byvoorbeeld die volgende beroepsbenamings wat genusneutraal is:

[4-10j]

Sy is 'n dokter/regter/advokaat/kollega.

Vroue word nou as polisiemanne, soldate en vegtersloodse opgelei.

Die verwysing na -manne in polisiemanne staan in kontras met polisievrout ('n term wat wel bestaan); -manne kan hier egter ook as genusneutraal geïnterpreteer word om te verwys na mense.

Daar is sekere leksikale items wat ten spyte van hulle 'neutrale' voorkoms [+vroulik] gemerk is; vergelyk:

[4-10k]

Dit/sy is 'n nimfomaan

wat 'n uitdrukking soos vroulike/vrouenimfomaan 'n geval van redundante semantiese herhaling sal maak. Die ander morfologiese vorme op -maan is 'neutraal' byvoorbeeld kleptomaan en bibliomaan. In die element nimf- lê die genuskenmerk [+vroulik] ingebed, en NIE in die suffiks -maan nie. Of daar in hierdie geval dit of sy gebruik is, maak geen verskil aan die genusaanname van die geheelkonstruksie nimfomaan nie. Soos reeds gesien, maak die kontekstuele gebruik van dit of sy/hy in talle ander gevalle wel 'n semantiese verskil. Hierteenoor kan kleptomaan, ens. wel sonder semantiese herhaling as vroulike of manlike gemerk word.

Vergelyk ook die volgende:

Die nimfomaan is 'n vrou (SHR)

teenoor

Die kleptomaan is 'n vrou (SH)

Die element vroue- word ook gebruik in gevalle waar 'n byna gelykluidende leksikale item bestaan, maar wat 'n genusmorfeem besit; vergelyk:

[4-10l]

vroue-instrukteurs

in plaas van

instruktrises

Daar is 'n kategorie wat veral betrekking het op 'n negatiewe [+vroulik]-seksualiteit. Die sosiale afkeur en verwerping van sekere vorme van seksuele gedrag veroorsaak dat die benaminge vir sulke vroue 'n negatiewe konnotasie het en hierdie leksikale items is eintlik

skeldbenamings, byvoorbeeld slet, hoer, ens. Eufemismes kom nie in hierdie verband voor nie. Daar is nie soortgelyke [-vroulik]-teenhangers nie. Die noem van prostituut of prostitusie impliseer 'vroulik' en indien wel na 'manlik' verwys wil word, sal dit adjektiwies gemerk moet word as manlike prostituut/prostitusie.

Die volgende skynbaar genusteenstrydige konstruksies kom ook voor:

[4-10m]

Sy is 'n Fransman.

Sy staan haar man.

Sy speel derdemannetjie.

In al die gevalle is daar variante van dieselfde element aanwesig wat baie sterk manlik gemerk is, naamlik onderskeidelik -man, man en -mannetjie. In die eerste geval geld die -man in Fransman as genusneutrale aanduiding waar dit verwys na "mens van Franse afkoms/mens afkomstig van Frankryk/mens behorend tot die Franse volk". Ook in die geval van man in die idiomatiese uitdrukking jou man staan beteken man "mens". In hierdie kontekste is die elemente diachronies ontdaan van genusonderskeiding.

Die idiomatiese benaming derdemannetjie is ook neutraal. Die gebruik van enige genusonderskeidende item sal semanties redundant wees. Die meerduidig interpreteerbare konteks soos:

[4-10n]

Dit is 'n vroulike Fransman

kan deur omstelling en omskrywing opgehef word deur die volgende konstruksie in die plek daarvan te stel:

Dit is 'n Franse vrou [+vroulik]
teenoor

Dit is 'n Fransman [-vroulik]

Sonder die eksplisiete stel van die voornaamwoord sy is Fransman nie interpreteerbaar as synde [+vroulik] nie.

Naturifikasie

Daar bestaan die neiging in Afrikaans om metafores na mense te verwys deur diername aan hulle toe te ken. Sodoende word daardie kenmerkende eienskap(pe) van 'n bepaalde dier gekoppel aan 'n persoon. Sodanige diername kan op sowel mans as vroue toegepas word, afgesien daarvan of afsonderlike terme bestaan vir die [+vroulik]-gemerktheid van die dier. So byvoorbeeld is die vorm aap genusneutraal, die vorm merrie [+vroulik] en wolf [-vroulik].

Hoewel die semantiese onderskeid dus lê tussen [+menslik] en [-menslik] (waaronder [+dierlik]) word daar in talle gevalle na mense verwys met behulp van leksikale items uit hierdie [-menslik]-sfeer; vergelyk:

[4-11a]

<i>Jan is 'n (ou) ramkat</i>	[+dierlik], [-vroulik], [positief]
<i>An is 'n geitjie</i>	[+dierlik], [+vroulik], [negatief]
<i>Jan is 'n pampoen</i>	[-dierlik], [+genusneutraal], [negatief]
<i>An is 'n rissiepit</i>	[-dierlik], [+vroulik], [negatief]

Dit sou dus 'n semantiese kenmerk-oortreding wees wat op semantiese herhaling neerkom, indien daar enige genuselement-toevoeging sou wees in sodanige gevalle; vergelyk:

*Jan is 'n *manlike ramkat*
*An is 'n *vroulike geitjie*

want ramkat impliseer [-vroulik] en geitjie impliseer [+vroulik]. Ander eienskappe soos gawe in gawe ou ramkat of kwaai in kwaai geitjie is egter aanvaarbaar omdat hierdie adjektiewe nie genusgemerk is nie.

Die volgende is voorbeelde van 'n absoluut verkorte vergelyking waardeur 'n persoon uitgekryt of gevelei kan word, deur een van die volgende te sê:

[4-11b]

<u>Positief</u>	<u>Negatief</u>
Jou <i>doring</i> !	Jou <i>aap</i> !
Jou <i>roosknoppie</i> !	Jou <i>pampoen</i> !
Jou <i>ramkat</i> !	Jou <i>wurm</i> !

Ten opsigte van die verkorte vergelyking is daar 'n belangrike verdeling ter sprake, naamlik die positiewe verwysing (wat die melioratiewe betrek) en die negatiewe verwysing (wat die pejoratiewe betrek). Hierdie soort positiewe en negatiewe verwysing staan nie noodwendig in opposisie nie, maar het die persoon na wie verwys word, as sentrale punt.

Die verkorte vergelyking is 'n interessante voorbeeld van die belangrike rol wat onder andere **Naturifikasie** in ons konseptualisering van die wêreld speel. So word daar byvoorbeeld aan 'n aap onder meer die kenmerk van domheid toegesê, en indien jy iemand nou 'n aap sou noem, word hierdie kenmerk met die noem van hierdie dierenaam geïmpliseer en op die betrokke mens oorgedra.

Maar indien die spreker sy uiting ernstig wil versterk sodat daar nie onsekerheid sou bestaan oor dit wat hy wil sê nie, maak hy 'n effektiewe dog eenvoudige plan: met behulp van 'n enkelwoord-toevoeging word daar meteens sterk intensiteit verleen aan so 'n uiting, want die semantiese vaagheid van sulke enkelwoorde word opgehef met die plasing van die betrokke adjektief:

[4-11c]

Verkorte vergelyking

>

Kort vergelyking

(B + A)

Jou *aap*!Jou *onnosele aap*!Hy is darem 'n *jakkals*!Hy is darem 'n *skelm jakkals*!Jou *luis*!Jou *lae luis*!Wat 'n *ratel van 'n man*!Wat 'n *taaie ratel van 'n man*!Wat 'n *pampoen*!Wat 'n *dom pampoen*!

Die betrokke adjektief wat juis die besondere kenmerk wat gekoppel word aan hierdie of daardie dier, plant, ens. benoem, word voor die selfstandige naamwoord geplaas; op hierdie manier word fokussering bereik.

'n Element soos onnosel in *onnosele aap* werk nie net intensiverend nie, maar is vereenduidigend ten opsigte van die (nie)metaforiese lesing.

Daar is natuurlik ook uitdrukkings (vergelykings) soos:

*so taaï soos 'n ratel**so onnosel soos 'n aap*

sodat taaie ratel, onnosele aap as kontaminasievorme beskou kan word van

*ratel + taaï soos 'n ratel**aap + onnosel soos 'n aap*

Maar hier is dieselfde proses as by ander gevalle, naamlik (oor)fokusering op 'n besondere/bepaalde semantiese kenmerk van die kern wat alreeds as een van die primêre semantiese kenmerke van die kern beskou kan word. Verder gaan dit hier om leksikale items wat polisemanties is, sodat die (redundante) B-element die metaforiese interpretasie aan die orde stel. Dit is verder egter 'n geval van semantiese herhaling indien die konteks hier in aanmerking geneem word, wat duidelik of tipies dié van die niemetaforiese interpretasie is, naamlik:

*Jou pampoen/aap**Hy/Sy is 'n (regte) pampoen/aap*

teenoor

Dit is 'n (regte) pampoen/aap

Intensiteit kan toegevoeg word deur van die volgende semantiese herhalingsmeganismes gebruik te maak:

[4-11d]

- (1) herhaling van die adjektief (selfs 'n leenwoordsinoniem) wat die betrokke s.nw. belig:

Jou onnosele, onnosele aap!

Jou stupid, onnosele aap! (stupid: hibridiese vorm)

Vergelyk die volgende:

Pool A	Pool B
Gespresiseerd	Ongepresiseerd

(Jou) onnosele aap Jou aap

- (2) Herhaling van s.nwe. waaraan dieselfde/sinonieme kenmerk gekoppel word:

Jou aap, jou bobbejaan!

waar die eienskap 'domheid' met sowel die aap as die bobbejaan vereenselwig word. Hierdie konstruksie kan soos volg ontleed word:

Jy is 'n aap + jy is 'n bobbejaan

Streng ekonomie word hier toegepas en slegs die essensiële elemente bly agter as volwaardige sintaktiese konstruksie:

Jou aap, jou bobbejaan!

In aansluiting hierby ook die volgende voorbeelde:

(B + A)	
So 'n <i>smerige kanis</i> !	(<i>kanis</i> : "smerige mens")
(B + A)	
Dis darem 'n <i>spekvet pokkel</i> daardie!	(<i>pokkel</i> : "spekvet mens")
(B + A)	
Jou <i>onnosele idioot</i> !	(<i>idioot</i> : "onnosel mens")

In elk van hierdie konstruksies is die semantiese herhalings-elemente verantwoordbaar omdat hulle gebruik word ter wille van versterking/intensivering.

In die Stilistiek staan hierdie verskynsel bekend as die stylfiguur **Epiteton** (Wybenga, 1988: 128) wat die "geykte gebruik is van 'n spesifieke byvoeglike naamwoord met 'n selfstandige naamwoord". Dié term word ook gebruik vir die toeskryf van sekere kenmerke aan die naam van 'n persoon; vergelyk die volgende voorbeelde:

[4-11e]

'n roekelose Jehu

'n geduldige Job

'n sagmoedige Neelsie

Wybenga skryf verder dat dieselfde semantiese herhaling byvoorbeeld geld in nuuskierige agie en gierige midas waar daar reeds in die noem van die eienaam 'n bepaalde semantiese kenmerk aan hierdie eienaam toegesê word. Die noem van die eienaam in kombinasie met die betrokke adjektief sou semanties redundant wees indien die hoorder sou weet dat die noem van Job ook vir sy hoorder "geduld" impliseer. Dit sou egter nie redundant wees indien die hoorder nie weet watter eienskap daar geïmpliseer word met die noem van die eienaam nie, of indien die spreker juis deur die gebruik van die adjektief semantiese klem op die geheelkonstruksie wil plaas.

In verdere aansluiting by die [+dierlik]-voorbeelde die volgende: dit is 'n algemene neiging in kindertaal om die volgende soort semantiese herhaling te gebruik:

[4-11f]

Dit is die *Pappa Haan*, *Mamma Hen* en hulle *drie babakuikens*.
Die *Pappa Bul* is kwaaiër as die *Mamma Bul*.

Oor die algemeen word die genusongemerkte vorm, naamlik die superordinaat hoender nie gebruik nie. Pappa Hoender en Mamma Hoender is nie aangeteken nie. Dieselfde geld Pappa Bul (in plaas van Pappa Bees), en die kombinasie Mamma Bul (wat genusgesproke onversoenbaar is). Die gebruik van Bul saam met Mamma is aanduidend dat bul gevoel word as die superordinaat. Daar was 'n televisiereeks met die naam *Pappa Hen* wat gehandel het oor die geskeide man wat vir sy vier jong kinders moes sorg en wat figuurlik gesproke gekloek het om hulle soos 'n Mamma Hen!

Dit gaan in hierdie gevalle nie net om semantiese herhaling nie. Pappa in Pappa Haan fokus ook op die sosiale rol van Haan. Die eksplisiete noem van Pappa en Mamma het ook ten doel om [+menslik]-rolverhoudinge op 'n diergesin te projekteer. Hieruit kan 'n algemene afleiding gemaak word dat hier bepaalde superordinaat en subordinaatverhoudings en -verskuiwings plaasvind as dit by genusaanwysing kom. Bees (superordinaat) is die genusneutrale vorm. Om genusonderskeid aan te dui indien een van die (genusgemerkte) subordinate geselekteer word, moet genus eksplisiet gemerk word. Maar ook hier lei Pappa in Pappa Bul nie tot semantiese redundansie nie, en Mamma in Mamma Bul nie tot kontradiksie nie, omdat die fokus val op die sosiale rolbesetting (vergelyk ook Pappa Haan en Mamma Hen).

Opsommend

Daar bestaan 'n noue semantiese verband tussen die s.nw.-kern en die adjektief as sy bepaler in die sintaktiese struktuur (B + A). 'n Bepaalde semantiese kenmerk wat gemeenskaplik ook die belangrikste is, kom voor as betekeniselement van A en word herhaal/gereflekteer in die betekenis van die adjektief as bepalerelement B. Daar bestaan seleksiebeperrings binne die struktuur (B + A), aangesien (1) element B bepaalde semantiese kenmerke impliseer ten opsigte van A en (2) element A bepaalde semantiese inligting impliseer ten opsigte van B. In die swanger dokter impliseer swanger as adjektief (B) dat die s.nw. (in hierdie geval die genusongespesifiseerde s.nw. dokter (A)) die semantiese kenmerk [+vroulik] het.

Semantiese redundansie kom voor in gevalle waar bepaalde semantiese kenmerke sonder

semantiese regverdiging/behoefte, herhaal word soos byvoorbeeld in:

Die *nimfomaan* is 'n *vrou*.

Die s.nw. nimfomaan impliseer [+vroulik] en in hierdie konteks is die s.nw. vrou [+vroulik] 'n ooraanbod van eenderse semantiese inligting. Indien die volgorde andersom is, lei die semantiese implikasie nie tot redundansie nie:

Die vrou is 'n nimfomaan/kleptomaan.

Ten opsigte van Naturifikasie is die beklemtoning van die hoofkenmerk van die s.nw. (kerndeel A) byvoorbeeld aap, deur die adjektief (bepaler B) byvoorbeeld onnosel, semanties aanvaarbaar. Semantiese herhaling lei in hierdie geval tot die nodige intensivering.

4.2.2 SEMANTIESE HERHALING BINNE DIE WS

4.2.2.1 NS, s.nw. = WS, ww.

Hierdie afdeling is 'n onderdeel van NS-herhaling, hoewel dit herhaling is met 'n element buite die NS. Die volgende voorbeelde ressorteer hieronder:

[4-12a] (A + B)
'n Paneel (van) beoordelaars beoordeel vanaf 27 Mei tot 5 Junie.


[4-12b] (A + B)
Die soort *gebeurtenis gebeur*.

[4-12c] (A + B)
Periodieke *skriftelike* toetse word gereeld *geskryf*.

[4-12d] (A + B)
Die Sjinese studente het 'n *heldeontvangs ontvang*.

[4-12e] (A + B)
Die Here het *die beloftes belowe*.

Die volgende sinsvereenvoudiging toon duidelik aan in watter sinsdele vormlike en semantiese herhaling voorkom:



In [4-12a] en [4-12b] stem die s.nw. in die NS1 ooreen met die hoofwerkwoord van die WS. In [4-12c] - [4-12e] lê die fonologiese redundansie binne die WS, tussen die hoofwerkwoord en element in die voorwerps-NS.

Die semantiese herhaling lê dus daarin dat die gekose werkwoord van die nominaal ook die hoofwerkwoord van die sin as geheel is. Hierdie sinne is, soos die ander gevalle van semantiese herhaling, volkome grammatikaal, maar 'n stilistiese reël ten opsigte van fonologiese redundansie (wat nie duplikasie ter wille van intensivering is nie) dien hier as basis vir die oordeel dat die betrokke sinne vreemd of minder aanvaarbaar is. Gebruikersweerstand bestaan ten opsigte van klanklike herhaling soos die volgende:

A : NS	+	B : WS
<i>beoordelaars</i>		<i>beoordeel</i>
<i>heldeontvangs</i>		<i>ontvang</i>
<i>beloftes</i>		<i>belowe</i>
<i>gebeurtenis</i>		<i>gebeur</i>
<i>skriftelike toetse</i>		<i>skryf</i>

In [4-12b] - [4-12e] kom sowel die werkwoord as die NS voor in die WS. Daar bestaan sinonimie tussen die werkwoord en die betrokke deel binne die NS, en daar is ook 'n fonologiese morfologiese ooreenkoms tussen A en B.

Daar is twee maniere waarop hierdie soort semantiese fonologiese herhaling (redundansie) opgehef kan word:

(1) behou die s.nw. en vervang die werkwoord:

*'n paneel beoordelaars **keur** die werk*
*die soort gebeurtenis **vind** plaas*

lê skriftelike toetse af
'n heldeontvangs te beurt val
maak beloftes
het 'n uitsig

(2) behou die ww. en vervang die s.nw.

'n paneel beoordeel die werk
die soort ding gebeur

skryf toetse
ontvang soos helde
belowe (iets)
sien (iets)

Soos blyk uit die gerekonstrueerde kombinasies, kom dié soort semanties fonologiese herhaling neer op 'n verontagsaming van bepaalde idiomatiese konstruksies en vaste kombinasies. Die gewysigde konstruksies oorkom hierdie onidiomatiese sinstukke en maak gebruik van die geïnstitusioneerde elemente. Vergelyk byvoorbeeld toetse aflê, helde-($\supset$ eer)-ontvangs te beurt val, beloftes maak en 'n uitsig hê.

Nogtans word die volgende kombinasies ten volle aanvaar:

[4-12f]

'n Dokter dokter siekes.
Help waar hulp nodig is.

Hierdie en soortgelyke voorbeelde is al sodanig geïdiomatiseer, dat dit (die semantiese ooreenkoms tussen die NS en die HW) nie opval as semanties redundant nie, maar eerder as 'n soort voorspelbare en aanvaarbare semanties fonologiese herhaling.


4.2.2.2 IDIOMATIESE WOORDPARE (HENDIADISVORME)

Daar is baie idiomatiese woordpare in Afrikaans waar die geheelkonstruksie 'n semantiese eenheid vorm wat deurgaans semanties intensiverend optree. In gevalle soos die onderstaande bestaan daar 'n sinonimiese verband (volkome of gedeeltelik) tussen A en B:

[4-13a]

	(A/B	=	B/A)
	(A/B	+	B/A)
		bindpartikel	
(in)	rep	en	roer
	taal	nog	tyding
(sonder)	smet	of	blaam
met	stukkies	en	brokkies

Alhoewel idiomatiese uitdrukkings per definisie semanties as niekomposisionele elemente en dus as enkel leksikale items (teenoor sinstukke) geneem word (vergelyk Fraser 1970, Reagan 1987 en Carstens 1992), is hierdie konstruksies tog sintakties deursigtig. Hierdie konstruksies behoort sintakties tot die groep WS, NS, AS of Bw. waar die konjunkte telkens met 'n bindpartikel verbind word:



waar b: bindpartikel
 WS: ww. + b + ww.
 NS: s.nw. + b + s.nw.
 BEP: adj. + b + adj.
 Bw.: bw. + b + bw.

Die betekenis van die idiomatiese uitdrukking as geheel, is van kardinale belang in hierdie afdeling, aangesien dit die enigste manier is waarop die waarnemings oor die geheelbetekenis en dié van die onderdele in verband gebring kan word. Uit die gegewens is dit ook duidelik watter element (A of B) die naaste aan die geheelbetekenis lê.

Afgesien daarvan of die twee elemente volkome of gedeeltelike sinonieme is, diachroniese elemente bevat, ens., moet die **betekenisgeheel** voorrang geniet. Dit dien ook as ondersteuning vir die argument dat 'n idioom (afgesien daarvan of dit saamgestel is uit meer as een leksikale element) beskou word as een leksikale entiteit waaraan 'n bepaalde betekenis geheg word.

Daar word ingegaan op die betekenis van die dele van 'n idiomatiese konstruksie, aangesien die grade van (on)deursigtigheid aangetoon word. Komposisionaaliteit ((on)deursigtigheid) van betekenis al dan nie is 'n kwessie van graad; hierdie konstruksies is deels deursigtig vir sover die kernelemente telkens met die geheelbetekenis ooreenstem.

Die bindpartikel (meestal as neweskikker) speel 'n bepaalde semantiese rol - een wat nie 'n band van volkome sinonimie suggereer nie. Normaalweg bind sulke partikels JUIS elemente wat nie volkome sinonimies is nie (vergelyk Ponelis 1979: 605). Dit is dan ook die opvallende aspek van hierdie konstruksies dat die konstituerende elemente grade van sinonimiteit vertoon. Hierdie waarneming word in die loop van die bespreking aan die hand van die opvallendste voorbeelde geïllustreer.

Dit is nie al die idiomatiese woordpare wat met onder andere en verbind wat SH-elemente bevat nie; in die konstruksie


man en muis

bestaan daar geen sinonimie tussen A en B nie, maar 'n sekere graad van intensivering vind tog plaas. Dan is daar ook idiomatiese woordpare waar element A in opposisie staan met element B, hoewel onder andere die bindpartikel en gebruik word; vergelyk die volgende:

Antonieme
(deur) dik en dun
lief en leed
 teenoor
vroeër of later

In hierdie en soortgelyke gevalle is semantiese herhaling dus nie ter sake nie, aangesien omvang uitgedruk word. Daar word gevolglik nie verdere aandag aan hierdie soort voorbeeld gegee nie.

Die voorbeelde wat verteenwoordigend is van semantiese herhaling, kan soos volg uiteengesit word:



pais en vrede stukkies en brokkies heg en steg stamp en stote

In baie gevalle is die een element en sy betekenis synchronies onbekend. 'n Diachroniese analise is egter nodig om die semantiese verwantskap tussen A en B te belig. Synchroniese bekendheid word onder andere geïllustreer indien A of B afsonderlik in 'n sin gebruik kan word en as verstaanbaar geag kan word.

Die idiomatiese woordpare word dus onderskei waar daar tussen element A en B

- (1) volkome sinonimie, of
- (2) gedeeltelike sinonimie

bestaan. Daar word dus twee groepe woordpare onderskei, naamlik:

(1) Die woordpaar waar element A en element B volkome sinonieme is en waarvan die sintaktiese volgorde idiomaties vasgelê is:

(a) Albei lede kan op sinchroniese vlak bekend en volkome sinoniem wees, byvoorbeeld

[4-13b] *stukkies* *en brokkies*
 stukkies $\supset$ *brokkies*
 brokkies $\supset$ *stukkies*

(b) Een van die lede (element B) kan sinchronies onbekend wees omdat dit óf 'n diachroniese elemente (soos rot in rot en kaal) is, óf 'n leenwoord (soos Frans pais in pais en vrede) is wat sinoniem is aan die sinchroniese kernelement A.

Onder onbekende sinchroniese element word in hierdie konteks verstaan (i) 'n leksikale item wat nie meer hedendaags as selfstandige gebruikswoord funksioneer nie, of (ii) 'n hedentydse leksikale item wat so 'n lae gebruiksfrekwensie het dat dit vanweë daardie rede semanties byna net so onbekend is as die ware diachroniese element (hierby word ingesluit leenwoorde soos pais).

Waar een van die lede van die woordpaar sinchronies as bekend beskou kan word, tree sodanige element op as kernelement; deur hierdie element A word die woordpaar semanties as 't ware belig, terwyl element B die semanties onbekende element is wat (nog) slegs binne hierdie konstruksie voorkom en wat nie selfstandig kan optree nie (vergelyk weer eens rot in rot en kaal).

(2) Die woordpaar waar element A en B gedeeltelike sinonieme is en waarvan die sintaktiese volgorde idiomaties vasgelê is:

(a) albei lede kan op sinchroniese vlak gedeeltelik sinoniem wees, byvoorbeeld:

[4-13c]
 (A + B)
 (met) *stampe en stote*
 of

(b) een van die lede (element B) kan 'n diachroniese element wees, of 'n sinchroniese element met 'n heel lae gebruiksfrekwensie wat gedeeltelik sinoniem is aan die ander, die sinchroniese element, byvoorbeeld rep en wik in onderskeidelik:

[4-13d]
 B A
 (in) *rep* *en roer*
 wik *en weeg*

Element A is die kernelement binne die idiomatiese woordpaar, behalwe in gevalle van volkome sinonimie, of in gevalle waar albei die elemente gebruik binne die idiomatiese uitdrukking nie sinchronies interpreteerbaar is nie, soos byvoorbeeld in stel en sprong:

[4-13e]

op stel en sprong ("dadelik")

In hierdie en soortgelyke gevalle is die geheelbetekenis van die idiomatiese uitdrukking die enigste riglyn.

Die sintaktiese volgorde van die twee elemente is egter idiomaties vasgelê.⁴ In die geval van toevallige woordpare is die hoër status van A bo dié van B nie 'n faktor nie, omdat hierdie twee elemente plekke binne hul sintaktiese struktuur kan ruil.⁵

Ten opsigte van die vaste struktuur van 'n groot gedeelte van hierdie idiomatiese woordpare skryf Ponelis (1979: 605) die volgende oor simmetrie en hierdie vaste posisies:

"Prototipiese neweskikkende konstruksies is simmetries: die konjunkte kan naamlik in in enige volgorde verskyn; dus byvoorbeeld:
potlode, boeke en uitveërs
uitveërs, boeke en potlode, ens.

Idiomatiese neweskikkende konstruksies is egter assimetries. Die volgorde in hierdie neweskikkende konstruksies is vas en onomkeerbaar wat juis dui op die idiomatisiteit van hierdie konstruksies:

<i>raap en skraap</i>	<i>geen jota of tittel</i>
<i>*skraap en raap</i>	<i>*geen tittel of jota</i>

<i>buig of bars</i>	<i>in sak en as</i>
<i>*bars of buig</i>	<i>*in as en sak"</i>

Ten opsigte van heelwat idiomatiese woordpare is daar 'n bepaalde logiese volgorde in handeling wat hierdie vaste patroon vereis; die onomkeerbaarheid is dus nie net suiwer as gevolg van die geïnstitusioneerdheid of geïdiomatiseerdheid van hierdie konstruksies nie. Vergelyk byvoorbeeld die uitdrukking in sak en as (wees/sit) waar daar 'n logiese volgorde in handeling is waardeur die plasing van sak as eerste en as as tweede lid van die woordpaar optree:

Wanneer 'n mens idiomaties gesproke in sak en as sit, is jy in rou/groot droefheid gedompel; dit is 'n verwysing na die Oosterse manier van rou (vergelyk Jona 3:6 en Matt. 11:21). In Bybeltaal word die mens gelykgestel met stof en as vanweë sy nietigheid in vergelyking met die Almagtige. Vandaar dat die Israeliete as teken van rou of

⁴ Kocks (1951: 4) skryf die volgende: "Waar die woorde reeds tot vaste pare saamgegroei het, word die volle krag van elke afsonderlike lid nie meer gevoel nie, maar die groep as geheel kry 'n nuwe betekenis".

⁵ Reagen (1987: 417) beweer: "A hallmark of idioms is their resistance to syntactic variation, and some idioms are more resistant than others. Idioms that are low in resistance are termed flexible, and they tend to be more familiar to users of the language".

verootmoediging eers 'n swart harige sak sonder moue (alleen met mousgate in) aangetrek het en dan hulle koppe met as bestrooi het.

Dieselfde geld woordpare soos buig of bars (voorwaardestelling), hoog en droog sit (om hoog te sit (uit die pad van die water?) impliseer dat 'n mens dan droog is), en (iemand se) hebbe en hou (jy bekom eers iets, en *het* dit dan; en dan *hou* jy wat jy het!)

Sowel die idiomatiese as die nie-idiomatiese/toevallige woordpare hoort tot bepaalde sintaktiese kategorieë, naamlik die selfstandige naamwoord, werkwoord, adjektief en bywoord. Daar is nooit 'n woordsoort-konflik tussen A en B nie, want in al die gevalle hoort A en B tot dieselfde woordsoortkategorie. Buiten die voorbeeld pais en vrede met die Franse leenwoord pais, is daar nie ander leenwoorde in hierdie aangetekende idiomatiese woordpare nie. (Daar is ook nie ander woorde van Romaanse of Griekse herkoms nie.)

Dit is die semantiese funksie van die sinonieme pare om die betekenis te versterk deur semantiese herhaling. In die tradisionele grammatika staan dié onderhawige soort semantiese konstruksie bekend as **hendiadis** wat beskryf word as "die weergawe van 'n enkele begrip deur middel van twee soortgelyke woorde, neweskikkend verbind" (HAT), byvoorbeeld:

[4-13f]

dag en datum
mag en mening
 en *wat staan en lol jy hier* (die verbale hendiadis)

Aan die verbale hendiadis ⁶ word nie verdere aandag gegee in hierdie bespreking nie.

Die gebruik van die bindpartikel dui daarop dat die volgende sintaktiese struktuur aan die orde is, naamlik:

(A + b + B)

Die bindpartikel en kom in die meerderheid woordpare voor. Benewens en word die volgende elemente ook in hierdie posisie gebruik:

<i>nóg</i>	<i>A</i>	<i>nóg</i>	<i>B</i>
	<i>A</i>	<i>nog</i>	<i>B</i>
<i>óf</i>	<i>A</i>	<i>óf</i>	<i>B</i>
	<i>A</i>	<i>of</i>	<i>B</i>

In hierdie gevalle moet 'n keuse gemaak word tussen A en B van die woordpaar. Daar bestaan 'n semantiese nuanseverskil tussen nóg nóg en nog alleen; tussen óf óf en of alleen. Die bindpartikelgroep so ... as te kom net voor in een geval, naamlik so nimmer as te nooit. Die interessante sinonieme woordpaar gewente maak gewoonte kom voor in 'n heel ander konstruksie, waar gewente (synchronies onbekende, diachroniese element) en gewoonte (synchronies bekende element) volkome sinonieme is. Die sinonimiese verband

⁶ Kocks (1951: 4) onderskei benewens die verbale hendiadis ook nominale hendiadis (*sak en pak*), adverbiale hendiadis (*fyn en flenters*, *rot en kaal*, *stadig en behoedsaam*).

tussen A en B hef hul gewone betekenis en funksie op binne sodanige konstruksie.

Die wiskundige term binominaal word ook soms vir hierdie soort konstruksies gebruik: "Binomiaal/binominaal verwys na 'n uit twee [positiewe of negatiewe] bestaande; tweetermig" (WAT, Deel I: 418). Vir die doel van hierdie navorsing word gekonsentreer op sinonimie en die verskillende sinonimiese relasies wat daar bestaan tussen A en B van die (meestal) idiomatiese woordpare. Volgens bogaande definisies is die term nie beperk tot die gebruik van die NS nie, maar verwys ook na ander woordsoortpare, byvoorbeeld adjektief-, werkwoord- en bywoordpare.

Daar word verskeie soorte semanties sintaktiese binominale onderskei waarvan die meeste kategorieë verwys na onomruilbare binominale. 'n Woordpaar soos koue en sneeu (die algemene woordpaar) verwys na dieselfde vormklas, staan op dieselfde vlak in die sintaktiese hiërargie, en daar bestaan een of ander leksikale band tussen koue en sneeu; daar is egter nog nie 'n band van onomkeerbaarheid tussen hulle nie (vergelyk Cruse 1986: 39 se verwysing na irreversible binomials) Fraser (1970: 22-42) verwys na voorbeelde soos bacon and eggs as bekende kollokasies in Engels wat nie geïnterpreteer word as idiome nie, aangesien hulle interpretasie bepaal word deur die interpretasie van die komponentkonstituent. Dié soort woordpare word nie by die ondersoek betrek nie.

Hierteenoor word binominale onderskei, soos byvoorbeeld oop en bloot ("heeltetal oop"), waar die bepaalde volgorde van die lede reeds so vas is dat daar nie 'n plekruiling kan wees sonder om te verwar of te verras nie (*bloot en oop). Die kombinasie oop en bloot (die idiomatiese woordpaar) is verteenwoordigend van 'n spesiale soort onomkeerbare binominaal. Dit is kenmerkend van hierdie soort binominaal dat die volgorde binne die konstruksie dus nie omruilbaar is nie; as die betrokke leksikale item in posisie 1 optree, kan dit nie na willekeur optree in posisie 2 nie, en andersom; dieselfde geld woordpare soos:

[4-13g]

	1	2		1	2
	<i>pimpel</i>	<i>en pers</i>	<i>x</i>	<i>*pers</i>	<i>en pimpel</i>
en	<i>rep</i>	<i>en roer</i>	<i>x</i>	<i>*roer</i>	<i>en rep</i>

Dit is baie belangrik in die bepaling van die idioomstatus van binominale of 'n bepaalde binominaal letterlik of figuurlik geïnterpreteer word. Makkai konsentreer op laasgenoemde interpretasie omdat dit idiomaties georiënteer is (vergelyk ook Mueller en Gibbs (1987) in hierdie verband).

Latente onomkeerbaarheid verwys na binominale wat so 'n lae gebruiksfrekwensie het dat dit nog nie idiomaties vasgelê is nie; vergelyk byvoorbeeld:

[4-13h]

<i>snye</i>	<i>en kneusplekke</i>	<i>x</i>	<i>kneusplekke</i>	<i>en snye</i>
<i>verheug</i>	<i>en bly</i>	<i>x</i>	<i>bly</i>	<i>en verheug</i>

Hierdie voorbeelde kan ook toevallige woordpare genoem word. Sodanige woordpare word gevorm na analogie van die bestaande patroon van (A + b + B) maar is self nog nie semanties gevestig nie. Tussen die lede van die volgende woordpare bestaan daar ook

eensydige implikasie van A na B hoewel die volgorde nie vas hoef te wees nie; hulle is in die tussenstadium - op pad na semantiese vaslegging:


[4-13i]

skielik en onverwags
stadig en behoedsaam

Kocks (1951: 5) skryf oor 'n woordpaar soos stadig en behoedsaam die volgende: "Waar woorde wat nog nie vaste woordpare is nie, saam gebruik word, het elke woord nog sy oorspronklike waarde, maar die samevoeging kan tog versterkende krag hê".

Al voorgaande waarnemings is relevant ten opsigte van hierdie konstruksies as idiomatiese uitdrukkings. Sintaktiese bevrorenheid ten opsigte van woordesorde is hier die sintaktiese korrelaat van semantiese niekomposisionaleiteit. Dit blyk dat hierdie groep binominale ten opsigte van sintaktiese bevrorenheid en semantiese ondeursigtigheid op 'n graderingskaal geplaas kan word.

Vergelyk die volgende skaalverdeling wat geld ten opsigte van sodanige woordpare:



Daar word vervolgens aandag gegee aan die semantiese kenmerke van die groep as geheel.

Die **betekenisgeheel** word versterk deur die gebruikmaking van semantiese herhaling. Soos baie duidelik blyk uit hierdie studie, word intensivering in Afrikaans deur herhaling uitgedruk (as meganisme van intensivering is semantiese herhaling onder andere ook by duplikasieverskynsels ter sake). As gevolg van die mate van sinonimie tussen die twee lede van hierdie soort konstruksie is een van die twee woorde in baie gevalle wat betekenis betref sinoniem aan die sinchroniese element, maar omdat daardie kennis nie op sinchroniese vlak gevoel word nie, word dit binne hierdie idioom-omgewing nie as redundant beskou nie.

In die geval van rep en roer kom rep (as sinoniem van roer) byna net binne hierdie konstruksie voor, terwyl roer (as dié element wat sinchronies aktief funksioneer) in ander kontekste optree met die betekenis van die konstruksie as 'n geheel, as sý betekenis. In die volgende woordpare is B as sinchronies onbekende element die "intensiveerder", en kom op plek 1 van die woordpaar voor as die eerste lid van die woordpaar:

[4-14a]

(a) (B + b + A)

<i>pimpel</i>	<i>en</i>	<i>pers</i>	B: diachroniese element B: leenwoord
<i>pais</i>	<i>en</i>	<i>vrede</i>	
<i>frank</i>	<i>en</i>	<i>vry</i>	B: lae gebruiksfrekwensie
<i>skots</i>	<i>en</i>	<i>skeef</i>	
(te) <i>kus</i>	<i>en</i>	(te) <i>keur</i>	
(met) <i>reil</i>	<i>en</i>	<i>seil</i>	
<i>hawe</i>	<i>en</i>	<i>goed</i>	
<i>hiet</i>	<i>en</i>	<i>gebied</i>	
(op) <i>stel</i>	<i>en</i>	<i>sprong</i>	

In die volgende woordpare is element B die tweede lid van die woordpaar:

[4-14b]

(b) (A + b + B)

<i>wyd</i>	<i>en</i>	<i>syd</i>	B: onbekend; rymwoord?
<i>huis</i>	<i>en</i>	<i>haard</i>	
<i>gal</i>	<i>en</i>	<i>edik</i>	B: lae gebruiksfrekwensie
<i>voor</i>	<i>en</i>	<i>aleer</i>	

Daar bestaan polisemantiese verbande tussen A en B binne hierdie woordpaar-konstruksies. Die ooreenstemmende betekenisfasette van A en B veroorsaak 'n semantiese verbondenheid tussen hierdie twee lede van die woordpaar. Die kruispunt van semantiese ooreenkoms kan op twee asse aangedui word. Die mate van sinonimie wat geld tussen byvoorbeeld gal en edik, en slot en grendel in die gelykluidende idiomatiese woordpare, kan soos voorgestel word:

[4-14c]

gal en edik

Nommer 2 is die gemeenskaplike semantiese kenmerk van gal en van edik; die idiomatiese uitdrukking gal en edik beteken "wat baie bitter is". Vergelyk ook die volgende:

[4-14d]

(agter) *slot en grendel*



Nommer 2 is die gemeenskaplike semantiese kenmerk van slot en van grendel; die idiomatiese uitdrukking agter slot en grendel beteken "in die tronk", hoewel dit ook gewoon net gebruik word om te beteken "in veilige bewaring".

Dan is daar idiomatiese woordpare wat dieselfde patroon het, maar waar die lede 'n kleiner mate van betekenisverwantskap met mekaar toon, byvoorbeeld (oor) heg en steg, waar heg letterlik verwys na die heining en steg na die leer(tjie) waarmee daar oor die heining geklim word. Hierdie twee konjunkte aktiveer semanties wat as 'n kognitiewe geheel, naamlik "heining met leertjie", beskou kan word. Die geheelbetekenis sluit hierby aan met die element van intensivering: nie net 'n deel nie maar die geheel. Die gevalle met 0-sinonimie werk ook so vir sover A en B digotomies is en die digotomiese element die (teenoorgestelde) uiterste grense van 'n entiteit, kenmerk of proses aandui om daarmee aan te toon dat die geheel (en nie net een deel nie) ter sake is. Intensivering beteken in hierdie konteks dus nie net "'n groter graad van" nie, maar "die geheel/totaliteit en nie net 'n deel nie". Die volgende idiomatiese woordpare resorteer ook onder hierdie deel-geheel-paradigma:

s.nw. <u>geheel</u>	<i>en</i>	s.nw. <u>deel</u>
<i>vuur</i>	<i>en</i>	<i>vlam</i>
<i>huid</i>	<i>en</i>	<i>haar</i>
<i>huis</i>	<i>en</i>	<i>haard</i>
<u>deel</u>		<u>geheel</u>
<i>wind</i>	<i>en</i>	<i>weer</i>

Die mate waarin sinonimie bestaan tussen A en B in die vaste woordpare, kan soos volg op 'n graderingskaal voorgestel word:

Volkome sinonimie

stukkies = brokkies

Gedeeltelike sinonimie

(met) stampe en stote

Gedeeltelike sinonimie

(oor) heg en steg

0-sinonimie

*(deur) dik en
dun*

Heelwat van hierdie woordpare vorm die NS van 'n vastevoorsetselgroep met/sonder 'n vaste werkwoord. Enkele woordpare tree saam met 'n bepaalde werkwoord op:

[4-14e]

*paal en perk STEL AAN
MET romp en stomp VERKOOP*

*IN rep en roer
MET mag en mening/krag*

*hoog en droog SIT
rot en kaal STEEL*

In die oorgrote meerderheid van die gevalle is daar rymklanke aanwesig; hierdie klankkooreenkoms kan ten opsigte van elk van die woorde van die woordpaar wees. Vergelyk byvoorbeeld die volgende ten opsigte van konsonante en/of vokale:

[4-14f]

*in rep en roer
stampe en stote
stukkies en brokkies
oop en bloot
wyd en syd
romp en stomp
heg en steg
hou en trou*

Die bekendste woordpare in Afrikaans word vervolgens sintakties volgens woordsoorte ingedeel, en semanties geanaliseer.

Selfstandige naamwoorde

Die lede van die volgende woordpare is almal selfstandige naamwoorde waartussen (a)

volkome of (b) gedeeltelike sinonimie bestaan (die geheelbetekenis word telkens gegee):

[4-15a]

(a) (A = B)/(B = A)

stukkies en brokkies (in baie klein deeltjies)
pais en vrede (volkome rustigheid)
(dit raak) kant nog wal (heeltemal verkeerd, onsin)
(nog) part nog deel (daar niks mee te maak hê nie; nie saamgewerk het nie)
orde en reëlmaat (volkome orde)

(b) (A + B)/(B + A)

skade en skande (groot verlies)
(met) mag en krag/mening (met alle krag)
willens en wetens (met opset, voorbedagtelik)
(van) gunste en gawes (met die hulp van ander)
huis en haard (eie tuiste, familiekring; vaderland)
wind en weer (elke soort weer)
(met) raad en daad (bystaan) (met woorde en daad help)
paal en perk (stel aan) (hou by sekere grense; 'n end maak aan)
(op) stel en sprong (dadelik)
iemand se hebbe en houe (alles wat iemand besit)
gal en edik (besonder bitter)
op slot en grendel (in die tronk)
oor heg en steg (in staat om die pad te vind)
romp en stomp (verkoop) (alles verkoop)
pais en vrede (volkome rustigheid)
dag en datum (die juiste dag)
hawe en goed (al jou besittings)
(met) horte/stampe en stote (rukkelig, ongelykmatig)
stamper en stoter (te voet)
(dit raak) kant nog wal (dit is heeltemal verkeerd, dis onsin)
kant en wal (vol) (heeltemal vol, van 'n rivier gesê)
wet en orde (goeie orde)

Uit die verskillende idiomatiese woordpare blyk die volgende: die intensivering wat bereik word deur semantiese herhaling word weerspieël in bogaande betekenisbeskrywings soos:

heeltemal vol, heeltemal verkeerd, volkome rustigheid,
alle krag, elke soort weer, met alles help, groot verliese
ly, besonder bitter, dadelik en alles.

Daar is enkele argaïstiese vorme wat in 'n ouer/vroeër taalmilieu gebruik is, byvoorbeeld *hebbe*, *houe*, *part*, *willens* en *wetens*.

Buiten wet en orde en mag en krag (na analogie van mag en mening) is die woordpare almal erkende idiomatiese uitdrukkings. Sommige woordpare kom slegs as sodanig voor, byvoorbeeld op stel en sprong en willens en wetens, en word nie andersins in Afrikaans gebruik nie.

Die woordpare kant en wal en kant nog wal is ideale voorbeelde van 'n letterlike teenoor 'n figuurlike betekenisinterpretasie; vergelyk:

[4-15b]

Na die goeie reën is die rivier letterlik *kant en wal vol*, maar *dit raak kant nog wal* indien 'n mens so-iets van 'n leë rivier sou sê!

In kant en wal is elke element verstaanbaar, maar in kant nog wal bestaan daar nie 'n verband tussen die betekenis van die individuele woorde en die idiomatiese woordpaar se geheelbetekenis nie.

In die volgende woordpare word die geheelbetekenis asook die relevante betekenis van A en B ten opsigte van die geheelbetekenis gegee; die gemeenskaplike/synonieme betekenselemente verskyn in vetdruk:

[4-15c]

huis en haard

Geheelbetekenis: "eie **tuiste**, familiekring; vaderland"

haard: "**tuiste**, huis, woning"

huis: "**tuiste**, woning"

[4-15d]

(oor) heg en steg

Geheelbetekenis: "**oral heen**"

heg: "heining van dig teen mekaar staande struik"

steg: "leertjie, trappie om oor heg te klim"

Dus: om oor die heining en leertjie te klim, stel 'n mens in staat om **oral heen** te gaan

[4-15e]

gal en edik

Geheelbetekenis: "**besonder bitter**"

edik: "asyn, iets wat **baie bitter** is"

gal: "iets wat **besonder bitter** is"

[4-15f]

(in) rep en roerGeheelbetekenis: "in groot **verwarring**, in opskudding"*rep*: "net in uitdr.: deurmekaar, **in beweging**, in opskudding"*rep* as refleksiewe werkwoord beteken "**vinnig beweeg**; jou haas"*roer*: "deurmekaar maak, **om en om beweeg**"

[4-15g]

pais en vredeGeheelbetekenis: "volkome **rustigheid**, algehele ooreenstemming"*pais*: "**vrede** < Frans"*vrede*: "toestand van rus en **kalmte**"

[4-15h]

hawe en goedGeheelbetekenis: "al jou **besittings**"*hawe*: "**besittings**, eiendom, goed"*goed*: "**besittings**"

Die betekenis van die elemente in die woordpaar hebbe en hou kan semanties in verband gebring word met het en hou onderskeidelik, hoewel diachroniese kennis van Nederlands vir so 'n afleiding nodig is.

Dit is opvallend hoeveel woordpare in hierdie kategorie verbind met veral 'n bepaalde voorsetsel en/of werkwoord om sodoende deel te vorm van 'n groter, hegte sintaktiese eenheid. Vergelyk die volgende konstruksies waarbinne die woordpare optree:

[4-15i]

Volle sinstukke as idiomatiese uitdrukkings*Dit raak kant nog wal.**Part nog deel van iets hê.**Deur skade en skande word 'n mens wys.**G'n (nie) heg op steg ken (kan vind) nie.**Paal en perk stel aan iets.**Iemand met raad en daad bystaan.**Iemand se hebbe en hou.**Romp en stomp verkoop.*

[4-15j]

Voorsetsel + woordpaar (en werkwoord)

op stel en sprong
met mag en krag (mening) doen
agter slot en grendel
met horte en stote
met dapper en stapper reis
in wind en weer

[4-15k]

Woordpaar alleen

gal en edik
pais en vrede
dag en datum
stukkies en brokkies
willens en wetens
huis en haard

Werkwoorde

Die lede van die volgende woordpare is werkwoorde:

[4-16a]

hou en trou
hiet en gebied
lieg en bedrieg (lieg = bedrieg; nie uitdr. in wb. nie)
te kus en te keur
hink-en-pink
raap en skraap

In die volgende woordpare kom 'n onbekende element as B voor:

[4-16b]

(A + b + B)

hink - *en* - *pink*

(B + b + A)

hiet *en* *gebied*
(te) kus *en* *(te) keur*

Die etimologie van elke diachroniese/onbekende element binne die woordpare word vervolgens gegee:

[4-16c] hink-en-pink

Geheelbetekenis: "mankerig, sukkelend beweeg"

pink: bestaan nie as volwaardige woord nie. Die Nederlandse woordeboekuitleg is die volgende: "hinkpinken uit hinken en een daarop rymend met afzonderlijk bestaand pinken gevormd" (Frank, Van Wijk)

[4-16d]

hiet en gebied

Geheelbetekenis: "links en regs beveel"

hiet: "ww. aansê, gebied, gew. saam met en gebied"

gebied: "as heerser beveel, gelas; (fig.) voorskryf, vereis"

[4-16e]

(te) kus en (te) keur

Geheelbetekenis: "volop; net wat jy verkies; so veel as jy wil hê"

kus: "van Ndl. kust, Mnl. cust 'verkiezing, wensch; kiezen ww. Mnl. kiezen ondervinden, lijden, onderzoeken, kiezen".


keur: "deskundig beoordeel, ondersoek, proef, toets"

Die Afrikaanse variant: te kies en te keur is derhalwe diachronies gesproke ten volle geregverdig.

Daar bestaan polisemantiese verbande tussen A en B binne hierdie woordpaar-konstruksies. Die ooreenstemmende betekenisfasette van A en B veroorsaak 'n semantiese verbondenheid tussen hierdie twee lede van die woordpaar; daar bestaan byvoorbeeld in die geval van raap en skraap ook 'n verband tussen die lede se betekenis en die geheelbetekenis.

Die kruispunt van semantiese ooreenkoms kan op twee asse aangedui word. Die mate van sinonimie wat geld tussen raap en skraap en die gelykluidende idiomatiese woordpaar, kan soos volg voorgestel word:

[4-16f]



Die volgende aspekte van die werkwoord-woordpare val op:

Pink in die woordpaar hink-en-pink asook hou in hou en trou is etimologies onbekend, terwyl kus in kus en keur net etimologies verklaarbaar is.

Die elemente van die woordpaar hiet en gebied, asook dié van lieg en bedrieg is volkome sinonieme binne die woordpaar.

Die woordpare in hierdie werkwoord-paradigma leun sterk op klanklike herhaling om semantiese intensivering te versterk; vergelyk die volgende:

[4-16g]

hou en trou
hiet en gebied
lieg en bedrieg
te kus en te keur
hink-en-pink
raap en skraap

Slegs die bindartikel en word in hierdie woordpare gebruik.

Adjektiewe/bywoorde

Semantiese herhaling kom ook in adjektief- en bywoord-woordpare voor. Ten opsigte van die meeste woordpare is die twee lede sinonieme, onder andere fyn en flenters, frank en vry, seker en gewis/wis en seker, oop en bloot, voor en aleer, ens.; gestewel(d) en gespoor(d) is die uitsondering. Die woordpare bly en verheug en eensaam en alleen kom nie as idiomatiese woordpare in die woordeboek voor nie omdat hulle nog nie geïnstitusioneel is nie.

Die betrokke adjektief- en bywoord-woordpare se geheelbetekenis word telkens gegee:

[4-17a]

fyn en flenters (heeltemal stukkend; in klein stukkies)
kant en klaar (heeltemal klaar)
rond en bont (hier, daar en oral)
gestewel en gespoor (netjies uitgevat, uitgedos; reisvaardig; klaar vir 'n onderneming)
(iemand) rot en kaal steel (alles steel)
wyd en syd (orals)
seker en gewis/wis en seker (beslis)
frank en vry (heeltemal vry)
kort en bondig/kragtig/klaar (bondig, saaklik)
skots en skeef (heeltemal skeef)
oop en bloot (vir almal om te sien)
(alles) kort en klein (slaan) (stukkend slaan)
hoog en droog (sit) (buite die gevaar; uitgestoot uit die geselskap)
(in) rep en roer (deurmekaar, in beweging)

geheel en al (heeltemal)
enkel en alleen (heeltemal alleen)
kruis en dwars }
dubbel en dwars } (in 'n baie hoë mate)
so nimmer as/of te nooit (nooit)

In die volgende woordpare kom 'n sinchronies onbekende element (B) voor:

(B	+	b	+	A)
<i>rot</i>		<i>en</i>		<i>kaal</i>
<i>frank</i>		<i>en</i>		<i>vry</i>
<i>skots</i>		<i>en</i>		<i>skeef</i>
<i>kant</i>		<i>en</i>		<i>klaar</i>
(A	+	b	+	B)
<i>voor</i>		<i>en</i>		<i>aleer</i>

Die etimologie van die diachroniese/onbekende element binne die woordpare word vervolgens gegee:

[4-17b]

(iemand) rot en kaal (steel)

Geheelbetekenis: "alles van iemand steel"

rot: hou verband met "verrot"; rot as bnw. bestaan reeds in 1514, en is gevorm uit die ww. rotten "verrot, vergaan"; die element kan moontlik in hierdie uitdrukking in verband gebring word met die idiomatiese vergelyking: so arm soos 'n rot: "brandarm" dit wil sê sonder

geld, klere en gevolglik kaal

kaal: "sonder klere"

[4-17c]

frank en vry

Geheelbetekenis: "heeltemal vry"; versterking van "vry"

frank: Oud-Frans franc < Latyn francus: "vry, ongebonde"

vry: "ongebonde"

[4-17d]

skots en skeef

Geheelbetekenis: "wanordelik, verkeerd"

skots: "skeef"

skeef: "nie reguit nie" (met die bybetekenis "(daarom) nie netjies nie")

[4-17e]

kant en klaar

Geheelbetekenis: "heeltemal klaar"

kant: "bnw. in kant en klaar, dial. ook kant alleen met de bett. 'flink, handig, groot, best, netjies; Oostfri. kant beteekent 'glad (bijv. van hout), netjies, klaar, geheel en al"

klaar: "afgehandel"

[4-17f]

voor en aleer

Geheelbetekenis: "(beslis) voordat"

aleer: "voordat"

voor: "voordat"

Opsommend

Die semantiese herhaling wat in elke geval voorkom in woordpare in Afrikaans, tree deurgaans intensiverend op. Daar bestaan 'n sinonimiese (volkome of gedeeltelike) verband tussen A en B. Daar is toevallige woordpare (snye en kneusplekke), deels vasgelegde woordpare (seker en gewis) en idiomatiese woordpare (wik en weeg). Die posisie van die lede van idiomatiese woordpare is vasgelê en kan nie verander nie (weeg en wik). Sommige woordpare bevat 'n sinchronies onbekende element wat semanties sinoniem is aan die ander sinchroniese betekenselement binne die woordpaar. In baie gevalle kan die geheelbetekenis in verband gebring word met die individuele elemente se betekenis (bibber en beef), maar in talle ander gevalle bestaan sodanige verband nie (op stel en sprong). Benewens semantiese herhaling dra klankooreenkoms en rym tussen die twee elemente binne 'n woordpaar daartoe by dat intensivering plaasvind. S.nwe., werkwoorde, adjektiewe en bywoorde vorm lede van woordpare. Die woordpaar bestaan uit twee sinonieme lede wat tot dieselfde woordsoort

behoort en wat verbind word met 'n bindpartikel, gewoonlik die en.

Die volgende idiomatiese woordpaar, parafrasering en al, kom verbatim in HAT voor. Dit dien as voorbeeld van die mag en natuurlikheid van semantiese herhaling - wat nie eers in die woordeboek as semantiese redundansie beleef word nie:

Hy het land en sand aanmekaar gesels (!)

4.2.2.3 KOPULAKONSTRUKSIES

Vir hierdie afdeling is Lyons (1979: 416-417) se verwysing na **toutologie** van belang. In beginsel is die toutologie nie-informatief, aangesien dit op die oor af niks nuuts oordra nie. Die feit dat die toutologiese konstruksie nie-informatief is, beteken egter nie dat dit sonder betekenis of semanties onaanvaarbaar is nie. In die onderhawige afdeling vervul die toutologiese konstruksie egter baie spesifieke semantiese funksies. Die volgende aanhaling verskaf die rede waarom onder meer die betrokke kopulakonstruksie semanties van waarde is:

".... tautologies may be uttered to express what the addressee is expected to recognize as a self-evident truth and from which he is to draw some relevant conclusion" en verder: "What the addressee does, upon hearing and understanding a tautologous utterance, is to say to himself, as it were: 'There must be some reason for the speaker to tell me what he knows I know to be true. What can this reason be?' The addressee assumes, in default of any evidence to the contrary, that the speaker is not indulging in irrelevant platitudes."

Die hoorder besef dat daar semanties meer ingeskryf is in sodanige SH-konstruksies. Die volgende kort bespreking toon duidelik aan watter semanties waarde die onderskeie kort ontledings het. Wat hier dus van belang is, is die semantiek van die soort kopulakonstruksie waar die koppelstuk normaalweg prediserend ten opsigte van die onderwerp gebruik word.

Die volgende sinne as voorbeelde van skynbare semantiese herhaling word bespreek:

[4-18a]

'n grap is 'n grap
'n mens is 'n mens

[4-18b]

wat klaar is, is klaar
genoeg is genoeg
wat te erg is, is te erg

Op een uitsondering na is al hierdie voorbeelde reeds geïnstitusioneel en vorm deel van die idiomatiese uitdrukkings/figuurlik interpreteerbare konstruksies.

By **NS-herhaling** soos die volgende twee voorbeeldgroepe, gaan dit veral om **eksemplariese**

gradering/plasing, byvoorbeeld 'n grap as voorbeeld van 'n grap, 'n mens as 'n voorbeeld van menswees:

[4-18a]

'n grap is 'n grap
'n grap is 'n grap, maar
'n grap is maar net 'n grap

Die hoorder moet dus nie meer van 'n grap maak/verwag as wat die spreker daarmee bedoel het nie. Vergelyk ook:

'n mens is 'n mens
'n mens is maar net 'n mens
'n mens is ongelukkig maar net 'n mens
'n mens is/bly maar 'n mens

Hierdie konstruksies kan in verband gebring word met die uitdrukking: *Ek is ook maar net 'n mens*: "feilbaar" (HAT).

By **adjektiewe** soos die volgende drie woordgroepe gaan dit om **grensstelling van 'n kenmerk**:

[4-18b]

wat klaar is, is klaar
wat klaar is, is gelukkig klaar
wat klaar is, is ongelukkig klaar

Hierdie voorbeeld is 'n idiomatiese uitdrukking wat beteken: "wat gedoen is, is gedoen; dikwels met grappige byvoegings soos: ... het die tannie gesê toe sy met haar hoed op in die bad gesit het" (WAT, Deel VI: 8).

Die volgende spreektaalvoorbeelde, naamlik:

genoeg is genoeg
genoeg is helaas genoeg
genoeg is sowaar genoeg
genoeg is darem genoeg

wat nêrens in die aangewese bronne opgespoor kon word nie, beteken dieselfde as die erkende uitdrukking:

Dis nou genoeg!

Die konstruksie genoeg is genoeg is 'n voorbeeld van die krag van analogie. Die betekenis van 'n erkende uitdrukking (dis nou genoeg) word gekontamineer met die betekenis en analogies sintaktiese struktuur van die ander soortgelyke kopulakonstruksies.

Die uitdrukking

wat te erg is, is te erg
wat te erg is, is darem te erg
wat te erg is, is tog te erg
wat te erg is, is darem net te erg

beteken: "dit oorskry alle perke van toelaatbaarheid" (HAT). Vergelyk teenoor voorgaande voorbeelde die volgende:

[4-18c]

Die *neuroloog* is 'n *breinspesialis*

wat ook bespreek word in hoofstuk 2 (vergelyk Lyons, 1979: 417).

Hoewel van voorgenoemde voorbeelde wel idiomatiese uitdrukkings is, stem hulle tog ooreen met nie-idiomatiese konstruksies soos die volgende:

[4-18d]

Hierdie koffie is nie koffie nie!

[4-18e]

My kind se juffrou is nie 'n juffrou nie!

Daar kan ook in die geval van die ontkenning sinne ander elemente bygevoeg word. Hierdie elemente dien as **affekvullers**, soos byvoorbeeld in die volgende:

Maggies, maar hierdie koffie is mos nie koffie nie!
is mos g'n koffie nie!
is mos g'n stuk koffie nie!

My kind se juffrou is mos nie 'n juffrou nie!
is mos g'n juffrou nie!
is mos g'n stuk 'n juffrou nie!
is mos nie 'n juffrou se ou skoene werd nie!

In hierdie en soortgelyke gevalle word daar gewerk met **klaslidmaatskap** (vergelyk hiponimie, hoofstuk 2); bepaalde waardeoordele geld ten opsigte daarvan of die lidmaatskap tot 'n sekere klas positief, negatief of neutraal is. Die affekvullers en die negatief-implementering dra by tot die bevestiging van die aard van die waardeoordeel. Dit is dus nie altyd die klaslidmaatskap wat ter sprake is nie, maar wel of die betrokke individu of individuele geval 'n goeie of swak verteenwoordiger van die tipe is.

In die Stilistiek staan hierdie konstruksie bekend as **Antanaklasis**. Volgens Wybenga (1988: 125) is dit die herhaling van dieselfde woord met 'n ander betekenis. Dit is 'n opsetlike woordspeling, soos in die volgende voorbeeld:

[4-19b]

DIGTER

My sal die Groot Dag slapend vind
 langs Ydelheid, my soet vriendin,
 en haas ons **in** sy wiegie **in**:
 'n Rym, ons ongekerkte kind.

Die volgende kategorieë ten opsigte van setselherhaling word onderskei:

(1) Daar is gevalle waar die setsel lyk soos die herhalingsetsel van die deeltjie van 'n deeltjiewerkwoord waar die deeltjiewerkwoord met die semantiese kenmerk [+beweging] binne 'n lokatiefkonstruksie van beweging optree. Die deeltjie van sodanige deeltjiewerkwoord en 'n vormlik identieke setsel, kom voor in die betrokke sin.

[4-19c]

*Ek stap **in** die kamer **in***
*Ek stap O die kamer **in***
*Ek het **in** die kamer **ingestap***
*Ek het O die kamer **ingestap***

teenoor

*Ek stap **in** die kamer (... rond)*

wat verskil in betekenis van die ander sinne. In hierdie geval is daar 'n werkwoord (stap) wat kombineer met 'n agtersetselgroep en 'n redundante setsel wat soos 'n voorsetsel optree.

(2) In ander gevalle is daardie redundante setsel 'n herhalingsetsel binne 'n plekbepaling:

[4-19d]

*Sy skep die pap **in** die bord **in***
*Sy skep die pap **in** die bord O*
*Sy het die pap **in** die bord **ingeskep***
*Sy het die pap Ø die bord **ingeskep** x*

In sommige gevalle is 'n voorsetsel aanwesig (ek skep die pap **in** die bord), in ander gevalle is dit 'n agtersetsel (ek stap die kamer **in**). Nou word hierdie konstruksies wat sintaktiese bou betref, gelyk gestel met die invoer van 'n identieke setsel (wat heg verbind met die werkwoord, en wat dan die voorkoms en status van 'n deeltjiewerkwoord verkry). In hierdie geval is daar 'n werkwoord (skep) wat kombineer met 'n voorsetselgroep en 'n redundante setsel wat soos 'n agtersetsel optree.

(3) In sekere gevalle lyk dit asof identiekesetsel-herhaling neerkom op setselredundansie, maar na ontleding blyk die oënsynlike redundansie semanties heeltemal geregverdig: vergelyk:

[4-19e]

Daar is wel in diepte ingegaan in die herkoms van die taal

Die vastevoorsetseluitdrukking is in diepte ingaan op; die voorbeeld toon kontaminasie van in diepte ingaan op, met die analoogherhaling van die deeltjie in wat drie maal voorkom in hierdie een sin.

(4) In sekere gevalle is 'n deel van die kern-s.nw. en sy kombinerende setsel fonologies semanties identiek:


[4-19f]

Daar is geen oorbesteding oor nie

Aan die hand van die ontleding van voorbeelde uit die verskillende kategorieë sal die semantiese waarde van die onderskeie soorte setsels duideliker blyk. Alvorens daar egter gekyk word na 'n semanties sintaktiese ontleding van die voorbeelde in die verskillende kategorieë, word kortliks verwys na Ponelis (1979) (vergelyk ook Schwerdtfeger, 1980) se kommentaar ten opsigte van lokatiewe konstruksies met die onderafdeling: voorsetsel-agtersetsekonstruksies.

Ponelis (1979: 322) onderskei lokatiewe bepalings van plek en rigting waarvan die hele sintaktiese verband waarin hierdie lokatiewe optree, van belang is: "die onderskeid loop dus eintlik tussen konstruksies van plek en rigting, aangesien dit veelal die werkwoord is, en nie die vorm van die lokatiewe uitdrukking self nie, wat bepalend is ten opsigte van die interpretasie plek dan wel rigting". Daar word onderskei tussen kinetiese en statiese werkwoorde wat soos volg uiteengesit word:

[4-19g]



In noue aansluiting by hierdie werkwoorde van beweging is die deeltjewerkwoorde van beweging waarvan die inherente betekenissenmerk dié is van rigtingaanduiding, van [+beweging]/[+duur]. Daar is o.a. twee deeltjies naamlik in- en uit- wat in kombinasie met lokatiewerkwoorde as sodanig kan optree. Die volgende voorbeelde is aangeteken (hoewel

daar sekerlik nog voorbeelde is wat dieselfde optree):

[4-19h]

<i>instap</i>	<i>uitstap</i>
<i>ingaan</i>	<i>uitgaan</i>
<i>inloop</i>	<i>uitloop</i>
<i>inbeweeg</i>	<i>uitbeweeg</i>
<i>inry</i>	<i>uitry</i>
<i>invlieg</i>	<i>uitvlieg</i>

Hierdie 'beweging wat voortduur' dui nie net op beweging en daarna passiwiteit na die aksie (soos die geval met die deeltjiewerkwoord afval) nie. Vergelyk die volgende ontleding met die omstellingstoets waardeur bepaal behoort te kan word of die betrokke werkwoorde wel deeltjiewerkwoorde van beweging is:

[4-19i]

IN	Ek stap <i>in</i> die kamer <i>in</i>	↓
	Ek stap 0 die kamer <i>in</i>	↓
	Ek het <i>in</i> die kamer <i>ingestap</i>	↓
	Ek het 0 die kamer <i>ingestap</i>	↓
UIT	Ek stap <i>uit</i> die kamer <i>uit</i>	↓
	Ek stap <i>uit</i> die kamer	↓
	Ek stap 0 die kamer <i>uit</i>	↓
	Ek het <i>uit</i> die kamer <i>uitgestap</i>	↓
	Ek het 0 die kamer <i>uitgestap</i>	↓
	Ek het <i>uit</i> die kamer 0 <i>gestap</i>	↓

Daar is geen semantiese verskil tussen die konstruksie met die twee setsels en die konstruksie met die enkelsetsel nie. In hierdie en soortgelyke gevalle is die skraping van die **eerste** setsel semanties korrek omdat 'n agtersetsselstuk hier ter sprake is.

Ten opsigte van instap x stap + as.-groep het dit reeds geblyk in [4-19c] dat daar identieke setsels is, maar dat 'n agtersetsselgroep geïsoleer kan word deur identiekstukskrapping. Ten opsigte van uitstap x stap + vs.-as.-groep blyk dit dat die setsel op enige plek (dit wil se voor of agter) in die setselgroep kan optree.

Die volgende voorbeelde noem Ponelis (1979: 326) voorsetsel-agtersetsselkonstruksies. In wese sluit hulle aan by voorgaande kategorie, want in hierdie gevalle word daar ook gewerk met die lokatiefverskynsel. Vergelyk Ponelis se voorbeelde:

[4-19j]

	PLEKBEPALING	
Die varkore groei verder/'n entjie dieper	<i>in</i> die bos <i>in</i>	↓
Die varkore groei verder/'n entjie dieper	0 die bos <i>in</i>	↓
Die varkore het verder/'n entjie dieper	<i>in</i> die bos <i>ingegroei</i>	↓
Die varkore het verder/'n entjie dieper	0 die bos <i>ingegroei</i>	↓

Hierdie konstruksies vorm sinoniempare. Die konstruksie met die semanties redundante setsel is volkome sinoniem aan die konstruksie waarin 'n setselskrapping van die *eerste*, die semanties redundante setsel binne die bepalkingskonstruksies, plaasgevind het. Dit is so dat die setsel wat sonder betekenisverlies geskrap kan word, die redundante setsel is.

Volgens Ponelis (ibid.) kan *deur* en *oor* albei as voor- en agtersetsel gebruik word; vergelyk:

Hierdie smaak is DEUR die wêreld/die wêreld DEUR bekend
OOR die wêreld/die wêreld OOR bekend

Hy beweer verder (ibid.): "Tussen die konstruksie met die voorsetsel en dié met die agtersetsel is daar betekenisverskil: die konstruksie met die agtersetsel dui sterker in die rigting dat die hele terrein bestryk word, sonder uitsondering, sodat *die wêreld deur* byvoorbeeld beteken: "orals in die wêreld". Hierdie is weer eens 'n voorbeeld van intensivering.

Suiwer plekbepalings is in die volgende gevalle ter sprake:

[4-19k]

Werkwoord	+	Plekbepaling
<i>ons moet</i>	<i>bly weg</i>	<i>uit sy pad (uit)</i>
<i>ek moet</i>	<i>gee pad</i>	<i>uit die pad (uit)</i>
<i>hy het haar</i>	<i>jaag weg</i>	<i>uit die kamer (uit)</i>

In die geval van die lokatiewe werkwoord in kombinasie met plekbepaling is dit die laaste setsel in die woordreeks wat die redundante setsel is en wat geskrap kan word.

In die volgende idiomatiese uitdrukking is die setselherhaling goed vasgelê:

[4-19l]

Ek lag my somer uit lit uit

teenoor

Ek lag my somer uit lit

Weens swak formulering/kontaminasie is daar semanties redundante elemente in die volgende sin:

[4-19m]

*Sy verdeel die woord **in** deeltjies **in***

aangesien die werkwoord verdeel reeds beteken "indeel" of "in dele/deeltjies"; die herhaling van deel in verdeel en deeltjies lei tot fonologiese en semantiese redundansie. Die formulering van hierdie algemene stelling lei daartoe dat in deeltjies in óf redundante, weglaatbare elemente is óf behou kan word na analogie van die tendens tot setselredundansie. Wanneer daar gespesifiseer word met die invoeging van die woord betekenisvol(le), word SHR opgehef; vergelyk:

A

B

*Sy verdeel die woord **in** betekenisvolle deeltjies (**in**)*

Daar is voorbeelde waar die verkeerde setsel gebruik word na analogie en onder invloed van die setselredundansiepatroon. Vergelyk byvoorbeeld:

[4-19n]

*Daar is wel **in** diepte **ingegaan in** die herkoms van taal*

waar in diepte sintakties semanties onverwant is aan ingegaan en slegs fonologies ooreenstem; die gebruik van in in die konstruksie in die herkoms van taal is foutief, want die korrekte setsel sou wees op. Die idiomaties-korrekte vastesetselgroep is ingaan op. Die welgevormde sin lui dus:

*Daar is wel **in** diepte **ingegaan op** die herkoms van taal*

Vergelyk ook die volgende:

[4-19o]

*Daar ontstaan 'n spleet **langs** haar ruggraat **langs***
(die sin het betrekking op die naaldekokernimf)

teenoor

*Daar ontstaan 'n spleet **langs** haar ruggraat **af***
*of Daar ontstaan 'n spleet **by** haar ruggraat **langs***

Die volgende kindertaalvoorbeeld (2-jarige), waarin bewys gevind word vir die krag van hierdie analogiepatroon, sluit aan by die voorgaande geval:

[4-19p]

*Die mannetjies het **af** die lorrie **afgeval***

waar die eerste setsel af foutief is en vervang behoort te word met die korrekte van; dit lui dan:

Die mannetjies het van die lorrie afgeval

Die volgende swak geformuleerde konstruksie toon ook setselredundansie, naamlik:

[4-19q]

*Die videoverhale **vervolg** agter mekaar*

wat 'n kontaminasie is van

Die videoverhale vervolg
+ die videoverhale kom agter mekaar
< die videoverhale kom na mekaar

In die werkwoord vervolg is die inherente semantiese kenmerk van [+serie] aanwesig; hierdie betekenis van 'opeenvolging' moet derhalwe nie eksplisiet gestel word nie.

Dikwels is die fonologiese identiekheid van elemente opvallend en (dalk) hinderlik hoewel semanties korrek; vergelyk:

[4-19r]

*Die gholfbaan is **aangrensend** aan die wildpark*

teenoor

Die gholfbaan grens aan die wildpark

waar laasgenoemde 'n konstruksie is wat ontnem is van redundante elemente. Indien aangrensend wel gebruik word, is aan egter nodig.

Die laaste groep voorbeelde wat bespreek word, is dié wat 'n setsel as woorddeel bevat binne die kern-s.nw.; hierdie woorddeel en die setsel direk na die betrokke s.nw., is identiek:

[4-19s]

*Mev. Thatcher praat oor haar **teenkanting** **teen** 'n biokot **teen** Suid-Afrika.*

Die setselgroep teen Suid-Afrika is sintakties semanties onverwant aan die fonologies identieke setsel en woorddeel teen. Die setsel teen kan vervang word deur van hoewel die gebruik van hierdie analogievorm aanvaar word. Vergelyk die volgende waar die opstapeling van die setsel **teen** duidelik blyk:

Mev. Thatcher praat oor X
X = haar teenkanting teen Y
Y = teen 'n biokot teen Z
Z = teen Suid-Afrika

Vergelyk ook die volgende:

[4-19t]

*In die V.S.A. sterf jaarliks duisende tieners in motorongelukke waar alkohol 'n faktor was en as **teenvoeter hierteen** het die ouers van hierdie tienerslagoffers die organisasie MAND gestig.*

In dié geval kan hierteen geskrap word, want die kontekstuele terugverwysing maak hierteen semanties redundant omdat dit saam met teenvoeter gebruik word; vergelyk:

..... en as teenvoeter het die ouers

Steyn (1976: 51) verwys ook na die 'herhalingskonstruksies' met voorsetsels, ook waar daar nie sprake is van beweging nie, en gee die volgende voorbeelde:

*'wat natuurlik my ding uitgooi, **in** sy glory **in**'
'want geluk is mos nou **uit** die bose **uit**'*

In hierdie voorbeelde word die twee idiomatiese uitdrukkings, naamlik in sy glory en uit die bose versterk deur die toevoeging van die onderskeie identieke setsels.

Die voorbeeld

*al die mense wat **in** die tronk **in** is*

is sinoniem aan

*al die mense wat **0** die tronk **in** is*

Albei sintukke beteken "al die mense wat die tronk binnegegaan het" (dus gevangenes, besoekers, bewaarders, ens.) Hierteenoor beteken

*al die mense wat **in** die tronk **is***

dit wil sê sonder die setselherhaling of setselnaplasing, "al die mense wat gevangenisstraf uitdien". Uit hierdie en soortgelyke voorbeelde is dit duidelik dat daar 'n semantiese onderskeid bestaan tussen setselgroepe met of sonder identiekesetsel-herhaling.

Opsommend

Op die oog af toon lokatiefkonstruksies in Afrikaans die neiging om setsels te herhaal. Daar moet bepaal word of die resultaat sintukke is met die sintaktiese patroon van 'n vs.-groep, 'n as.-groep, 'n vs.-as.-groep, 'n deeltjieww. + vs.-groep. Daar moet ten eerste vasgestel word of daar 'n deeltjiewerkwoord betrokke is al dan nie; vergelyk die volgende toets:

Sy skep die pap	met 'n lepel	in die bord.	(vs.-groep)
Sy ry	met die motor	uit die garage.	(vs.-groep)
Sy stap	op haar tone	die kamer in.	(as.-groep)

Hieruit blyk dat die hoofwerkwoord wat in sodanige konstruksies gebruik word, ooreenstem met die ww.-gedeelte van die deeltjiewerkwoord soos inskep en uitry. Identiekstukskrapping bepaal dat setselherhaling soos in laasgenoemde geval (waar dit wel semanties geregverdig is) toegepas word. Aan die ander kant vind setselherhaling plaas na analogie van erkende voorbeelde, selfs op plekke waar dit semanties nie geregverdig is nie. 'n Sterk neiging bestaan in die Afrikaanse spreektaal om identiekesetselherhaling redelik algemeen in te voer selfs waar sodanige setsel nie semanties motiveerbaar is nie. Onder invloed van gelykluidende, bestaande deeltjiewerkwoorde vind hierdie setselherhaling/-redundansie plaas.

Daar is wel voorbeelde van setselredundansie wat gevorm word, byvoorbeeld 'n spleet langs haar ruggraat af + 'n spleet by haar ruggraat langs, wat oorgaan tot 'n spleet langs haar ruggraat langs. Swak formulering en konstruksie is 'n verdere oorsaak van setselredundansie.

(2) OPTREDE VAN VIR ⁸

Dit gebeur dikwels dat die volgende gevalle van vir-redundansie voorkom:

[4-20a]

Vir interessantheidshalwe het hy vir ons die ou foto's gewys.

Die geval van die konstruksie

vir interessantheidshalwe

is 'n kontaminasievorm van *vir die interessantheid* + *interessantheidshalwe*.

In die geval van


..... het hy vir ons die foto's gewys

is die vir óf semanties redundant óf nodig, afhangend van die sinsposisie van die indirekte voorwerp, in hierdie geval die vnw. ons. Met die plasing van die indirekte voorwerp is die setsel redundant (vergelyk posisie 1 in onderstaande uiteensetting); met die plasing van die direkte voorwerp is die setsel noodsaaklik (vergelyk posisie 2 in onderstaande uiteensetting):

⁸ Vergelyk De Wet (1988, 49-62)

	Posisie 1 indir. voorwerp	Posisie 2 dir. voorwerp
..... het hy	(<u>vir</u>) ons	die foto's gewys
	dir. voorwerp	indir. voorwerp
..... het hy	die foto's	<u>vir</u> ons gewys
	indir. voorwerp	dir. voorwerp

In hierdie kort bespreking gaan die omgewing van die vir (of die afwesigheid daarvan) bespreek word. Faktore wat moontlik 'n rol speel by die aan- of afwesigheid van die voorsetsel vir binne sekere sintaktiese kontekste word ook aangetoon.



Daar word nie 'n onderskeid getref tussen die formeler skryftaal en die omgangstaal nie. Die voorkeurgebruik van vir kom nie alleenlik in spreektaal voor nie, maar ook in minder formele (geselstrant) - skryfwerk. Uit 'n ondersoek van veral kinderliteratuur waar die dikwels herhalende gebruik van vir motiveerbaar is (ter wille van maksimale voorwerpsduidelikheid), blyk dat die afwesigheid van vir sintakties volkome korrek sou wees.

Die setsel vir, asook die setsels met en tot het die vormvariante voor, mee en toe onderskeidelik, wat verskyn wanneer die setsels nie as voorsetsels funksioneer nie. Wanneer die setsel vir as agterselsel gebruik word, tree die variante hiervoor, daarvoor en waarvoor op. Vergelyk die volgende waar die deiktiese verskil tussen hier- en daar- geneutraliseer word tot dit:

[4-20b]

hiervoor x vir dit
*Ek betaal baie **hiervoor/vir** dit*

daarvoor x vir dit
*Ek het hom bedank **daarvoor/vir** dit*
*Ek het hom **daarvoor/vir** dit bedank*

Vergelyk ook:

waarvoor x wat + voor

*Dit is die motor **waarvoor** ek so duur betaal het*

*Dit is die motor **wat** ek so duur **voor** betaal het*


In aansluiting hierby word die volgende sin gevind waar setselredundansie voorkom:

*Dit is die motor **waarvoor** ek so duur **voor** betaal het*

Sinslengte speel 'n besliste rol in die gebruik van die redundante voor in hierdie konstruksie; in 'n kort sin waar die waarvoor/vir dit optree as indirekte voorwerp kom hierdie soort semantiese herhaling nie voor nie. Die tweede voor staan direk voor die werkwoordgroep wat die sinseindposisie beklee. (Vergelyk die bespreking van die konstruksie: wat + setselredundansie.)

Voor in plaas van vir word ook gebruik by voorsetselskeiding, wanneer die aanvulling losgemaak word van die voorsetsel:

[4-20c]



Nou vind daar kontaminasie plaas van hierdie twee konstruksies en die volgende word gevorm:

Vir** so 'n organisasie werk almal graag **voor

By voorplasing vind voorsetselskeiding plaas (onder Engelse invloed?). By voorsetselskeiding word die voorsetselaanvulling van die voorsetsel losgemaak en voorgeplaas, terwyl die voorsetsel sonder die aanvulling gebruikliker is waar voorsetselgroepvoorplasing geld:

[4-20d]

vir + NS > NS + voor

***Vir** soetgoed gee ek niks om nie*

*Soetgoed gee ek niks **voor** om nie*

Ook hier vind kontaminasie plaas:

*dit is soetgoed **waarvoor** ek niks omgee nie +
ek gee niks **vir** soetgoed om nie*

wat lei tot die konstruksie:

Vir soetgoed gee ek niks voor om nie

Die konstruksie wat + voorsetsel in plaas van waar + agtersetsel is gebruiklik in die geval van nadruk, soos blyk uit die volgende voorbeelde:

[4-20e]

Waarvoor (hoekom) vererg jy jou so?

Vir wat vererg jy jou so?

Waarvoor (hoekom, waarom) moet ons nou ry?

Vir wat moet ons nou ry?

Waarvoor het die variante waarom en hoekom; naas waarvoor kom vir wat voor in die betekenis "hoekom".

Semantiese oorganklikheid is nie eksklusief aan sintakties oorganklike konstruksies nie, maar kom ook voor by konstruksies met werkwoorde en (veral) vaste voorsetselgroepe. Vergelyk die korrelasie ten opsigte van semantiese oorganklikheid tussen die volgende konstruksies:

[4-20f]

ww. + vsgr.	ww. + voorwerps-NS
-------------	--------------------

Hy sorg vir sy hondjie Hy versorg sy hondjie

Die volgende vind aansluiting by voorgaande voorbeeld van voorsetselstropping:

[4-20g]

ww. + vsgr.	ww. + voorwerps-NS
-------------	--------------------

<i>Die leier pleit vir</i>	<i>Die leier bepleit</i>
<i>'n beter bedeling</i>	<i>'n beter bedeling</i>

Die werkwoordprefikse ver- en be- neem in hierdie soort gevalle die volle semantiese gewig oor van vir, anders as in 'n geval soos

[4-20h]

Sy loer vir hom x Sy beloer hom


waar die sintaktiese konstruksie dieselfde is, maar waar daar 'n semantiese wysiging plaasvind; die semantiese aard van die werkwoord is dus 'n belangrike oorweging by die aanvaarbaarheid van

voorsetsel + NS > prefiks + ww.-stam + NS

Die belangrikste veranderlikes in hierdie sintaktiese wysiging wat in Afrikaans plaasvind, is die volgende:

die aard van die voorwerp
 plasing
 affek
 die aard van die werkwoord

Hiërargies sien die vir-voorkoms na gelang van die soort voorwerp soos volg daar uit:



Uiteensetting

[4-20i]

0/vir + naam

Ek sien Ans/vir Ans (voornaam)
Ek sien Sproete/vir Sproete (bynaam)
Ek sien Botha/vir Botha (van) } [+menslik]

Ek sien Wagter/vir Wagter (dierenaam)
Ek ken Parys/vir Parys goed (pleknaam) } [-menslik]

0/vir + voornaamwoord

Daar loop die vrou; ek sien haar/vir haar } [+menslik]
Daar lê die boeke; ek sien hulle/vir hulle } [-menslik]

0/vir + NS

Ek ken die bode/vir die bode goed } [+menslik]
Ek ken daardie boek/vir daardie boek } [-menslik]

In hierdie gevalle waar slegs die direkte voorwerp in 'n sin voorkom, is die gebruik van die voorsetsel redundant. In baie van die ander gevalle (indirekte voorwerp) is die aan- of afwesigheid van die vir opsioneel; in hierdie gevalle is die gebruik van die vir in kombinasie

met die volle NS in plaas van slegs 'n voornaamwoord, semanties redundant. Hierdie geval van vir-gebruik is heel moontlik 'n analogiekonstruksie.

Die posisie wat die voorwerp in die sin beklee, is 'n belangrike faktor in die aan- of afwesigheid van vir in kombinasie met die betrokke voorwerp. In die geval waar twee voorwerpe, naamlik die indirekte en die direkte voorwerp in dieselfde sin voorkom, blyk die volgende: die mees basiese indirekte voorwerp beklee plek 3 in 'n sin, en daar is geen adjunk tussen die spil en die indirekte voorwerp nie:

[4-20j]

1	2	ind. voorw. 3	adjunk	dir. voorw.
	<i>ek gee</i>	hom	<i>elke dag</i>	<i>tien sent</i>
	<i>ek gee</i>	vir hom	<i>elke dag</i>	<i>tien sent</i>
	<i>ek gee</i>		<i>elke dag</i>	<i>tien sent</i> vir hom
	<i>ek gee</i>		<i>elke dag</i>	<i>tien sent</i> hom
<i>elke dag</i>	<i>gee ek</i>	vir hom		<i>tien sent</i>
<i>elke dag</i>	<i>gee ek</i>	hom		<i>tien sent</i>

In laasgenoemde geval waar werkwoordinversie plaasgevind het, staan die indirekte voorwerp weer op plek 3: Ek gee (vir) hom waar die vnw. met of sonder vir kan voorkom.


Namate die indirekte voorwerp verder na regs van die spil skuif, in dié mate toon die indirekte voorwerp meer die kenmerke van 'n adjunk, vandaar die noodsaaklike verbinding met vir. Vergelyk:

[4-20k]

	<i>Het jy vandag</i>	vir haar	<i>gesien?</i>	↓
	<i>Het jy vandag</i>	<i>0 haar</i>	<i>gesien?</i>	x
teenoor	<i>Het jy</i>	<i>0</i>	<i>haar vandag gesien?</i>	↓
	<i>Het jy vandag</i>	vir Ans	<i>gesien?</i>	↓
	<i>Het jy vandag</i>	<i>0 Ans</i>	<i>gesien?</i>	x
teenoor	<i>Het jy</i>	<i>0</i>	<i>Ans vandag gesien?</i>	↓
	<i>Het jy vandag</i>	vir die vrou	<i>gesien?</i>	↓
	<i>Het jy vandag</i>	<i>0 die vrou</i>	<i>gesien?</i>	↓
teenoor	<i>Het jy</i>	<i>0</i>	<i>die vrou vandag gesien?</i>	↓

By voornaamwoordelike en substantiewiese voorwerpe is vir (veral) in omgangstaal fakultatief en afhanklik van affek. Die konstruksie met vir is affekties gelaai:

[4-20l]



Die toevoeging van die affekdraers vergroot die intensiteit.

Nie alleen word die voorwerp sterk benadruk deur die voorplasing van vir nie, maar affek bestryk die hele uiting. Sinne met vir by die voorwerp het groter stelligheid as dié daarsonder:

[4-21m]

	Neutraal	Affekbelaa
Name	<i>Ek hoor vir Ans praat</i> <i>Ek hoor 0 Ans praat</i>	
Vnwe.	<i>Ek kom vang jou! (kinderspel)</i>	<i>Ek kom vang vir jou!</i>
Subst. voorwerpe	<i>Ek het die skelm gevang</i>	<i>Ek het vir die skelm gevang!</i>

Die aard van die werkwoord

Vergelyk die volgende skaaluiteensetting ten opsigte van die voorkoms van vir:

<u>vir</u> -invoeging	1	ww. + NS (indir. voorw.) + NS (dir. voorw.)
	2	ww. + NS
	3	wederkerende wwe.
	4	wwe. met kenmerk sterk formaliteit en lae gebruiksfrekwensie
	5	sekere deeltjiewerkwoorde

[4-20n]

0-invoeging

<u>vir</u> -invoeging	<u>0</u> -invoeging
ww. + NS + NS <i>Gee vir my 'n boek</i>	ww. + NS + NS <i>Gee my 'n boek</i>
ww. + NS <i>Ons ken vir die mense goed</i> <i>Ons verkla vir hulle by die</i> <i>polisie</i>	ww. + NS <i>Ons ken die mense goed</i> <i>Ons verkla hulle by die</i> <i>polisie</i>
wederk. ww. + NS <i>ek skaam vir my dood</i> <i>hy was vir hom skoon</i>	wederk. ww. + NS <i>Ek skaam my dood</i> <i>Hy was hom skoon</i>

In die geval van wederkerende werkwoorde is die gebruik van vir fakultatief, maar vir die bereiking van affek is die aanwesigheid van vir nodig. Affekdraers soos byvoorbeeld intensiewe vorme, kombineer baie goed binne dié kontekste.

Let daarop dat 'ware' en 'kunsmatige' wederkerende werkwoorde onderskei kan word; die ware wederkerende werkwoorde tree soos volg op:

[4-20o]

	Ek vererg (vir) my	
teenoor	Ek vererg hom/die man	x
	Ek skaam (vir) my	
teenoor	Ek skaam hom/die man	x

In die geval van kunsmatige, wederkerende werkwoorde is 'n bepaling noodsaaklik ná die wederkerende voornaamwoord; vergelyk:

[4-20p]

Ek eet > Ek eet (vir) my dood/skuins/siek, ens.

Ek eet kos

Ek drink > Ek drink (vir) my dood/siek, ens.

Ek drink wyn

Ek gesels > Ek gesels (vir) my lam/moeg, ens.

Ek gesels graag

Ek lag > Ek lag (vir) my slap/flou, ens.

Ek lag lekker

Vergelyk ook die volgende neiging tot sintaktiese ekonomie in die aanwending van vir:

[4-20q]

Ek het vir my so vir die man vererg ↓

Ek het 0 my so vir die man vererg ↓

Ek het 0 my so 0 die man vererg x

Hierdie wederkerende werkwoord is ook 'n vastevoorsetselwerkwoord wat in 'n vaste/hegte verbinding staan met die voorsetsel vir (vererg jou vir X); daarom is die voorsetsel binne die voorsetselgroep vir die man nie weglaatbaar nie. In eersgenoemde sin speel klem ter verhoging van affek, 'n belangrike rol.

Daar is sowel 'n kategoriale werkwoordskaal (ww. + indir. voorw., wed. ww., ens.) as 'n leksikale werkwoordskaal. Op die leksikale skaal kom sekere individuele werkwoorde voor wat 'n groter geneigdheid toon om vir + voorwerp toe te laat as ander. Die lede van hierdie groep is alledaagse woorde met hoë gebruiksfrekwensie. Veral werkwoorde wat te doen het met sê/vra of gee/ontneem het hierdie neiging. Die volgende werkwoorde is maar enkele lede van die groep wat 'n besonder sterk vir-affiniteit het, maar wat ook sonder vir kan optree:

[4-20r]

aanbied, aanbeveel, beloof, bewys, bring, stuur,

skuld, kos, wys, berokken, toon, vertel, belet,

sê, bak

Enkele werkwoorde soos onder andere vergeef, ontsê en toeslinger ('n deeltjiewerkwoord) kombineer baie moeilik indien enigsins met vir. Formaliteit en lae gebruiksfrekwensie speel moontlik 'n rol in hierdie en soortgelyke gevalle. Sekere deeltjiewerkwoorde toon ook groter geneigdheid om eerder sonder vir as met vir op te tree, onder andere meedeel, beveel en toeslinger.

'n Volgende omgewing waar vir-redundansie dikwels voorkom, is as voorsetsel in 'n tydsebepaling. Hierdie soort konstruksie staan moontlik ook onder Engelse invloed; vergelyk:

[4-20s]

*Ons was **vir die naweek** weg* ↓ (Engelse invloed)
Ons was 0 die naweek weg ↓

*Hy het **vir tien jaar lank** daar gewoon* ↓ (Engelse invloed)
Hy het 0 tien jaar 0 daar gewoon ↓

Daar is 'n semantiese verskil tussen die uiting met vir en dié daarsonder. Dit is 'n kontrasstelling tussen gewone tydstelling (sonder vir) teenoor duur van die tyd (met vir).

Ten slotte kan die volgende afleidings gemaak word: Sinchronies gesproke bestaan daar 'n sterk neiging tot vir-toevoeging in sowel die skryf- as die spreektaal (maar veral in laasgenoemde geval), waar daar 'n keuse is tussen die aan- of afwesigheid van vir.

In heelwat van die gevalle kom die toevoeging van vir neer op setselredundansie; vergelyk byvoorbeeld die vir-toevoeging in die konstruksie:

ww. + 0/vir + NS (+ NS)

sien (vir) jou

waar die eerste NS 'n voornaamwoord is; vir toon 'n besondere affiniteit vir kombinasie met voornaamwoorde. Sekere faktore, onder andere formaliteit, gebruiksfrekwensie en affek beïnvloed die keuse of aanvaarbaarheid van of die af- of aanwesigheid van vir.

Opsommend

Semantiese herhaling van vir kom algemeen in bepaalde konstruksies in Afrikaans voor. Redundante semantiese herhaling word onder andere veroorsaak deur kontaminasie (vir interessantheidshalwe). Die aard van die werkwoord bepaal die gebruik al dan nie van vir (pleit vir x bepleit, sorg vir x versorg, loer vir x beloer) hoewel hierdie wysiging ook semantiese wysiging teweeg bring. Die gebruik van vir vergroot die affek; dít vergroot weer die intensiteit van die uiting (Gedra vir jou!).

(3) WAT + SETSELREDUNDANSIE

Die betreklike voornaamwoord wat kan vir sowel [+menslik] as [-menslik] voorwerpe gebruik word, byvoorbeeld:

[4-21a]

Die man wat daar loop, is my vriend ↓
Die man wie daar loop, is my vriend x
Die kas wat daar staan, is vol porselein ↓


As lid van 'n voorsetselgroep en as genitiëfsvorm verwys wie na [+menslik]; hierteenoor verwys wat (met die vorm waar) in verbinding met setsels na [-menslik] en vorm 'n agtersetselgroep (dit wil sê die setsel kom agter waar-); vergelyk:

[4-21b]

Die man met wie ek praat, is my neef.

Maar die voorsetsel en die voornaamwoord kan ook geskei word en dit kan soos volg in spreektaal gebruik word:

Die man wat ek mee praat, is my neef.
Die mes wat ek mee sny, is baie skerp.



In die spreektaal is dit moontlik en redelik algemeen gebruiklik om wat + setsel vir sowel [+menslik] as [-menslik] te gebruik, maar wie net vir [+menslik]. Die volgende is 'n uiteensetting van waar-gebruiksvorms:

<u>wat</u> + setsel	niemenslik	menslik
<i>wat + aan</i>	<i>waaraan</i>	<i>aan wie</i>
<i>wat + met</i>	<i>waarmee</i>	<i>met wie</i>
<i>wat + teen</i>	<i>waarteen</i>	<i>teen wie</i>

Dieselfde patroon word gevolg waar wat verbind met 'n setsel > waar + setsel. Die setsel met is die enigste een wat in kombinasie met die betreklike voornaamwoord van vorm verander: met > mee; dit is hierdie mee-vorm wat voortgedra word in heelparty soorte konstruksies.

Dit gebeur baie in die spreektaal dat daar 'n herhaling voorkom van die betrokke setsel wat met die betreklike vnw. wat verbind; hierdie setselherhaling kom voor in gevalle waar die sinslengte toeneem en waar daar neweskikkende sinstukke of bysinne optree. Vergelyk:

[4-21c]

Volvorm:

*Dit is die besem **waarmee** ek vee en **waarmee** ek die stoep skoonmaak.*

Tussenvorm:

*Dit is die besem **waarmee** ek vee 0 en 0 die stoep mee skoonmaak.*

Volle skrapping:

*Dit is die besem **waarmee** ek vee 0 en 0 die stoep skoonmaak.*

Ter wille van ekonomie en die feit dat die NS reeds geïdentifiseer is deur die volvorm waarmee word slegs die setsel verder in die sin herhaal. Dit is 'n voorbeeld van vnw.-skrapping maar met die behoud van die setsel. Met verlies van die vnw. tree die setsel op na die direkte onderwerps-NS.


In die laaste voorbeeldsin het algehele skrapping van die betreklike vnw. plaasgevind.

Die voorbeelde met die konstruksie:

betr. vnw. NS + betr. vnw.-setsel

.... **waarmee** die voorstoep mee

kom baie voor in spreektaal. Hierdie soort gevalle van sogenaamde setselredundansie is die tussenstap op die graadskaal:



Die vorm waarmee + mee is een van die [-menslik]-konstruksies van die betreklike voornaamwoord wat hierdie setselherhaling toelaat. Vergelyk die volgende:

[4-21d]

*Dit is die skoene **waaraan** die modder klou en die sand **aan** vassit.*

*Die stoel **waarop** die kussing en die boeke **op** lê, is oud.*

Hierteenoor kan daar nie setselredundansie van 'n identieke stuk voorkom in die volgende voorbeeld nie:

[4-21e]

*Hierdie vakansie **waarvan** ek droom en **na** uitsien,
word binnekort 'n werklikheid.*

Die twee betreklikevoornaamwoord-vorms het twee verskillende setsels binne die onderskeie vastevoorsetselgroep-verbindings:

*Die vakansie **waarvan** ek droom < droom van X*
*Die vakansie **waarna** ek uitsien < uitsien na X*

Hieruit blyk dat die identiekesetsel-herhalings baie opvallend is omdat hulle fonologies ooreenstem. Dit is egter nie al die moontlike [-menslik]-konstruksies, betr. vnw., wat die geneigdheid tot setselherhaling toon nie. Vergelyk:

[4-21f]

*Daardie besending is die medisyne **waarsonder** ons nie
kan klaarkom nie en die verbande **sonder** die gewondes
nie verpleeg kan word nie.*

teenoor

*Daardie besending is die medisyne **waarsonder** ons nie
kan klaarkom nie en die verbande **waarsonder** die gewondes
nie verpleeg kan word nie.*

Die tussenstap waarsonder sonder en totale skrapping vind nie plaas nie; slegs die volvorm is korrek.

Die betreklike voornaamwoord wat kan vir sowel [+menslik]- as [-menslik]-voorwerpe gebruik word. Die groep met + wie gaan oor tot wat + mee; hierdie neiging geld ook wat + ander setsels. Wat-redundansie kom voor waar waarmee in die neweskikkende sin of bysin herhaal word.

4.2.2.5 BEPALINGS

Die SH-konstruksies wat hieronder ressorteer, is bepalinge van tyd en afstand. Vormlik en semanties kom hierdie soort SH-bepalinge ooreen met duplikasie. Die herhaling van vormlik identieke elemente kom veral as duplikasie, maar ook as triplikasie voor. Tyds- en afstandsbepaling is ter sprake. Vergelyk:

[4-22a]

<i>jaar na jaar</i>	}	[+tyd]
<i>jaar vir jaar</i>		
<i>jaar in en jaar uit</i>		
<i>jare der jare</i>		

voetjie vir voetjie [+afstand]

Tyds- en afstandsbepalings is ter sprake. Die verbindingsetsel se semantiese funksie is dié van serie- of tydsbewerker. Die verskillende setsels veroorsaak uiteraard 'n betekenisverskil (soms wel heel klein) wanneer hulle in kombinasie met die onderskeie stamduplikasies gebruik word:

dag na dag
teenoor *dag vir dag*

Die setsels wat binne hierdie konstruksies gebruik word, is vir, na en op soos onder meer in die volgende voorbeelde:

jaar vir jaar: "elke jaar"
jaar op jaar: }
jaar na jaar: } "een jaar, dan 'n volgende jaar, dan 'n volgende jaar"

'n Paar van die SH-konstruksies wat ook aan hierdie struktuur voldoen, is egter idiomatiese uitdrukkings⁹; vergelyk:

[4-22b]

hou vir hou: "elke keer" (HAT)
keer op keer: "elke keer" (HAT)
hand oor hand: "baie vinnig" (HAT)

Wat grammatiese vorm betref, lyk hierdie SH-konstruksies soos duplikasievorms of idiomatiese woordpare en hul bindpartikels.

Hierdie SH-konstruksies is bepaling van tyd of afstand. In die meerderheid gevalle word die bepaling letterlik geïnterpreteer, maar 'n paar van hierdie konstruksies is idiomaties van aard met 'n eenheidsbetekenis, byvoorbeeld:

jaar vir/na jaar: letterlik
teenoor *jare der jare* (gelede): figuurlik

Ten opsigte van konstruksies soos dag vir dag is die semantiese herhaling dié van [+serie], en die konstruksie val in dieselfde mini-sintagma as die ander tydsbepalings:


[4-22c]

uur vir uur (uurliks)
dag vir dag (daagliks)
week vir week (weekliks)
maand vir maand (maandeliks)
jaar vir jaar (jaarliks)

Die bepalingskonstruksie word omstel tot woordvlak met gebruik van die tydsnaamwoord +

⁹ Vergelyk ook die idiomatiese uitdrukking *skouer aan skouer* wat letterlik dui op [+serie], maar waar die ordening/serie eerder indien wel dan te doen sou hê met opeenvolging in afstand in plaas van tyd.

suffiks -liks wat spesifiek ten opsigte van tydsaanduiding funksioneer. Die volgende uitbreiding kan ook plaasvind:



uur vir uur vir uur

Die konstruksie wat sowel 'n voor- as 'n agtersetsel bevat wat 'n bepaalde tydperk, naamlik [+durend] afbaken, kom ook voor; vergelyk:

[4-22d]

dag in en dag uit
week in en week uit
jaar in en jaar uit
 teenoor **uur in en uur uit*

Daar is enkele ooreenstemmende konstruksies waar 'n bepaalde diachroniese setselement optree,

eeue der eeue gelede: "baie eeue gelede"
jare der jare lank: "baie jare lank"

In hierdie soort gevalle word intensivering bereik deur semanties vormlike herhaling.

In aansluiting by bogaande voorbeelde is die volgende:

[4-22e]



waar die setsel op gebruik word; op kan ook vervang word deur na aangesien die betekenis hier nie verskil nie. Dit is weer eens interessant om daarop te let dat die herhalingskonstruksie gewoonlik selfbeperkend is tot triplikasie, soos in die onderhawige geval. Duplikasie is die norm, terwyl triplikasie oor die algemeen die perk is. Die volgende opeenvolging is baie onwaarskynlik:



tensy hierdie rits verdeel word in twee duplikatiewe groepe:

[krisis op krisis,][krisis op krisis]

wat dan neerkom op sowel interne as eksterne herhaling.

Bogenoemde gevalle handel oor progressie in 'n tydserie. In die volgende gevalle is daar van semantiese progressie sprake hoewel die [+serie] gekoppel word aan afstand en wel kort

[4-22f]

<i>voetjie</i>	<i>vir</i>	<i>voetjie</i>	*voetliks
<i>tree</i>	<i>vir</i>	<i>tree</i>	*treeliks
<i>duim</i>	<i>vir</i>	<i>duim</i>	*duimliks

Die suffiks *-liks* verbind nie met 'n stam wat verwys na [+afstand] nie, en hierdie SH-konstruksies lê almal op die idiomatiese vlak:

voetjie vir voetjie: "stadig voortbeweeg"
tree vir tree: "kort afstand beweeg/versigtig vorentoe beweeg"
duim vir duim: "met 'n klein afstand vorentoe beweeg/vorder"

Die semantiese herhaling waarvan in hierdie en soortgelyke gevalle sprake is, verskil van die identiekstuk-herhaling wat kenmerkend is van duplikasie omdat hierdie identieke elemente geskei word deur 'n setsel. Die inherente semantiese kenmerk van hierdie setsels is "opeenvolging in tyd of afstand".

Baie van hierdie gevalle van SH-identiekpare is idiomaties vasgelê, en kombineer slegs met een bepaalde setsel; kombinasie met enige ander setsel lei tot 'n onidiomatiese konstruksie.

In Makkai (1972: 314) word uitdrukkings soos *time and again* gekategoriseer as "irreversible binomial idioms". In Afrikaans kom semanties vormlik identieke elemente soos *weer en weer* voor in plaas van slegs semanties identieke elemente soos *time and again*.

Opsommend

Herhaling van semanties vormlik identieke s.nwe. kom voor binne bepalings van tyd en afstand. Die betekenisrelasie tussen die identieke lede van die bepaling is soos dié van duplikasievorme wat in die gevalle op sinsvlak optree. Die bepalings word in die meeste gevalle letterlik geïnterpreteer, hoewel daar 'n aantal sodanige konstruksies voorkom wat figuurlik optree en waarvan die geheelbetekenis sinvol is.

4.2.3 ONTKENNING¹⁰

Reeds in kindertaal kom semantiese redundansie van ontkenningselemente voor; vergelyk:

[4-23a]

Pappa kan nie nooit nie op Boetie se bed slaap nie!
 (2 1/2-jarige)

wat vir die kindjie beteken:

¹⁰ Sien Waher (1978) in hierdie verband.

Pappa kan/mag nooit op Boetie se bed slaap nie.

Uit die onderhawige navorsing wat gedoen is, blyk dit dat semantiese herhaling van ontkenningselemente dikwels en onder bepaalde omstandighede voorkom:

- (1) in kombinasie met sekere werkwoorde waar daardie werkwoorde die gemeenskaplike inherente semantiese kenmerk: [+keer] het;
- (2) in kombinasie met sekere tydsbepalingselemente as voegwoorde;
- (3) in kombinasie met sekere voorwaarde-voegwoorde;
- (4) in kombinasie met sekere betreklike elemente;
- (5) in gevalle waar die ontkenning 'n bepaalde sinstuk betrek maar wat veral weens sinslengte lei tot 'n opeenstapeling van sodanige ontkenningselemente, en
- (6) ter wille van intensivering en klem.

Die onderskeie afdelings word vervolgens bespreek aan die hand van voorbeelde.

1. Die algemene fout wat begaan word en waarby ontkenningsredundansie betrokke is, het te doen met daardie werkwoorde wat die inherente semantiese kenmerk [+keer] besit. Die stellings wat binne sodanige werkwoordkonstruksie gemaak word, moet semanties ooreenstem met die voorwaardebeperking wat deur die werkwoord neergelê word. Die volgende werkwoorde is onder meer betrokke:

[4-23b]

[+keer]

<i>verhoed</i>	<i>afraai</i>
<i>belet</i>	<i>verbied</i>
<i>belemmer</i>	<i>voorkom</i>
<i>keer</i>	<i>vermy</i>
<i>verhinder</i>	<i>stop</i>
<i>voorkeer</i>	<i>weer</i>
<i>pasop/oppas</i>	<i>ophou</i>
<i>teenhou</i>	

Vergelyk in hierdie opsig die volgende voorbeelde:

[4-23c]

Die onderwysers is afgeraai om nie te staak nie x

teenoor

Die onderwysers is afgeraai om te staak

[4-23d]

Die groep mense het verhoed dat dit nie weer gebeur nie x

teenoor

Die groep mense het verhoed dat dit weer gebeur

[4-23e]

*Die poskantoor probeer voorkom/vermy dat posstukke
nie wegraak nie x*

teenoor

Die poskantoor probeer voorkom/vermy dat posstukke wegraak

2. Semantiese redundansie van ontkenningselemente kom ook voor wanneer hierdie ontkenningselemente saam met bepaalde tydsbepalingsvoegwoorde gebruik word, onder andere met voor, voordat en alvorens. Vergelyk die volgende:

[4-23f]

Sy wou nie instem voordat sake nie reg was nie

teenoor

Sy wou nie instem voordat sake reg was nie

Stelling 1

Stelling 2

< sy wou nie instem nie + voordat sake is reg

[4-23g]

Voor dit nie gebeur nie sal hy nie beskikbaar wees nie

teenoor die omstellingsvariant:

Hy sal nie beskikbaar wees voor dit gebeur nie

Stelling 1

Stelling 2

< hy sal nie beskikbaar wees nie + voor dit gebeur

[4-23h]

*Die werkers kry geen geld (nie) alvorens hulle nie die
agterstallige werk ingehaal het nie*

teenoor

*Die werkers kry geen geld nie alvorens hulle die
agterstallige werk ingehaal het*

Stelling 1

< die werkers kry geen geld nie + alvorens (= voor/voordat)

Stelling 2

hulle haal die agterstallige werk in

In al hierdie gevalle lei die ontkenningselemente van sowel stelling 1 as stelling 2 tot semantiese redundansie. Die twee ontkenningselemente wat voldoende is in sodanige konstruksies kan op enige van twee plekke optree:

(1) In die hoofsin (as stelling 1) staan die eerste nie direk voor die hoofwerkwoord (in die geval van die ontkenning van die WS) of direk voor die naamwoord (in die geval van die ontkenning van die direkte voorwerp- NS); in die hoofsin staan die tweede nie direk voor die voegwoord.

(2) In die tweede geval word die eerste ontkenningselement op sy plek behou binne stelling 1, terwyl die tweede nie heel aan die einde van die bysin, stelling 2, voorkom.

3. Met die gebruik van die twee voegwoorde mits en tensy kan ontkenningselement-redundansie lei tot presies die teenoorgestelde stelling as wat bedoel word. Vergelyk die volgende:

Die korrekte bewering is:

[4-23i]

Murgbene is al soort bene wat geskik is vir 'n hond om te eet

In die sin met die voegwoord tensy gebeur die volgende:

Moenie u hond bene gee nie, tensy dit murgbene is nie x
teenoor

Moenie u hond bene gee nie, tensy dit murgbene is
< *moenie u hond bene gee nie + (tensy) dit is murgbene*

In die sin met die voegwoord mits gebeur die volgende:

Moenie u hond bene gee nie, mits dit nie murgbene is nie x

In hierdie geval moet albei die stellings ontken word; mits dra die betekenis van "(net) indien/as". In hierdie geval kan al die ontkenningselemente egter geskrap word en die stellings (wat sinonimies is aan die voorgaande voorbeeld) word soos volg gekonstrueer:

Stelling 1

Gee u hond bene mits

Stelling 2

dit murgbene is

In die volgende gevalle is die ontkenningselemente redundant waar hulle in dieselfde sin optree as daarteen. Vergelyk:

Die korrekte bewering is

[4-23j]

Die aanbeveling word nie aanvaar nie

Hulle het eenparig daarteen besluit om die aanbeveling
nie te aanvaar nie x

teenoor

Hulle het eenparig daarteen besluit om die aanbeveling te aanvaar
< *Hulle het eenparig besluit so (teen Y) + Z = om die*
aanbeveling te aanvaar

Indien daarvoor (die teenoorgestelde van daarteen) gebruik word in plaas van daarteen, geld presies daardie stelling wat as korrekte bewering gegee is.

Die setsel sonder tree ook volgens bepaalde reëls op. Vergelyk die volgende foutkonstruksie:

[4-23k]

*Hoe eentonig en leeg sou 'n mens se lewe nie gewees
het sonder boeke nie x*

teenoor

*Hoe eentonig en leeg sou 'n mens se lewe gewees het
sonder boeke*

5. Nog 'n omgewing waarin redundansie van ontkenningselemente voorkom, is wanneer die sinslengte sodanig toeneem dat daar 'n behoefte bestaan aan die herhalende plasing van die tweede nie:

[4-23l]

*Wat sou ek tog **nie** doen **nie** om so 'n mooi stem en 'n vry
lewe soos die troebadoer te hê **nie**? (De Wilzem, 1982)*

Dit is 'n gedwonge plasing: nie + hoofwerkwoord + nie in plaas daarvan dat die tweede nie uitgeskuif word na die sinseinde. Indien laasgenoemde plasing wel aanvaar word, moet die derde nie (daardie een aan die sinseinde) geskrap word.

Dieselfde verskynsel kom voor in die volgende voorbeeld:

[4-23M]

*Mense kom van heinde en verre net om daarna te kyk,
en meneer Skimmelsteen hoef **nie** meer rond te skuifel
en te kreun en te steun **nie** en spook te speel **nie**.
(Biro: 1980)*

Vergelyk die sinslengte asook die baie neweskikkingskonstruksies van voorgaande voorbeeld. Die feit dat die laaste konstruksie verskil van die voriges omdat dit 'n NS bevat, regverdig nie die gebruik van die ekstra nie nie: die hele sinstuk hoort tot die WS.

Ter wille van semantiese beklemtoning of intensivering word twee elemente wat op ontkenning neerkom, in dieselfde konstruksie gebruik:

[4-23n]

Vraag:

Het u dit bruikbaar gevind vir u huidige beroep?

Antwoord:

Totaal glad nie

waar

totaal glad nie

'n kontaminasie is van totaal en al nie + glad nie ter wille van intensivering.

4.2.4 CLAUSE A = CLAUSE B

Semantiese herhaling betrek nie net twee of meer woorddele of woorde wat semanties

oorvleuel nie, maar ook hele sinne. Soos wat dit blyk uit die voorbeelde gee die bestaande leksikale patroon aanleiding daartoe dat die spreker die logiese patroon gebruik as analogiemodel vir die formulering van die onlogiese.

Daar is veral twee soorte konstruksies wat hier van belang is, naamlik neweskikkende sinne en bysinne. In die geval van semantiese herhaling op woord- en sinstukvlak gaan dit oor die verband tussen A en B binne 'n clause; hier gaan dit oor die verband tussen A as die een clause en B as die ander clause:

CLAUSE CLAUSE + CLAUSE
(A + B) teenoor (A) + (B)

Gegee 'n sin bestaan uit A en B, bevat A die inligting wat in B herhaal word; B bevat dus die SH-elemente.

Vergelyk die volgende sinne:

[4-24a]

OORSAAK	>	GEVOLG
Eers A		dan B
<i>Oom Jan het verongeluk</i> <i>Moenie die bord breek nie,</i> <i>Ek het nog nie die appel</i> <i>stukkend gesny nie;</i>		<i>en nou is hy dood.</i> <i>dan is hy stukkend.</i> <i>hy is nog heel.</i>

Hiervan word die eerste voorbeeld as [4-24b] vervolgens bespreek: Die stel van A as enkeluiting kan 'n hele klomp uitings tot gevolg hê wat as B kan optree:

[4-24b]

A	B
<i>Oom Jan het verongeluk</i>	<i>en nou word sy erfporsie verdeel/</i> <i>en nou word hy begrawe/</i> <i>en sy motor is 'n wrak, ens.</i>

Hierteenoor loop die stel van B in samehang met A soos gestel in

[4-24c]

Ek het nog nie die appel stukkend gesny nie (= heel); daarom is hy nog heel

uit op 'n oorvleueling van logiese feite en van elemente wat semanties herhalend is. In hoofstuk 1 voorbeeld [1-5] is 'n soortgelyke saamgestelde sin soos [4-24c] geneem en gewys op (1) die eensydige implikasie wat bestaan tussen die werkwoord A verongeluk/verdrink, ens. en B dood, en (2) die stel van dood wat nie noodwendig 'n bepaalde werkwoord

selekteer nie:

verdrink $\supset$ *dood*
 maar *dood* $\supset$ *óf verdrink, óf verongeluk, óf vermoor*, ens.

Een rede wat aangevoer is vir die aanwending van hierdie soort konstruksie is die beklemtoning van **oorsaak** x **gevolg**, waar oorsaak en gevolg 'n identieke afloop het. In die betekenisfasette van die werkwoord verongeluk nagegaan word, blyk die volgende:

verongeluk: "(1)(a) in 'n ongeluk omkom ([+dood])
 (b) in 'n ongeluk ernstig beskadig raak ([-dood])
 (2) (nie alg.) seerkry in 'n ongeluk" (HAT)

Daar het veral gedurende die afgelope dekade 'n semantiese verskuiwing plaasgevind ten opsigte van die gebruik van verongeluk, aangesien verongeluk vir sekere sprekers net beteken "omkom", maar vir ander sprekers sowel "omkom" as "ernstig seerkry".

Ten einde betekenisverwarring te voorkom, word semantiese herhaling toegepas met die stel van sowel verongeluk as dood. Hierdie konstruksie dien moontlik as analogie; dit lei egter tot redundante SH-konstruksies wanneer toegepas op clause waar die semantiese kenmerke van die werkwoord 'n beperking plaas op 'n soortgelyke konstruksie:

verongeluk $\begin{cases} \text{omkom} & = \text{dood} \\ \text{seerkry} & \neq \text{dood} \end{cases}$

daarom moet seerkry $\neq$ dood volgens sekere sprekers eksplisiet gestel word. Vergelyk hierteenoor:

verdrink: "omkom in water ($\supset$ dood)
versmoor: "doodmaak/doodgaan deur te smoor ($\supset$ dood)
vermoor: "doodmaak" ($\supset$ dood)
verwurg: "doodmaak" ($\supset$ dood)

Vergelyk ook die volgende soortgelyke sin:

[4-24d]

Nee, hy leef nie meer nie; hy is dood.

waar nie leef nie $\supset$ dood. Semantiese herhaling ([nie + positief + nie] $>$ [negatief] is aanvaarbaar indien beklemtoning geld. Die volgende twee voorbeelde sluit aan by voorgaande soort ontkenningskonstruksie:

[4-24e]

*Ek het nog nie die appel stukkend gesny nie;
 daarom is hy nog heel.*

[4-24f]

Nee, hy leef nie meer nie; hy is dood.

In hierdie en soortgelyke gevalle word semanties redundante inligting voorsien in B. In [4-24e] word twee antonieme teenoor mekaar gestel; een antoniem kombineer met die ontkenningspartikels en is dus sinoniem aan die "antoniem": nie stukkend $\supset$ *heel*. In 'n die ander voorbeeld

Moenie die bord breek nie, dan is dit stukkend

geld dieselfde waar (ge)breek $\supset$ stukkend en stukkend $\supset$ (ge)breek. Die semantiese implikasie wat teweeg gebring word, lei tot die semantiese herhaling van sinonieme:

(A/B	=	B/A)
<i>stukkend</i>	=	<i>gebreek</i>
<i>nie stukkend nie</i>	=	<i>heel</i>
<i>nie leef nie</i>	=	<i>dood</i>

waar A/B telkens semantiese gelyk is aan B/A.

Die volgende idiomatiese uitdrukkings met identiekelementherhaling kan sintakties ook op clause-vlak uiteengesit word:

'n Oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand
 ("Oog om oog; tand om tand")

geparafraseer tot:

	Jy neem my oog
DAN	ek neem jou oog
	Jy neem my tand
DAN	ek neem jou tand.

4.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die groot hoeveelheid gevalle van semantiese herhaling wat voorkom op stuk- en sinsvlak. In 'n semantiese ontleding van die voorbeeldmateriaal is die reeds geïdentifiseerde SH-nosies (betekenisverwantskap en -oorvleueling gemanifesteer onder andere as sinonimie, hiponimie en polisemie) getoets.

Ten einde die massa inligting sinvol te sistematiseer, is die betrokke sintaktiese kategorieë geneem as riglyn. Ten opsigte van sintaktiese stukke is die volgende belangrike aspekte: (1) Die relevante konstruksietipe hoort tot 'n duidelike sinstuktype. (2) Die semantiek van elke stuk word bepaal deur sowel die sintaksis as die semantiek daarvan (en dan ook die groter konteks van die sin en teks waarvan dit deel is). (3) Woordorde, sintaktiese kategorie van lede en hiërargiese struktuur karakteriseer sinstukke as stukke van 'n bepaalde

grotere konteks van die sin en teks waarvan dit deel is). (3) Woordorde, sintaktiese kategorie van lede en hiërargiese struktuur karakteriseer sinstukke as stukke van 'n bepaalde tipe (bv. NS + subtypes, AS en WS).

SH-konstruksies wat op sinsvlak voorkom, toon juis 'n ooraanbod van dieselfde semantiese inligting tussen naasmekaarliggende konstituente in 'n sinstuk. Daar is probeer bepaal in watter mate die semantiese herhaling van inligting redundant of akkommodeerbaar is binne 'n bepaalde konteks. Semantiese herhaling binne die NS is eerstens ondersoek. Semantiese herhaling kom voor tussen adjektief en adjektief, adjektief en s.nw., NS1 en NS2, s.nw. en sy betreklike konstruksie en konjunksies. Die tweede groot afdeling handel oor semantiese herhaling binne die WS wat voor kom tussen die s.nw. in NS1 en die hoofwerkwoord in die WS, tussen lede van woordpare (idiomaties en nie-idiomatiese), kopulakonstruksies, setselgroepe (in die lokatief-, vir- en wat-konstruksie). Die rol van semantiese herhaling in bepalings van tyd en afstand, in ontkenningssinne, asook tussen clause A en B, is ondersoek.

Terwyl die toutologie (as tradisionele taalverskynsel) in die vorige hoofstuk beskryf is, staan die **pleonasme** (as tradisionele taalverskynsel) op die voorgrond in hierdie hoofstuk. Die semantiese relasies wat binne hierdie SH-konstruksies geld, word in baie gevalle gevorm deur kontaminasie. **Kontaminasie** tree byvoorbeeld nie op in konstruksies soos adj. + adj. of adj. + s.nw. nie, maar wel oor sintaktiese stukgrense heen:

- Hy het sy betoog *ten slotte afgesluit*
 < Hy het sy betoog *afgesluit* + hy het *ten slotte* gesê dat

- Die *gebeurtenis gebeur*
 < Die *gebeurtenis* vind plaas + iets *gebeur*

Sinne soos Die gebeurtenis gebeur is, soos die ander gevalle van semantiese herhaling, volkome grammatikaal; 'n stilistiese reël ten opsigte van fonologiese redundansie (wat nie duplikasie ter wille van intensivering is nie) dien hier as basis vir die oordeel dat die betrokke sinne vreemd of minder aanvaarbaar is. Klanklike herhaling wat die gevolg is van kontaminasie, ondervind oor die algemeen gebruikersweerstand.

Op stuk- en sinsvlak vind daar in talle gevalle kontaminasie plaas tussen semanties isoleerbare sinchroniese elemente. Hierdie soort kontaminasies kom aanvanklik as semanties redundant voor. Wanneer 'n betekenisanalise gedoen word, blyk dit dat die spreker met behulp van die kontaminasie van sinonieme elemente bepaalde, **vir hom belangrike inligting** beklemtoon.

Sekere seleksiebeperkings wat element A en B binne die onderskeie SH-konstruksies mekaar oplê, is ondersoek. Die polisemiese geskakeerdheid van die kernelement A word afgestem deur die semantiese inhoud van element B, wat op sy beurt die verskeidenheid betekenisfasette van A reduceer tot 'n bepaalde betekenisaspek. Indien die s.nw. kohort alleen gebruik word, word daar na die bekender algemene betekenis "troepemag": [-getalsnorm] verwys. As die adjektief Romeinse gebruik word saam met kohort reduceer die adjektief die polisemiese variante van kohort tot "500 soldate": [+getalsnorm].

Die semantiese relasies wat bestaan tussen SH-elemente, word ondersoek. Die struktuur

$(A + B)/(B + A)$ geld in gevalle waar gedeeltelike betekenisoreenkoms tussen twee elemente bestaan (hierdie soort semantiese relasie kom die meeste voor op stuk- en sinsvlak). Die bepaler-kernverhouding geld in sodanige gevalle. Redundante en nieredundante SH-konstruksies word onderskei. In sinstukke soos swanger, swanger vrou en swanger, verwagtende vrou is een van die semanties identieke adjektiewe redundant. In sinstukke onnosel, onnosel bobbejaan en onnosel, stupid bobbejaan is die semantiese identieke adjektiewe nieredundant en die semantiese herhaling bewerk intensivering.

Die rol wat vaagheid speel in die toepassing van A voed die neiging om 'n B-element (wat presiserend en semanties herhalend is) in te voer. Hoe vaer die betekenisinhoud en -toepassing van A is, hoe meer motivering is daar vir semantiese herhaling deur 'n bepaler wat met A kan oorvleuel, maar wat dit tog "presiseer".